# 'N PRAKTIES-TEOLOGIESE ONDERSOEK VAN DIE *"MEKAAR"* - OPDRAGTE IN DIE *CORPUS PAULINUM* MET DIE OOG OP KERKLIKE GELOOFSGEMEENSKAP

Pieter Hendrik Heystek
B.A., Th.M.

Proefskrif voorgelê ter voldoening aan die vereistes vir die graad **Theologiae Doctor** in die **Fakulteit Teologie** van die **Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys**

Promotor: Prof. dr. G.A. Lotter

Potchefstroom
2000

DEELNAME IN DIE KERK
VERMAG SOVEEL DAT DIT
ONS IN DIE GEMEENSKAP
MET GOD HOU. JUIS IN DIE
WOORD ***GEMEENSKAP*** IS DAAR
DIE GROOTSTE VERTROOSTING
OMDAT, TERWYL DIT VAS EN
SEKER IS DAT ALLES WAT DIE
HERE DIEGENE WAT AAN HOM
EN AAN ONS BEHOORT,
SKENK, ONS OOK TOEKOM,
ONS VERWAGTING DEUR AL
HULLE SEëNINGE VERSTERK
WORD . . . . . . . . .

(Calvyn, J. 1559/1992:1270).

OPGEDRA AAN MY EN MONA SE

DRIE DOGTERS:

**ANJA** - ons eersteling

**ADRI** - ons middelkind

**ANDRIËTTE** - ons laatlamkind

# VOORWOORD

My opregte dank aan:

- ❖ My promotor, prof. G.A. Lotter: ek waardeer u geïnspireerde leiding én die besondere wyse waarop u tot my akademiese vorming bygedra het.
- ❖ Personeel van die volgende biblioteke vir u professionele diens en hulpvaardigheid
  - Ferdinand Postma - en die Teologiese Biblioteek van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.
  - Merensky Biblioteek: Universiteit van Pretoria.
  - Theological Seminary Library: Grace Community Church, te Sun Valley, Los Angeles.
  - The Masters College Library: Santa Clarita, California.
  - Universiteit van Suid-Afrika.
- ❖ Irma Grundling, vir die dataverwerking.
- ❖ Truidie De Klerk en Janet Jorna, vir vertaalwerk.
- ❖ Mariki Oosthuizen en haar man Gert, vir die tikwerk en tegniese versorging. Besondere waardering vir laatnagte se harde werk en vriendelikheid.
- ❖ Wynand Steyn, die skriba van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Montanapoort, vir baie moeite en beplanning ten opsigte van 'n geslaagde studiereis wat ek na die V.S.A. kon onderneem.
- ❖ Die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Pretoria-Montanapoort, vir studieverlof toegestaan én vir aanmoediging om die studie te voltooi.

- Broers, susters en kinders van die gemeente Pretoria-Montanapoort, vir voorbidding, belangstelling en begrip.
- My broer Fanus en suster Rolien, vir belangstelling.
- Mona, my lewensmaat wat nooit in my getwyfel het en my voortdurend aangespoor het om die studie te voltooi.
- Marcel Vierbergen, vir hulp met studiemateriaal wat van onskatbare waarde was.
- Koos Engelbrecht, Michiel Heystek, Johan Nieman, Jopie van der Walt, Jaap en Pikkie van der Merwe, vir belangstelling, ondersteuning en voorbidding.
- National Research Foundation vir finansiële ondersteuning.
- Die volgende vakkundiges met wie ek insiggewende onderhoude kon voer:
    - Dr. Gilbert Bilezikian: Willow Creek Community Church, Chicago.
    - Dr. Willem de Klerk: honorêre professor aan RAU, en ook byna voltyds besig met politieke konsultasie en psigoterapie.
    - Prof. Andries Kruger: emeritus professor, Hammanskraal se Teologiese Skool én 'n persoonlike vriend in die Here.
    - Prof. Wayne Mack: professor of Biblical counseling, The Masters College, te Santa Clarita, California.
- My ouers, Joost en Johanna Heystek, wat op meer as een wyse daarvoor verantwoordelik was dat ek die studie kon voltooi. Dié twee mense het my deur hulle voorbeeld geleer én oortuig dat dit genadevreugde is om die lewende God, die Vader van Jesus Christus, te dien.
- My skoonouers, Dick en Anna Griessel, vir belangstelling en aanmoediging.

❖ Ons drie dogters Anja, Adri en Andriëtte, omdat Pappa deur julle lewe die rykdom van God se liefde leer ken het. Ek dra die proefskrif graag aan hulle op.

Ek buig aan die voete van my Skepper om Hom te prys, omdat die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* die boodskap van verlossing en liefde op 'n eenvoudige en verstaanbare wyse verkondig.

Mag die eer van die Koning van die Kerk, Jesus Christus, deur hierdie studie gedien word.

**P.H. HEYSTEK**

November 2000

# INHOUDSOPGAWE

Bladsy

## HOOFSTUK 1 - INLEIDING


1.1 INLEIDING 1

1.2 VERTREKPUNT: PRAKTIESE TEOLOGIE AS STUDIEVELD VAN DIE TEOLOGIE 1

1.2.1 Die situasie van Praktiese Teologie as studieveld ...... 1
1.2.2 Praktiese Teologie: 'n Definisie .................... 6
1.2.3 Die prakties-teologiese model van Zerfass ........... 10

1.3 PROBLEEMSTELLING 16

1.3.1 Stand van navorsing ............................. 17

1.3.1.1 Beskikbare Pastorale Literatuur .................... 18
1.3.1.2 Proefskrifte, Verhandelinge en Skripsies ............ 18
1.3.1.3 Tydskrifartikels ............................... 19

1.4 DOELSTELLING 19

1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT 20

1.6 METODE 20

1.7 TEGNIESE ASPEKTE 22

Bladsy

1.8 HOOFSTUKINDELING 23

## HOOFSTUK 2 - BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE

2.1 INLEIDING 24

2.2 DOELSTELLING 25

2.3 DEFINISIE VAN SLEUTELTERME IN DIE STUDIE GEBRUIK 26

2.3.1 Semantiese betekenis van "αλληλων" . . . . . . . . . . . . . . . 26
2.3.2 Semantiese betekenis van "κοινωνια" . . . . . . . . . . . . . . . 28

2.4 'N PRAKTIES TEOLOGIESE BASISTEORIE VAN DIE GEMEENTE (KERK) 34

2.4.1 Probleemstelling . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 34
2.4.2 Die Kerk: Skepping van God . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 36

2.4.2.1 Die "geheim" van die kerk (gemeente) . . . . . . . . . . . . . . 36
2.4.2.2 Die "werklikheid" van die kerk (gemeente) . . . . . . . . . . . 39

2.5 METAFORE (BEELDE) VIR DIE GEMEENTE 42

2.5.1 Die aard van metafore . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 42

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 2.5.1.1 | Wat is 'n metafoor? | 42 |
| 2.5.2 | Die kerk (gemeente) as liggaam van Christus | 46 |
| 2.6 | DIE PRAKTYK VAN DIE BYBELSE EKKLESIA-MODEL | 52 |
| 2.7 | *"MEKAAR"* IN DIE *CORPUS PAULINUM* | 68 |
| 2.7.1 | Afbakening | 68 |
| 2.7.2 | Handelinge 1:8 binne die gedeelte Hand. 1:1-8 | 69 |
| 2.7.3 | Handelinge 2:42 binne die gedeelte Hand. 2:42-47 | 70 |
| 2.7.4 | Bybelse perspektiewe van *koinonia* (met verwysing na die *"mekaar"*-opdragte by Paulus) | 75 |
| 2.7.4.1 | Uitgangspunt | 75 |
| 2.7.4.2 | Skrifperspektiewe | 77 |
| 2.7.4.2.1 | Die *"groot"* indikatief - Romeine 3:24 binne die gedeelte Rom. 3:21-31 | 82 |
| 2.7.4.2.2 | Die *"mekaar"* indikatief - Romeine 12:5 | 86 |
| 2.7.4.2.3 | Die *"groot"* imperatief - Romeine 13:8 | 89 |
| 2.7.4.2.4 | Aanvaar mekaar - Romeine 15:7 | 92 |
| 2.7.4.2.5 | Bemoedig (troos) mekaar - 1 Tessalonisense 4:18 | 94 |
| 2.7.4.2.6 | Dien mekaar - Galasiërs 5:13 | 96 |
| 2.7.4.2.7 | Dra mekaar se laste - Galasiërs 6:2 | 99 |
| 2.7.4.2.8 | Wees eensgesind onder mekaar - Romeine 12:16 | 104 |
| 2.7.4.2.9 | Betoon mekaar eerbied en respek - Romeine 12:10 | 105 |

Bladsy

2.7.4.2.10 Wees geduldig met mekaar - Kolossense 3:13a ........ 107
2.7.4.2.11 Groet mekaar - 1 Korintiërs 16:20 .................. 107
2.7.4.2.12 Leer en onderrig mekaar - Kolossense 3:16 ........... 109
2.7.4.2.13 Lieg nie vir mekaar nie - Kolossense 3:9 .............. 110
2.7.4.2.14 Aan mekaar onderdanig - Efesiërs 5:21 .............. 111
2.7.4.2.15 Sing onder mekaar - Efesiërs 5:19 .................. 113
2.7.4.2.16 Wees toegewyd aan mekaar - 1 Korintiërs 12:25 ....... 116
2.7.4.2.17 Vergewe mekaar - Kolossense 3:13b ................. 117
2.7.4.2.18 Vermaan mekaar - Romeine 15:14 .................... 120
2.7.4.2.19 Wag vir mekaar - 1 Korintiërs 11:33 ................. 121

2.8 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING BY HOOFSTUK 2 124

## HOOFSTUK 3 - METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

3.1 INLEIDING 126

3.2 DOELSTELLING 127

3.3 ANDER WETENSKAPPE 128

3.3.1 Psigologie ........................................ 128

3.3.1.1 Wat is Psigologie ............................. 128
3.3.1.2 Psigologie en Teologie ........................ 129
3.3.1.3 Mense in groepe .............................. 133

Bladsy

3.3.1.3.1 Wat is 'n groep? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 133
3.3.1.3.2 Waarom groepvorming? . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 135
3.3.1.3.3 Klassifikasie van groepe . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 137

3.3.2 Maatskaplike Werk . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 138

3.3.2.1 Basiese uitgangspunte in die Maatskaplike Werk . . . . . . 139
3.3.2.2 Die belewenisse en persepsies van mense . . . . . . . . . . . . 139
3.3.2.3 Die persoon gesentreerde model in hulpverlening . . . . . 141

3.3.3 Kommunikasiekunde . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 144

3.3.3.1 Wat is kommunikasie (Kommunikasie-teorie) . . . . . . . . . . 145
3.3.3.2 Die vlakke of konteks van kommunikasie . . . . . . . . . . . . . 150

3.3.3.2.1 Interpersoonlike Kommunikasie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 151

3.3.3.2.1.1 Redes vir interpersoonlike kommunikasie . . . . . . . . . . . . 153

3.3.3.2.2 Groep Kommunikasie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 154

3.3.3.2.2.1 'n Definisie van "groep" . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 154
3.3.3.2.2.2 Die impak van 'n groep op die individu . . . . . . . . . . . . . . 154
3.3.3.2.2.3 Groepsdinamika . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 155

3.3.4 Politieke Wetenskap . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 157

Bladsy

3.4 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING BY HOOFSTUK 3 165

## HOOFSTUK 4 - METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

4.1 INLEIDING 168

4.2 EMPIRIESE NAVORSING 168

4.2.1 Doelwit . . . . . . . . . . 168
4.2.2 Hipoteses . . . . . . . . . . 168
4.2.3 Vraelyste . . . . . . . . . . 169

4.2.3.1 Rasionaal . . . . . . . . . . 170
4.2.3.2 Samestelling van die vraelys . . . . . . . . . . 170
4.2.3.3 Vaslegging en verwerking van data . . . . . . . . . . 170
4.2.3.4 Werkswyse . . . . . . . . . . 171
4.2.3.5 Statistiese Analise . . . . . . . . . . 172
4.2.3.6 Respons . . . . . . . . . . 172
4.2.3.7 Statistiese verwerking en analisering van data . . . . . . . . 173
4.2.3.8 Grafiese Voorstellings . . . . . . . . . . 186

4.2.3.8.1 Steekproefverteenwoordiging . . . . . . . . . . 186
4.2.3.8.2 Gemiddelde ouderdom van respondente . . . . . . . . . . 186
4.2.3.8.3 Geslagsverdeling: Gereformeerde Kerke . . . . . . . . . . 187
4.2.3.8.4 Geslagsverdeling: NG Kerk . . . . . . . . . . 187
4.2.3.8.5 Geslagsverdeling: Willow Creek . . . . . . . . . . 188

Bladsy


| | | |
|---|---|---|
| 4.2.3.8.6 | Persentasie van respondente meelewend . . . . . . . . . . . . | 188 |
| 4.2.3.8.7 | Betekenis van meelewing vir respondente . . . . . . . . . . . . | 188 |
| 4.2.3.8.8 | Respondente se begrip van geloofsgemeenskap . . . . . . . | 189 |
| 4.2.3.8.9 | Geloofsgemeenskapsprogram binne gemeente: persepsie van respondente . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . | 190 |
| 4.2.3.8.10 | Vestiging van kleingroepe binne gemeente: persepsie van respondente . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . | 190 |
| 4.2.3.8.11 | Respondente se begrip van rol van kleingroepe . . . . . . . . | 191 |
| 4.32.3.8.12 | Respondente se persepsie van die rol van *"mekaar"*-opdragte in gemeentestrategie vir geloofsgemeenskap . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . | 191 |
| 4.2.3.8.13 | Respondente se begrip van praktiese implikasie van Gal. 6:2 . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . | 192 |
| 4.2.3.8.14 | Persentasie bywoning van toerustingskursus met klem op geloofsgemeenskap . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . | 192 |
| 4.2.3.8.15 | Hantering van *"mekaar"*-opdrag in prediking . . . . . . . . . . | 193 |
| 4.2.3.8.16 | Respondente se persepsie van effek van prediking van *"mekaar"*-opdragte . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . | 193 |
| 4.2.4 | Onderhoude . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . | 194 |
| 4.2.4.1 | Onderhoud A . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . | 194 |
| 4.2.4.2 | Onderhoud B . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . | 196 |
| 4.3 | VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING BY HOOFSTUK 4 | 199 |

Bladsy

## HOOFSTUK 5 - PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE *"MEKAAR"*-OPDRAGTE (BY PAULUS) IN DIENS VAN KERKLIKE GELOOFSGEMEENSKAP


5.1 INLEIDING 201

5.2 DOELSTELLING 201

5.3 UITGANGSPUNT 202

5.4 VISIE 203

5.4.1 Visie: 'n Definisie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 204
5.4.2 Visiebou in die praktyk . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 206
5.4.3 Visiekommunikering . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 208

5.5 DIE EREDIENS 210

5.5.1 Erediens: 'n Definisie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 210
5.5.2 Die erediens en *koinoniale* moontlikhede . . . . . . . . . . . . . 213
5.5.3 Liturgie . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 214
5.5.4 Die bevordering van bedieningswysheid . . . . . . . . . . . . . . 218

5.5.4.1 Die erediens as aanbidding . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 218
5.5.4.2 Prediking . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 221
5.5.4.3 Gebed in die erediens . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 228

Bladsy


5.5.4.3.1 Gebed . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 228

5.5.4.3.2 Gebed en die erediens . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 230

5.5.4.4 Gemeentesang in die erediens . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 237

5.5.4.5 Sakramente . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 242

5.5.4.5.1 Doop . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 244

5.5.4.5.2 Nagmaal . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 245

5.6 'N MOONTLIKE STRATEGIE MET DIE *"MEKAAR"*-OPDRAGTE IN DIE *CORPUS PAULINUM* AS TEOLOGIESE VERTREKPUNT VIR KERKLIKE GELOOFSGEMEENSKAP 248

5.6.1 Grafiese voorstelling van 'n moontlike bedieningstrategie met die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* as vertrekpunt vir kerklike geloofsgemeenskap . . . . . . . 252

5.7 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING BY HOOFSTUK 5 254


## HOOFSTUK 6 - FINALE BEVINDINGS


6.1 GEVOLGTREKKINGS BY HOOFSTUK 2-5 255

6.1.1 Hoofstuk 2 (Basisteoretiese Perspektiewe) . . . . . . . . . . 255

6.1.2 Hoofstuk 3 (Metateoretiese Perspektiewe) . . . . . . . . . . 257

6.1.2.1 Met betrekking tot Psigologie ..................... 257
6.1.2.2 Met betrekking tot Maatskaplike Werk ............. 258
6.1.2.3 Met betrekking tot Kommunikasiekunde ............. 258
6.1.2.4 Met betrekking tot die Politieke Wetenskap ......... 259

6.1.3 Hoofstuk 4 (Metateoretiese Perspektiewe) .......... 260
6.1.4 Hoofstuk 5 (Praktykteoretiese Perspektiewe) ........ 262

6.2 FINALE GEVOLGTREKKINGS 263
6.3 SLOT 266
6.4 TERREINE VIR VERDERE NAVORSING 266

ABSTRACT 268

KEYWORDS 270

OPSOMMING 271

TREFWOORDE 273

BIBLIOGRAFIE 274

BYLAES
Bylae A ........................................ 306
Bylae B ........................................ 308
Bylae C ........................................ 313
Bylae D ........................................ 315

# HOOFSTUK 1

## 1.1 INLEIDING

Hierdie Prakties-Teologiese ondersoek van die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* met die oog op kerklike geloofsgemeenskap, word in hoofstuk 1 na verskillende kante verantwoord. Die verantwoording geskied ten opsigte van:

- **Die praktiese teologie as studieveld**
- **Probleemstelling**
- **Doelstelling**
- **Sentrale teoretiese argument**
- **Metode van ondersoek**

## 1.2 VERTREKPUNT: PRAKTIESE TEOLOGIE AS STUDIEVELD VAN DIE TEOLOGIE

### 1.2.1 Die situasie van Praktiese Teologie as studieveld

Die opmerking van Burger (1991:1) is veelseggend: **"Sedert die Praktiese Teologie in 1774 vir die eerste keer as universiteitsvak toegelaat is, het dit deurentyd 'n moeilike en onseker bestaan binne die veld van die akademie gevoer."** Alhoewel die bestaan sowel as die noodsaaklikheid van die vak nie bevraagteken is nie, was daar voortdurend vrae oor die identiteit daarvan. Praktiese Teologie was vir baie lank 'n versamelnaam vir 'n aantal ongelyksoortige vakke met die enigste gemeenskaplike grondtrek hulle betrokkenheid op die praktyk van die kerklike amp (Heitink, 1993:13). Firet (1982:9), die eerste hoogleraar in Praktiese Teologie aan die Vrije Universiteit in Amsterdam praat van die onseker posisie van die Praktiese Teologie en haal Van Holk aan wat beweer Praktiese Teologie is "een mixtum compositum van dogmatische bepaling en aanwijzing voor de praktijk van het predikantsambt". Heyns en Pieterse

(1990:7, 8) stel dit duidelik of praktiese teologie deel van die teologiese wetenskap is, 'n saak is wat in die verlede sterk betwyfel is. Praktiese Teologie is nie as wetenskap beskou nie, omdat dit geen teoretiese nadenke behels nie. Die standpunt is gehuldig dat praktiese teologie diegene wat vir die bediening voorberei van die nodige kunsgrepe voorsien vir die praktyk en versamel dus raadgewinge uit die praktykervaring van suksesvolle pastores. Veelseggend is die opmerking van Heyns **en** Pieterse (1990:8) dat 'n teoloog soos Karl Barth genoemde standpunt nie onderskryf het nie alhoewel hy aan die Praktiese Teologie 'n minderwaardige posisie toeken. Volgens Barth word in die sistematiese teologie gesê **wat** verkondig moet word en die Praktiese Teologie sê **hoe** dit moet gebeur. Hierdeur word die jarelange onseker posisie van die Praktiese Teologie bevestig omdat laasgenoemde afhanklik is van en onderskik is aan, onder andere die Sistematiese Teologie. Ook Venter (1996:1) erken: "Oor wat die studieveld van Teologie in die algemeen en Praktiese Teologie in besonder is, loop menings uiteen."

Van der Ven (1993:9) beskryf die geskiedenis van die Praktiese Teologie soos volg:

> Kenmerkend is drie verskillende benaderinge wat betref die objek van die dissipline. *Die eerste benadering (1774)* beskou die pastorale handeling as voorwerp van die praktiese teologie. *Die tweede benadering (1847)* plaas die pastorale handeling in die konteks van die kerk. *Die derde benadering (1974)* plaas die kerk in konteks van die maatskappy teneinde deur haar evangeliese praxis tot die bevryding van mens én maatskappy by te dra.
> (Kursivering en vertaling deur P.H.H)

Die onseker bestaan wat die Praktiese Teologie binne die veld van die akademie moes voer het in die sestigerjare begin verander. Heitink (1993:14) se opmerking blyk insiggewend te wees, naamlik: "In verskillende publikaties wordt gesteld dat de opkomst van het *nieuwe paradigma* van 'praktische theologie als handelingswetenschap' samenhangt met *het veranderend theologisch probleembewustzijn* in de zestiger jaren." (Kursivering deur P.H.H.) Alom bekend is dié tydperk gekenmerk deur 'n geweldige gesagskrisis wat die Westerse samelewing oorspoel het. Die tradisionele gesag van ouers, leraars en politici is nie langer meer as formele gesag aanvaar nie. 'n Onkeerbare proses van demokratisering, inspraak en medeseggenskap het in die samelewing en kerklike lewe 'n werklikheid geword. Heitink (1993:14) praat van **"de nieuwe mondigheid"** wat veral 'n invloed op die deelname aan die kerklike lewe gehad het waarvan die belangrikste die volgende was:

- Kerkbesoek het afgeneem
- Ontstaan van alternatiewe groeperinge en bewegings, omdat die kerke blykbaar onvoldoende op die religieuse behoefte en gevoelens van mense ingespeel het
- **Buite-kerklike** Christendom wat ontwikkel het met al hoe meer mense wat die "kerk" verlaat het.

Die praxis wat sogenaamd vir dekades geen probleme opgelewer het nie, het radikaal verander. Heitink (1993:15) haal vir F. Haarsma (hoogleraar te Nijmegen) aan wat in 1968 sê 'n groeiende kloof tussen "De leer van de kerk en het geloof van haar leden" is 'n realiteit, soveel so dat van 'n geloofskrisis sprake is. In die lig hiervan verwys Heitink (1993:14-16) na die Praktiese Teologie as 'n **"krisis wetenskap"**. Daarom is 'n kenmerk van die Praktiese Teologie dat dit nog altyd gesien is as 'n dissipline wat ten nouste betrokke is by en gerig is op

praktiese handelinge ten dienste van die evangelie, en probleme wat voortdurend in die religieuse praktyk voorkom (Dreyer, 1997:13).

Insiggewend is Heyns en Pieterse (1990:92) se verwysing na die Tweede Vatikaanse Konsilie van die sestigerjare as synde 'n historiese gebeurtenis in die geskiedenis van Praktiese Teologie. Die konsilie het onder andere gelei tot die verskyning van die "Handboek van die Pastorale Teologie". Met die handboek is gepoog om die Praktiese Teologie onder een noemer saam te bind met konsensus oor onder andere die volgende:

- Die Praktiese Teologie word as normatiewe wetenskap verstaan. *Die teorie bepaal die norme vir die praxis.* (Kursivering deur P.H.H.)
- Teorieë moet in die dogmatiek begrond word.
- Hierdie dogmatiese uitspraak is die saambindende faktor vir die verskeidenheid handelingsvelde in die Praktiese Teologie.
- Die dogmatiese uitspraak moet konkreet gemaak word met inagneming van die situasie.
- Interdissiplinêre verhoudinge met ander geesteswetenskappe moet uitgebou word. (Heyns en Pieterse, 1990:92).

Die Praktiese Teologie kan alleen via die weg van 'n historiese analise begryp word. Heitink (1993:27) se opmerking is verhelderend, naamlik: "De ontstaansgeschiedenis van het vak is een verstaansgeschiedenis." Hiermee bedoel Heitink:

> De crisis van de zestiger jaren, die de moderne praktische theologie tot leven roept, grijpt terug op de crisis die vanaf de verlichting als een zuurdesem de Europese cultuur doortrekt.

Die krisis van die sestiger jare word, volgens die skrywer deur Heyns en Pieterse (1990:93) korrek saamgevat met die opmerking: "Die wêreld na die Tweede Wêreldoorlog was 'n nuwe wêreld. Die mens het mondig geword en die kerk en godsdiens vir baie oorbodig." Gesien die werklikheid van die situasie en die Praktiese Teologie se rol, waag Heyns en Pieterse (1990:93-94) om aan te toon dat praktiese teoloë in die tweede helfte van die twintigste eeu op grond van hulle uitgangspunte in vier hoofgroepe verdeel kan word, naamlik:

- **Pragmatiese uitgangspunt:**
  Vir hierdie groep is *kennis uit die praxis vir die praxis* primêr. (Kursivering deur P.H.H.)

- **Pastoraal - teologiese uitgangspunt:**
  Steck en Neihart as sleutelfigure gaan van die standpunt uit dat Praktiese Teologie verstaan moet word as *'n teologie van kerklike diens.* (Kursivering deur P.H.H.)

- **Hermeneuties - teologiese uitgangspunt:**
  Die normvraag is van deurslaggewende belang. Wetenskaplikes soos Josuttis, Bohren en Schroer in Duitsland, Trimp in Nederland en W.D. Jonker in Suid-Afrika oordeel dat *Praktiese Teologie 'n teologiese wetenskap kan wees as dit Bybels - hermeneuties en histories - krities aangepak word.* (Kursivering deur P.H.H.)

- **Empiriese of handelingswetenskaplike uitgangspunt:**
  Teoloë wat voorstanders van hierdie uitgangspunt is, lewer skerp kritiek teen die normatief-deduktiewe denke. Hierteenoor word aanbeveel en praktyk gemaak om in die Praktiese Teologie, in die lig van die moderne handelingswetenskappe, *empiries* te werk te gaan. *Sodoende word die*

*moontlikheid van 'n korreksie van die teorie deur die praxis toegelaat.* (Kursivering deur P.H.H.)

Voorstanders van hierdie uitgangspunt is o.a. Bastian, Dahm, Otto, Greinacher, Spiegel, Baumler, Zerfass en Stollberg in Duitsland, Firet en Van der Ven in Nederland, Hiltner in die VSA en 'n aansienlike aantal praktiese teoloë in Suid-Afrika (Heyns en Pieterse, 1990:94).

### 1.2.2 Praktiese Teologie: 'n Definisie

Die skrywer vereenselwig hom met die standpunt van Burger (1991:52) dat die teoloog se definisie iets reflekteer van sy basiese standpunte oor die Praktiese Teologie. Ten opsigte van definisies het Burger, (1991:31-33) op grond van 'n nasionale projek oor navorsingsmetodologie deur die RGN in 1983 geloots, definisies (sover moontlik) uit al die tradisies en denkrigtings saamgestel. Die resultaat hiervan is:

**W.D. Jonker**

Praktiese Teologie is die bestudering van die Woord van God onder die gesigspunt van die diens van die kerk.

**Bohren**

Praktiese Teologie is die wetenskap van die werklike versameling en sending van die kerk. Dit het die werk van die Gees en die Woord van die kerk en deur die kerk tot objek.

**H.J.C. Pieterse**

Praktiese Teologie kan omskryf word as die teologiese teorie van die Christelik-kummunikatiewe handeling wat in staat stel om geloof deur te gee in spraak, simbool en gedrag.

**Schleiermacher**

Praktiese Teologie ontwerp 'n teorie vir die kerklike praktyk.

**Jetter**

Praktiese Teologie is die teologie van kerklike diens.

**A.D. Müller**

Praktiese Teologie is die teologiese leer van die verwerkliking van die Koninkryk van God in die kerk en deur die kerk in die wêreld.

**J. Firet**

Praktiese Teologie ondersoek die struktuur en funksie van kommunikasiesisteme wat die koms van God in Sy wêreld bemiddelend dien.

**Poling en Miller**

Praktiese Teologie is critical and constructive reflection within a living community about human experience and interaction involving a correlation of the Christian story other perspectives leading to an interpretation of meaning and value and resulting in everyday guidelines and skills for the formation of persons and communities.

**Josuttis**

Praktiese Teologie is die teorie van die praktyk van die Evangelie deur die kerk in die samelewing.

**Otto**

Praktiese Teologie is die kritiese teorie van die religieus - bemiddelende praxis in die samelewing.

Naas genoemde definisies noem die skrywer ook nog die definisie van:

**Heitink** (1993:18), omdat die klem op die aspek van 'n handelingswetenskap te wil wees, wat 'n belangrike ontwikkeling in die vakgebied is, beklemtoon word:

> Onder praktische theologie *als handelingswetenschap wordt verstaan de empirisch - georiënteerde theologische theorie van de bemiddeling van het christelijk geloof in de praxis van de moderne sameleving.* (Kursivering deur P.H.H.)

**Dingemans** (1996:56 en 57) ontken nie die belang en waarde van die Praktiese Teologie as handelingswetenskap nie. Hy stel sy standpunt soos volg:

> Ik zie namelijk de gemeente niet alleen als een '*handelings-gemeenschap*', maar vooral as '*interpretatiegemeenschap*'. Het gaat naar mijn mening - in de praktische theologie om de praxis van de christelijke gemeente, die het evangelie van Jezus Christus heeft gehoord via de bijbel en de christelijke traditie, haar viert in haar liturgie, doorgeeft vir leerhuizen, catechese en prediking en inbrengt in de praktijk van pastoraat en diakonaat en maatschappelijk handelen. (Kursivering deur P.H.H.)

In samehang met bogenoemde definisies is die eerste twee sinne in Louw (1996:23) se artikel *Praktiese Teologie in Sosiologiese Perspektief - Enkele kritiese vrae met die oog op Teologiese teorievorming* belangrik as hy opmerk: "Praktiese Teologie het as selfstandige teologiese vak 'n baie spesifieke karakter oorgeneem, naamlik dié van 'n empiriese aksie-georiënteerde en gedragsgeoriënteerde wetenskap. Die begrip "handeling" is wêreldwyd ingevoer om die eiesoortigheid van die vakgebied te omskryf." **Louw** (1998:61) definieer Praktiese Teologie dan as:

> Die gesistematiseerde bestudering van die kommunikatiewe ontmoetingsgestaltes van die heil met die oog op 'n funksionele ekklesiologie (die Christelike geloofsgemeenskap) en die transformering van sosiokulturele kontekste (die etiek van regte maniere van doen).

Dit is onder andere binne dié raamwerk dat die skrywer 'n prakties teologiese ondersoek doen van die *"mekaar"* opdragte in die *Corpus Paulinum* met die oog op kerklike geloofsgemeenskap. Ook **Müller** (1996:5) se definisie is vir die studie belangrik:

> Praktiese Teologie is die sistematies-gestruktureerde, voortgaande hermeneutiese proses, waardeur gepoog word om menslike handelinge, wat verband hou met die verhale van die Christengeloofsgemeenskap, teologies te verhelder en te vernuwe.

Die narratiewe benadering van Müller blyk 'n nuwe ontwikkeling te wees. Müller (1996:4) is van oordeel dat jy met 'n narratiewe benadering nader kom aan die

sentrum van 'n ekosistemiese paradigma as wanneer slegs met 'n kommunikatiewe handelingsteorie gewerk word.

**Venter** (1996:21) meen dat Praktiese Teologie die kommunikatiewe handelinge in die Skrifopenbaring van God en die normatiewe en konkrete bediening van dié openbaring in die kerk bestudeer. **Venter poog om met dié definisie reg te laat geskied aan sowel die normatiwiteit van die Skrif as aan die praktiese gerigtheid van die bediening op die totale werklikheid van die mens se bestaan.** Dit blyk dat Venter (1996:25-27) in die beoefening van die praktiese teologie om tot teorievorming te kom, aansluit by Zerfass. Omdat die Prakties-Teologiese model van Zerfass (1974) bepalend is vir die metode van hierdie navorsing (vgl. 1.6), word vervolgens 'n detail uiteensetting van die model gegee.

### 1.2.3 Die prakties-teologiese model van Zerfass

Zerfass (1974:164-177) beskryf die model vir die beoefening van die praktiese teologie soos volg:

Vir baie lank het die Teologie in werklikheid geïsoleerd van die ander wetenskappe gefunksioneer. Gedurende die sestigerjare het daar egter *'n verandering in die kerk plaasgevind as gevolg van maakskaplike druk.* Op grond van die maatskaplike druk moes daar in die kerk gereformeer word, sowel as gereageer en besluit word. Alhoewel maatskaplike veranderinge vinnig plaasgevind het, was die reaksie prakties teologies gesproke, stadig. Geleidelik is egter besef dat dit nodig is om die konkrete optrede van die Christelik-kerklike praktyk te verander deur anders te dink. **Hierdie "anders dink" is 'n baie belangrike "vooraffase" vir "anders doen." Dit is presies wat die Duitse woord "reflexion" beteken: "deurdink"** (Trümpelman en Erbe, 1971:636). Die veranderde benadering in die Christelik-kerklike praktyk moet dus op grond van prinsipiële denke, prakties uitgevoer word omdat Zerfass

(1974:166) sê "*der Wissenschafts-charakter der Praktischen Theologie entscheidet sich beim Methodenproblem*".

Zerfass beklemtoon dat die geheelbegrip *(gesamtcharakteristik)* ten opsigte van 'n model altyd belangrik is. 'n Model, sê Zerfass (1974:169) is soos 'n landkaart wat dinge skematies vereenvoudig. Belangrik is om te onthou dat voortdurend gevra moet word na die *bedoeling* en die *perke* van 'n model. In dit wat Zerfass in dié model voorstel poog hy om aan te toon watter elemente 'n rol speel in die korrigering van die kerklike praktyk. Zerfass (1974:169) verwys in die verband na **"Das Herzstück"** m.a.w. die wesensgrond in die kerklike praktyk. Die wesensgrond is, so oordeel Zerfass, 'n driehoeksituasie, naamlik:

> die interaksie tussen die tradisionele en die bepaalde getoetsde situasie in die gemeente, dus die teenswoordige situasie. Dit gaan deur 'n toetsingsproses wat jou bring by wat as 'n nuwe benadering beskou kan word. (Vertaling deur P.H.H.)

In navolging van S. Hiltner sê Zerfass dat in die proses om te verduidelik en verandering in Christelike en kerklike optrede te weeg te bring, moet prakties teologies gereageer word, deur:

- die tradisie en die kritiese element te behou;
- die detail van die teenstrydige situasie teologies te bepaal en aan die tradisie te toets;
- sodoende die impuls te bewerk vir opbouende verandering in die kerklike praktyk.

Die opdrag van die teorie van die Praktiese Teologie is dan volgens Zerfass (1974:172):

> **Die besef dat daar dinge is wat bekend is, maar ook dinge wat nie bekend is nie. Die uitdaging is om dit wat bekend is te gebruik om vas te stel wat onbekend is.** (Vertaling deur P.H.H.)

Die skematiese voorstelling van Zerfass se model vir die Praktiese Teologie is in die verband verhelderend en kan soos volg weergegee word:




(Oorgeneem uit Zerfass, 1974:167).

Prakties kan die funksionering van Zerfass se model *(met verwysing na 1-13)* só voorgestel word:

1 - 'n Probleem ontstaan deurdat 'n bepaalde bedieningspraktyk (byvoorbeeld dat die belang van die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* vir die praktyk van ware geloofsgemeenskap in 'n gemeente), nie realiseer nie. Dié probleem veroorsaak 'n sekere reaksie - Zerfass verwoord die reaksie **as sou dit die bereidwilligheid moet wees om die probleem te deurdink.** Intuïtiewe reaksie gryp terug na:

2 en 4 - Die verlede of tradisie deur bloot te vra: "hoe het die kerk voorheen op so 'n probleem gereageer?" **Indien daar egter altyd net "teruggegryp" word na "hoe dinge vroeër was", kan dit gebeur dat blote herhaling van tradisionele metodes die probleem nog erger maak.**

3 en 6 - Op grond van die problematiek kan gesoek word na 'n meer sosiaal aanvaarbare "werkbare" metode om die probleem op te los. Empiriese navorsing kan bydrae om die versteuring van die tradisionele te korrigeer.

5 - Belangrik in die model van Zerfass is die wisselwerking tussen die tradisionele en die sogenaamde veranderde situasie. **M.a.w. by enige probleemoplossing móét altyd terugverwys word na die tradisionele. Daar moet in gedagte gehou word dat verandering nie rewolusionêr kan plaasvind nie.**

7 en 8 - Op grond van die wisselwerking tussen die tradisionele opvatting en die eise van die veranderde situasie, ontstaan 'n "*spannungsfeld*" tussen die "*Sollbestand*" en die "*Istbestand.*"

10 - Genoemde spanningsveld lei tot 'n impuls wat 'n nuwe praktyk bepaal wat sowel teologies as sosiologies geldig is.

9 - Presies dit (vgl. 10) is die opdrag van die prakties-teologiese teorie-opleiding.

11 - Wanneer genoemde metodes gevolg sou word, word 'n "*nuwe*" praktyk teweeggebring omdat nie net bloot die naïwe metodes uit die tradisionele (2) net so toegepas word nie.

12 en 13 - Metodes kan herhaaldelik getoets word om die uitwerking en geslaagdheid te vestig en vas te lê.

Die slotsom (van direkte belang vir dié studie) waartoe die skrywer kom, is dat Zerfass (1974) se model inhou dat:

> **die teoloog na aanleiding van die nuwe perspektiewe wat ontwikkel óók die tradisionele beter verstaan. Die positiewe van teologiese oorlewering word behou en slegs die negatiewe word verwerp. Wie die tradisionele beter verstaan, vind dit makliker om moderne probleme beter te benader.**

## 1.3 PROBLEEMSTELLING

Vir eeue reeds bely mense as lidmate van die kerk van Jesus Christus op aarde:

> Ek glo aan 'n heilige,
> algemene, Christelike kerk,
> **die gemeenskap van die heiliges** . . .
> (HK, vraag en antwoord 54, 55).

Sonder twyfel is dit so dat die gemeenskap van die heiliges wesenlik deel is van die lewe in 'n gemeente. In die lewendige en boeiende gesprek (Warren, 1995; Mack en Swavely, 1996; Oostenbrink, 1996; Burger, 1999; Oostenbrink en Lotter, 1999; Ortberg, 1999; Van der Walt, 1999), wat wêreldwyd oor gemeentes aan die gang is, wil die skrywer 'n bydrae lewer met die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* as uitgangspunt. Want, sê Banks (1994:1), alhoewel hy nie spesifiek na die *"mekaar"*-opdragte verwys nie: **"Paul was not the first to formulate a Christian idea of community. But there can be no doubt that he gave more attention to this than anyone else during the first century."**

Gemeentes is meer as net menslike instansies - hulle is geestelike werklikhede, sê Burger (1999:12). Die skrywer vereenselwig hom met genoemde standpunt en wil daarom in die studie 'n bydrae lewer in die prakties-teologiese gesprek oor geloofsgemeenskap in gemeentes deur duidelike teologiese perspektiewe te probeer bied. Deur op die *"mekaar"*-opdragte van Paulus te fokus, kan nader beweeg word aan 'n Bybelse visie van wat geloofsgemeenskap as aktiwiteit in die praktyk van lidmate se lewe behoort te beteken.

In resente literatuur oor die unieke identiteit van die kerk van Christus word beklemtoon dat *koinónia* (gemeenskap) 'n uiters belangrike saak is wat opnuut

herontdek behoort te word. Burger (1997:7) merk op: "Meer as enigiets anders soek die mense van ons tyd na 'n ervaring van gemeenskap en identiteit." Crabb (1997:13) verklaar: "Misschien is het hart van de Christelijke gemeenschap verbondenheid met een beperkt aantal mensen."

Alhoewel dit in die kerk om meer as net *koinónia* gaan, gebruik Burger (1999:231) die term "koinoniale aktiwiteite" as handelinge van mense wat *mekaar* raaksien, vir *mekaar* omgee, vir *mekaar* verantwoordelikheid aanvaar en so leer om *mekaar* lief te kry soos Christus ons beveel het. Burger (1997:7) is oortuig dat as die "kerk" mense hiermee kan help en hulle herontdek dat elkeen wat in Hom glo, deel is van "die familie van God", Christene gereed sal wees om die pad van die geloof verder saam met die "kerk" te loop.

Die gemeente is dus veronderstel om 'n gemeenskap te vorm van mense wat saam deelhet aan Jesus Christus en wat deelkry (deelgee en deelneem) aan mekaar se lewens (Nel, 1986:21). Tereg merk Warren (1995:108) op: **"Don't focus on growing a church with programs, focus on growing people with a process."** Want Paulus praat van die liggaam van Christus as lewende mense in onder andere Rom. 12:5 en 1 Kor. 12:27 (Van der Walt, 1976:45). Die *"mekaar"*-opdragte of uitsprake wat oorwegend in die briewe van Paulus voorkom (o.a. Gal. 6:2; Ef. 4:32; Kol. 3:13, 16; 1 Tess. 4:18; 5:11) is derhalwe 'n aktuele veld vir verdere studie en navorsing. Laasgenoemde blyk myns insiens in die volgende:

### 1.3.1 Stand van navorsing

Literatuur wat deur middel van rekenaarmatige soektogte met behulp van die Ferdinand Postma Biblioteek bekom is, bring die volgende, met betrekking tot leemtes aan die lig:

#### 1.3.1.1 Beskikbare Pastorale Literatuur

1.3.1.1.1 Versteeg (1980:5) maak in die inleiding van sy boek *Oog voor elkaar* die opmerking dat in die besinning oor kerk-wees dit van betekenis is om aan die gebruik van die woord "*mekaar*" aandag te skenk: "Het is zonder aarzeling *een verarming* te noemen, dat het gebruik van dit woord nie de aandacht ontvangen heeft die het waard is."

**1.3.1.1.2 In die lig van bogenoemde aanname is dit vir die navorser opmerklik dat sedert 1980 gefokus word op die feit dat werklike *koinonia* in baie gemeentes 'n probleem sou wees asook wat *koinónia* (gemeenskap) Skriftuurlik beteken, sónder om spesifiek die werklike realisering van *koinónia*, behalwe die belang van gemeentebouprogramme en die stigting van kleingroepe, aan te dui. In `die ontwikkeling van 'n strategie vir die bevordering van die *koinoniale* aktiwiteite van 'n gemeente van Jesus Christus, blyk dit dat die volle implikasie van die betekenis van die *"mekaar"-opdragte* oor die algemeen ontbreek. (Vgl. Peters: 1981; Versteeg: 1985; Nel: 1986; Hendriks: 1992; Te Velde: 1993; Beckham: 1995; Van der Merwe: 1995; Burger & Simpson: 1996; Vorster: 1996; Bilezikian: 1997; Burger: 1999; Oostenbrink & Lotter: 1999.)**

#### 1.3.1.2 Proefskrifte, Verhandelinge en Skripsies

Dit blyk dat op aspekte gefokus is soos onder andere: "Building up the body of Christ" (Dreyer, 1986.) In hoofstuk 8 word gefokus op groepwerk as model met as motief: **"Getting the Church sold on intensive building up"**; Die plek en betekenis van die prediking in die opbou van die gemeente (Labuschagne, 1988.); Korporatiewe spiritualiteit en kleingroepleierskap (Oostenbrink, 1997.); Die werk van die Heilige Gees in die opbou van die kerk volgens Handelinge (Venter, 1986.)

#### 1.3.1.3 Tydskrifartikels

Alhoewel die volgende artikels ter sake is vir die onderwerp, word die *"mekaar"-opdragte* nie volledig behandel nie. (vgl. Zens: 1981; Kruger: 1984; Venter: 1986; Du Plessis: 1992; Leonard: 1993; Du Plooy & Venter: 1996; Kunst: 1996; Vorster: 1996; Verduijn: 1997; Lotter: 1999; Van der Walt: 1999.)

In die lig van die voorgaande kan die navorsingsvraag van hierdie studie soos volg geformuleer word:

Watter betekenis het die *"mekaar"-opdragte* in die *Corpus Paulinum* vir die gemeente se praktyk van *koinoniale* dienswerk?
Hierdie probleemstelling kan in die volgende vrae onderverdeel word:

- Watter basisteoretiese perspektiewe bied die *Corpus Paulinum* met betrekking tot die *"mekaar"-opdragte* in die gemeente se *koinoniale* dienswerk?
- Watter metateoretiese data behoort geïntegreer te word om 'n profiel van 'n gemeente saam te stel waarin die Pauliniese *"mekaar"-opdragte* as uitgangspunt dien vir die verwerkliking van *koinoniale* dienswerk?
- Watter praktykteoretiese perspektiewe kan gebied word vir die daarstelling van 'n strategie waarin die *"mekaar"-opdragte* by Paulus as uitgangspunt dien in die verwerkliking van die bediening van *"mekaar"* in die gemeente?

## 1.4 DOELSTELLING

Die doel van die voorgestelde navorsing is om ondersoek in te stel na die betekenis van die *"mekaar"-opdragte* in die *Corpus Paulinum*, met die oog op die verwerkliking van die *koinoniale* dienswerk van lidmate. Om hierdie doel te bereik word die volgende doelwitte vir die navorsing gestel:

1.4.1 Om basisteoretiese perspektiewe vanuit die *Corpus Paulinum* met betrekking tot die *"mekaar"-opdragte* en die uitwerking daarvan op die *koinoniale* dienswerk van die lidmate te ondersoek;

1.4.2 Om die metateoretiese data te integreer ten einde 'n profiel vir 'n gemeente daar te stel met die oog op die ontwikkeling van geloofsgemeenskap;

1.4.3 Om praktykteoreties kontoere van 'n model daar te stel vir 'n strategie met die oog op kerklike geloofsgemeenskap.

## 1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat daar leemtes in die *koinoniale* aktiwiteite van gemeentes bestaan omdat die *"mekaar"*-opdragte soos dit na vore kom in die *Corpus Paulinum* en die betekenis daarvan nie in die praktyk verdiskonteer word nie en dat 'n strategie daarvoor behoort geformuleer te word.

## 1.6 METODE

Die prakties-teologiese model van Zerfass (1974) is bepalend vir die metode van hierdie navorsing. Toepaslike elemente vir hierdie studie is ooreenkomstig die model van Zerfass om:

1.6.1 basisteorieë op grond van die *Corpus Paulinum* te ontwikkel volgens die grammaties-historiese eksegese binne die gereformeerde tradisie (vgl. Lotter, 1993; 11).

1.6.2 toepaslike materiaal deur literatuurstudie byeen te bring deur analise en interpretasie om sodoende die stof metateoreties te ontwikkel;

**1.6.3 ten opsigte van empiriese navorsing deur middel van 'n oorsese besoek in die V.S.A.:**

**1.6.3.1 onderhoude te voer met o.a. professor Mack van The Master's College te Santa Clarita, California én met Dr. Bilezikian van Willow Creek Community Church te South Barrington, Chicago;**

**1.6.3.2 om lesings by te woon aan The Master's College;**

**1.6.3.3 vir ongeveer 'n week evaluering te doen van *koinoniale* aktiwiteite deur lidmate van Willow Creek Community Church te South Barrington, Chicago én lidmate van Grace Community Church, te Sun Valley, Los Angeles;**

**1.6.3.4 eietydse gemeentes in Suid-Afrika te evalueer, om te bepaal òf en indien wel, in watter mate die *"mekaar"-opdragte* in die *Corpus Paulinum* as belangrik beskou word vir die bevordering van lidmate se *koinoniale* aktiwiteite (bv. Die Gereformeerde kerke Bergbron en Pretoria-Wes, die Nederduitse Gereformeerde kerke Elarduspark, Lynnwood, Moreletapark en Skuilkrans.) In hierdie empiriese werk sal kwantitatief en kwalitatief te werk gegaan word;**

1.6.4 basisteoretiese en metateoretiese gegewens voorts in hermeneutiese wisselwerking te plaas met die oog op die ontwerp van 'n praktykteoretiese strategie.

## 1.7 TEGNIESE ASPEKTE

1.7.1 Wanneer na Bybelboeke verwys word, word die spelling van die 1983 Afrikaanse vertaling (NAV) gevolg.

1.7.2 Die afkortings van Bybelboeke geskied volgens die lys van afkortings van die 1983 Afrikaanse vertaling (NAV).

1.7.3 Wanneer verse uit die Bybel aangehaal word, word die 1983 Afrikaanse vertaling (NAV) gebruik, behalwe wanneer dit anders aangedui word.

1.7.4 In hierdie studie word die Griekse teks van die derde uitgawe van *The Greek New Testament* van die United Bible Societies gebruik (Aland:1983).

1.7.5 Vanweë tegniese redes rakende die rekenaarprogram wat vir hierdie studie gebruik is, word diakritiese tekens in Grieks weggelaat.

1.7.6 Wanneer na *Die Dordtse Leerreëls*, *Die Nederlandse Geloofsbelydenis* of die *Die Heidelbergse Kategismus* verwys word, word onderskeidelik die afkortings DLR, NGB en HK gebruik. In die verwysings word nie bladsynommers aangetoon nie, maar wel die toepaslike artikel of vraag en antwoord van die belydenisskrif (bv. Vraag en antwoord 54).

## 1.8 HOOFSTUKINDELING

Die hoofstukindeling is soos volg:

### 1.8.1 HOOFSTUK 1 Verantwoording

### 1.8.2 HOOFSTUK 2 Basisteoretiese perspektiewe

Perspektiewe vanuit die *Corpus Paulinum* met betrekking tot die *"mekaar"-opdragte;*
Uitwerking van die *"mekaar"-opdragte* op die *koinoniale* dienswerk van lidmate.

### 1.8.3 HOOFSTUK 3 Metateoretiese perspektiewe

Toepaslike materiaal deur literatuurstudie byeen te bring deur analise en interpretasie.

### 1.8.4 HOOFSTUK 4 Metateoretiese perspektiewe

Uiteensetting van data en bevindinge na aanleiding van empiriese navorsing (vgl. 1.7.3).

### 1.8.5 HOOFSTUK 5 Praktykteoretiese perspektiewe

Ontwerp van praktykteoretiese perspektiewe op grond van die wisselwerking van data (vgl. 1.8.2 en 1.8.3-1.8.4).
Ontwerp van 'n strategie met die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* as teologiese vertrekpunt vir kerklike geloofsgemeenskap.

### 1.8.6 HOOFSTUK 6 Bevindings

# HOOFSTUK 2

# BASISTEORETIESE PERSPEKTIEWE

## 2.1 INLEIDING

Die prakties-teologiese model van Zerfass (1974:164-177) soos uiteengesit in hoofstuk 1 van hierdie studie, hou onder andere in dat:

- 'n Probleem kan ontstaan deurdat 'n bepaalde bedieningspraktyk (byvoorbeeld die onderlinge geloofsgemeenskap van lidmate in die gemeente) nie meer bevredig nie;

- Om op 'n wetenskaplike wyse (vergelyk die skematiese voorstelling van Zerfass se model - pagina 13) die probleem moontlik op te los, word alvorens 'n nuwe praktykteorie daar gestel, word eers 'n basisteorie ontwerp.

- Die ontwerp van 'n basisteorie vind plaas deur 'n wetenskaplike vergelyking tussen die *"Sollbestand"* en die *"Istbestand"* daarin dat die probleem *"deurdink"* word. Alhoewel die basisteorie op sigself nog nie 'n klinkklaar antwoord op die probleem bied nie, is dit deel van 'n proses om *haalbare en geldige metodes* te vind om die probleem op te los.

- 'n Basisteorie vir dié studie word in die Skrif gevind, omdat:

    - ❖ 'n Prakties-Teologiese ondersoek gedoen word (vgl. 1.1)

    - ❖ die navorser neem as voorveronderstelling dat die Bybel die organies- geïnspireerde Skrifopenbaring van God is

- die Skrif die prakties-teologiese vertrekpunte gee ten opsigte van die hele vak. So sal 'n mens 'n basisteorie oor die gemeente hê: hoe sien 'n mens die gemeente teologies? (Heyns en Pieterse, 1990:50,51).

- ons die diepste waarheid van die kerk eers kan verstaan as ons teologies oor die kerk dink (Burger, 1999:12).

## 2.2 DOELSTELLING

Die fokus van die studie is die betekenis van die *"mekaar"-opdragte* in die *Corpus Paulinum* met die oog op kerklike geloofsgemeenskap. Soos in die probleemstelling (vgl. 1.3) aangetoon, is *koinonia* (gemeenskap) 'n uiters belangrike saak wat opnuut herontdek behoort te word. In 'n onlangse publikasie toon Van der Walt (1999:17,18) aan wat die kritiek van die jeug op die kerk is. In 'n twintigtal agendapunte staan by punt veertien:

**Koudheid, onpersoonlikheid, individualisme, liefdeloosheid.**

In die lig van die krisis wat ten opsigte van die belewing én uitlewing van kerklike geloofsgemeenskap sou bestaan, is die doelstelling van dié hoofstuk:

**Om 'n basisteorie met betrekking tot die *"mekaar"*-opdragte soos in die briewe van Paulus, te formuleer.**

Met die oog hierop word in dié hoofstuk, die volgende behandel:

- Definisie van sleutelterme in dié studie gebruik (dus ook Skrifperspektiewe)

- 'n Prakties-teologiese basisteorie van die gemeente
- Metafore (beelde) vir die gemeente
- Die praktyk van die Bybelse ekklesia-model
- *"Mekaar"* in die *Corpus Paulinum*

Genoemde basisteorie (hoofstuk 2), kan meewerk om met inaggenome die metateoretiese perspektiewe (hoofstuk 3 en 4), eventueel 'n praktykteorie (hoofstuk 5) daar te stel vir die praktiese belewing én uitleef van die *koinoniale* aktiwiteite in 'n gemeente.

## 2.3 DEFINISIE VAN SLEUTELTERME IN DIE STUDIE GEBRUIK

Omdat in die studie op die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* gefokus word, word vervolgens gelet op die betekenis van *mekaar* en *koinonia.*

### 2.3.1 Semantiese betekenis van "αλληλων"

Taalkenners is dit oor die algemeen met mekaar eens dat die vertaling én betekenis van die woord nie problematies is nie (Krämer, 1978:63; Louw **en** Nida, 1989:816; Selter **en** Brown, 1976:739-742; Vine <u>et al</u>. 1985:446-447; Zolhiates **en** Spiros, 1994:125,126). Krämer (1978:63) stel dit so: **"The understanding of αλληλων in the NT is unproblematic; the translation each other or mutually is sufficient for every instance."**

Dit is duidelik dat die woordstam αλλοσ is wat in Engels vertaal kan word met: *other, another, different one* (Zodhiates **en** Spiros, 1994:125-126). Die Afrikaanse vertaling is *mekaar.* Krämer (1978:63) se opmerking is verhelderend

> The reciprocal pron. αλληλων (attested from the beginnings of Greek literature) is formed by the doubling of the stem αλλο - (-αλλοσ). It originally means one to the other(s) (cf. Acts 2:12: αλλοσ προσ αλλον); thus it corresponds to Eng. each other (**Gem. einander**).

Die skrywer kon vasstel dat die volgende twee skrywers hulle oor die teologiese betekenis van die woord αλληλων uitspreek, as hulle opmerk:

**Krämer (1978:63)**

> **Of theological relevance is the use of** αλληλων **primarily in the description of the (obligatory) conduct of Christians in the community toward each other, with emphasis on mutuality and culminating in the love commandment:** αγαπαν αλληλουσ **(passim) or -** αγαπη εισ αλληλουσ **(1 Thess 3:12; 2 Thess 1:3) or** εν αλληλοισ **(John 13:35).**

**Getz (1989:13)**

> The New Testament word allélón, which is most frequently translated "one another", is used over 60 times in the New Testament to describe **how we as Christians are to function in a corporate sense. Christianity is indeed *relational*.**

### 2.3.2 Semantiese betekenis van "κοινωνια"

Martin (1978:34) maak 'n treffende opmerking om die belang van die betekenis van κοινωνια te beklemtoon, as hy sê: "Among the handful of words that may be regarded as key terms of the Bible, 'fellowship' holds an important place. Indeed it is a 'buzz' word in modern Christianity as expressed among young people's groups and movements." Vorster (1996b:472) verwys na Neuenziet wat die begrip *koinonia* 'n grondlyn in die teologie van Paulus noem.

In die woordeboek van Louw en Nida (1989:446-447, 569) word die volgende vertalingsmoontlikhede vir κοινωνια gegee:

- an association involving close mutual relations and involvement: 1Jn 1.3, 1 Cor 1.9;
- to share one's possessions, with the implication of some kind of joint participation and interest: Ga 6.6, 2 Cor 8.4;
- to share that which is readily shared - willing gift, ready contribution: Ro 15.26.

In the *New Dictionary of Theology* stel Wright (1988:372), in ooreenstemming met Louw en Nida (hierbo genoem), die betekenis van k*oinonia* soos volg:

> Its meaning is near to 'communion', a **relation between individual Christians or Christian communities resulting from their common practicipation in one and the same reality.**

Die opmerking van Ladd (1977:543) is ook insiggewend:

> Fellowship was one of the distinctive marks of the Jerusalem Church (Acts 2:42). This is something **more** than human fellowship or the pleasure in a common religion. **It is an eschatological creation of the Holy Spirit.**

Omdat in dié studie op die "*mekaar*"-opdragte in die *Corpus Paulinum* gefokus word, blyk die aanname van Schattenmann (1975:643) van belang te wees: "In Paul koinónia and the associated words have a central significance. Close analysis of the term shows that Paul never used koinónia in a secular sense but always in a religious one. **The idea of an earthly society grounded in human nature is foreign to Paul. For him koinónia refers strictly to the relation of faith to Christ.**" Pfeiffer (1965:174) sluit hierby aan as hy sê dat "*fellowship*" nie net iets is wat Christene teenoor mekaar belewe nie (Hand. 2:42) maar ook met God en Jesus Christus (1 Joh. 1:3) en ook met die Heilige Gees (11 Kort. 13:14).

Hierteenoor het die Griekse filosowe die woord κοινωνια gebruik om inhoud te gee aan die begrip "*assosiasie*" om daarmee 'n ideale harmonieuse sekulêre gemeenskap te vestig. Só 'n utopia het egter nooit tot stand gekom nie. Om die totaal verskillende betekenis wat Paulus aan die begrip κοινωνια heg te bevestig, sê Richards (1985:276):

> **Paul's usage does not echo the philosopher's dream. Instead, the NT affirms a new reality. God has called us "into fellowship with his Son Jesus Christ" (1 Cor 1:9). Everything in life is an expression of our mystical but real participation in all that Jesus is. This mystical union is what overflows into our relationship with other believers. Our union with Jesus is the basis for a bond with our fellow Christians. Because that bond is so vital and real, we can live with each other in an intimacy impossible in every other setting.**

As John MacArthur van Grace Community Church in Los Angeles in 1995 'n konferensie oor Bybelse berading open met as onderwerp "*fellowship*", neem hy die *kerk* as uitgangspunt in sy verduidelikings. (Die bandopname is op aanvraag by die skrywer beskikbaar). In direkte aansluiting by sy boek *The Church the body of Christ,* MacArthur (1973:15) sê hy dat wie *fellowship* wil verstaan eers moet begryp wat is die *kerk*. MacArthur (1995) vervolg:

> To begin, there are biblical metaphors which show what the church is - a family, a bride, a vineyard, a temple, a building, a kingdom, a flock, **but most directly and specifically, a body. The body is the church's New Testament identity, its unique position in Christ.**

Vervolgens verwys die skrywer grootliks na die bandopname (in besit van die skrywer) van MacArthur (1995). Die verband tussen *fellowship* en die *kerk* is die feit dat die kerk nie 'n fisiese gebou is nie maar 'n geestelike gebou bestaande uit gelowiges wat een is in Jesus Christus. En omdat die kerk een liggaam is, is al

die lidmate lede van mekaar. "The church was never intended to be only a building - a place where lonely people walk in, listen, and walk out still alone - **but a place of fellowship.**"

Volgens MacArthur (1973:170-177), en hy verwys ook in die bandopname daarna, leer die Nuwe Testament vier aspekte rakende *fellowship:*

- The *basis* of fellowship:
  The ground of Christian fellowship is presented in 1 Joh 1:3. Here is no fellowship with God prior to **salvation**.

- The *nature* of fellowship:
  They **shared** everything. They had everything in common - that was true fellowship - Acts 4:32, 34, 35

- The *danger* of fellowship:
  **Sin** is deadly to the joy of fellowship - 1 John 1:4. Sin breaks the joy of a Christian's fellowship with other believers as well as with the Lord.

- The *responsibilities* of fellowship:
  **We maintain fellowship by doing certain things for other believers. They are the "one anothers" of the New Testament.**

Samevattend meen Vorster (1996b:474) dat die uitdrukking *koinonia* 'n onmiskenbare eienskap van die kerk omskryf, waarmee hy bedoel:

> Die begrip dui enersyds op die innige gemeenskap van die gelowiges **met Christus en met mekaar** en daaruit voortvloeiend die taak van die kerk om hierdie gemeenskap te bewaar, te bevestig en uit te bou. Sowel die wese as die taak van die kerk word met dié woord aan die orde gestel. **Sonder ware gemeenskapsbelewing en gemeenskapsvorming is die kerk nie kerk nie.**

Daarom dat Ortberg (1999:36) kan sê: "*Our lives are about being devoted to God and to each other. This is serious business.*" (Kursivering deur P.H.H.)

Burger (1999:203-260) toon treffend aan dat κοινωνια een van vier *bedienings* (Kursivering deur P.H.H.) van die gemeente is. Hy (1999:202) stel die bedienings soos volg voor:




(Oorgeneem uit Burger, 1999:202).

Wat Burger (1999:203) wil beklemtoon is dat "terwyl ons glo in God se liefde en in die genoegsaamheid van die verlossing wat Christus vir ons bewerk het en in die oormag van die Gees en sy werk, ons ook die bedienings-aktiwiteite van die gemeente baie ernstig moet neem". Burger (1999:231) sê opsommenderwys oor *koinónia:* (vgl. ook 1.3)

**Dit gaan oor die ondersteunende en gemeenskapskeppende aktiwiteite wat gelowiges in die gemeente uitvoer waardeur Christene aanmekaar gebind word en so die versorgende en helende krag van die evangelie ervaar. Dit gaan in koinoniale aktiwiteite om *mense-mense* wat *mekaar* raaksien, vir *mekaar* omgee, vir *mekaar* verantwoordelikheid aanvaar en so leer om *mekaar* lief te kry soos Christus ons beveel het.**

## 2.4 'N PRAKTIES-TEOLOGIESE BASISTEORIE VAN DIE GEMEENTE (KERK)

### 2.4.1 Probleemstelling

Heyns **en** Pieterse (1990:59) stel dit onomwonde as noodsaaklik om 'n duidelike siening of beskouing van die gemeente te hê, **omdat die gemeente die ruimte is waarbinne die kommunikatiewe handelinge van die lidmate geskied.** Opmerklik dat in formele dogmatiekboeke (Heyns, 1978:352; Van Genderen **en** Velema, 1992:615), sowel as in ander teologiese publikasies (Versteeg, 1985:8,9; Burger, 1991:27-33; Nel, 1994:22; Mack **en** Swavely, 1996:ix; Burger 1999:48-51; Van der Walt, 1999:47-48), skrywers dit met mekaar eens is dat dit nie so maklik is om presies te sê wat die kerk of gemeente is nie. Van der Walt (1999:47) huiwer nie om te sê: "'n Kerk of gemeente is 'n komplekse samelewingsverband met baie kante." In samehang hiermee stel Burger (1999:49) dit so:

> Nadat ek 'n hele klompie jare Bybels-teologies en sistematies-teologiese materiaal oor die kerk gelees het vanuit 'n prakties-teologiese hoek, *wil dit vir my voorkom* of 'n behoorlike Bybels-teologiese visie van die kerk vir ons leiding moet gee oor minstens drie basiese vrae wat die gemeente en haar lewe ten diepste raak. (Kursivering deur P.H.H.)
>
> Die vrae is:
>
> - **Wie presies is ons?**
> - **Wat maak ons hier?**
> - **Hoe presies voer ons ons taak uit?**

Mack en Swavely (1996:ix) haal die definisie van *Webster's New World Dictionary* aan wat sê *"church"* is:

- a building for public worship
- public worship; a religious service
- a particular sect or denomination of Christians
- church government, or its power, as opposed to civil government
- the profession of the clergy
- **a group of worshippers.**

Uit bogenoemde blyk die *"probleem"* duidelik wat tot 'n totaal verkeerde bedieningspraktyk kán lei. Nie een van die genoemde definisies word in die Bybel vir *"kerk"* of *"gemeente"* gebruik nie. Inteendeel, in die Nuwe Testament kom (*ekklesia*) meer as honderd keer voor en verwys telkens na *"a group of*

*worshippers".* (Kursivering deur P.H.H.) Daarom dat Mack en Swavely (1996:ix) dit beklemtoon dat: **"The church, according to Scripture, is not a building, a denomination, or an activity - it is a group of people."** Ortberg (1999:11) stel dit amper nog skerper: **"Church is no longer a place we go or something we do; we are the church."**

### 2.4.2 Die Kerk: Skepping van God

'n Geldige kerkbegrip is primêr in die daarstelling van 'n basisteorie om uiteindelik tot die ontwerp van 'n meer geldige praktykteorie te kan kom. Vorster (1996a:40) merk op: "Die kerkbegrip bepaal die doelpunt van alle vernuwingsaksies." In samehang hiermee vereenselwig die skrywer hom met die aanname van Potgieter (1995:5) dat 'n praktykteorie 'n uitvloeisel is van 'n basiese kerkbegrip wat niks anders as 'n basisteorie is nie. Hoe ons die kerk se wese en doel verstaan bepaal die praktykteorie. **Dit sal dus nie help om slegs te verander aan die praktyk nie; meestal moet daar terug gegaan word tot by die kerkbegrip ten einde verkeerde idees reg te stel sodat die praktyk kan verander.**

#### 2.4.2.1 Die "geheim" van die kerk (gemeente):

Om presies te bepaal wat die kerk is praat Burger (1991:27) van: "Die teologiese geheim van die Christelike geloofsgemeenskap." Hiermee word bely dat die kerk, kragtens haar skepping op pinksterdag, 'n werk van die Gees is (vgl. o.a. Hand. 2; NGB Art. 27; vraag en antwoord 54 van die Heidelbergse Kategismus). Calvyn (1559/1992:1271) noem die kerk die gelowiges se *moeder* en beklemtoon die noodsaaklikheid om haar (die kerk) te leer ken deur op te merk:

> **Daar is trouens geen ander *toetrede tot die lewe* tensy die kerk ons in haar skoot ontvang, aan ons geboorte skenk, ons aan haar borste voed en ons onder haar beskerming en leiding bewaak.**
> (Kursivering deur P.H.H.)

'n Verskeidenheid hedendaagse teoloë, (Martin, 1979:22-33; Versteeg, 1985:9; Burger 1991:27; Van Genderen en Velema, 1992:631; Nel, 1994:22,23; Venter, 1996:30-34; Vorster, 1996a: 40-59 en De Bruyn, 1997: 138-140) twyfel ook nie daaroor dat die kerk 'n unieke skepping van God is. "De kerk wijst boven zichzelf uit. Zij heeft haar ontstaan niet aan een menselijk initiatief te danken en haar voortbestaan niet aan menselijke trouw. *De kerk is Gods werk.*" (Van Genderen en Velema, 1992:631.) Daarom dat Van der Walt (1999:54), as hy die kernidentiteit van die kerk verwoord, sê: "Die ware geheim van die kerk se identiteit is ***haar band aan of verhouding tot God.*** In die kerk moet die fokus op God bly en niks van die kerk (haar strukture, ampte of wat ook al) mag die blik op God Drieënig versper nie." (Kursivering deur P.H.H.) Die kerk is sonder enige twyfel 'n totaal unieke gemeenskap, en sê Burger (1991:27):

> Dit is belangrik om te verstaan dat dit nie die mense is of die byeenkomste of die prosesse van die kerk wat dit uniek maak nie, maar die feit dat dit bestaan in die krag van die Heilige Gees.

Vir die daarstelling van 'n basisteorie is dit onontbeerlik om te verstaan wat o.a. die volgende skrywers sê:

**Van der Walt, (1999:55,56)**

- die kerk nie die belangrikste is nie, maar die feit dat sy die aandag op God en Sy ryk fokus;

- die kerk nie haar eie identiteit bepaal nie, maar dat haar diens aan God moet geskied in gehoorsaamheid aan God se wil soos gegee in Sy openbaring;

- die kerk nie 'n doel op sigself is nie, maar die koninkryk van God wat - onder andere deur die werk van die kerk - in Sy skepping tot stand moet kom.

- **die kerk nooit tussen God en die gelowige ingeskuif mag word nie - die kerk mag nooit God se plek inneem nie.**

**De Klerk (1987:18,44)**

- die kerk die woning van die Heilige Gees is

- die kerk waarin die Gees van God kom woon leef mense in liefde saam, leer hulle *mekaar* al beter ken en hulle harte gaan oop vir *mekaar*.

Deur bogenoemde aannames beklemtoon De Klerk (1987) dat die verhoudings-aspek van die kerk belangrik is.

**Burger (1999:12)**

- **die kerk leef uit sy verhouding met God**

- **gelowiges benodig 'n diep bewustheid van hulle afhanklikheid van God en die feit dat die kerk (gelowiges, lidmate) voor die aangesig van die lewende God lewe - *coram Deo***

#### 2.4.2.2 Die "werklikheid" van die kerk (gemeente)

Hendriks (1992:11) skryf in sy boek *Strategiese beplanning in die gemeente* dat dit noodsaaklik is dat 'n gemeente moet verstaan waar hy vandaan kom en waar sy historiese wortels geleë is. 'n Gemeente moet egter ook weet waar hy op die oomblik is. En hy moet kan luister na die Woord en die Gees, sodat hy kan hoor waarheen die Here wil hê dat hy moet gaan. Al is die kerk dus 'n *pneumatologiese* werklikheid, is dit baie beslis ook 'n antropologiese en dus ook 'n sosiologiese werklikheid. Van Genderen **en** Velema (1992:631) praat van "een menselijke zijde". Die kerk bestaan immers uit mense - gewone mense, volgelinge van Jesus Christus en in die lig hiervan, die sinvolle opmerking van Louw (1998:149): mense wat in Christus nuut gemaak is. En die nuwe lewe in Christus word voortgedra en uitgedra deur Sy gemeente. God openbaar Hom in die geskiedenis (vgl. Gen. 17:7; Eks. 2:24) as die God van Abraham, Isak en Jakob (die Verbondsgod) en deurbreek die ou orde (die weerstand van sonde) deur die vestiging van Sy gemeente. **Met ander woorde die gemeente (nuutgemaakte gewone mense) is die sigbare teken van die nuwe lewe.** Hierdie nuwe gemeenskap, sê Louw (1998:149):

> ontstaan as gevolg van en word versamel deur die boodskap van die opstanding van die gekruisigde Jesus van Nasaret wat die boodskap van oorwinning oor die teëstand van die bose en sondige wêreld proklameer, wat uitgedra word deur die apostels **en verder bewerk is in die bestaan van mense deur die krag van die Heilige Gees.**

Ten diepste, merk Nel (1994:22) op: "moet die kerk uitdrukking gee aan die nuwe mensheid wat na die beeld van God *herskep* is en wat Hom op aarde verteenwoordig". (Kursivering deur P.H.H.) Samevattend sê Nel (1994:22,23):

> **Die kerk, en elke plaaslike gemeente binne die kerk as nuwe en eiesoortige eiendomsvolk van God, moet só God s'n wees en só leef dat die bestaan (die wees) van die kerk eer bring aan God die Vader, Seun en Heilige Gees.**

En, Lotter en Oostenbrink (1999:17):

> **Dit is juis binne die gemeente as 'n gemeenskap van verloste mense, waarin gelowiges veronderstel is om te leer om as dissipels van Christus te leef en in hulle geloof te groei om al meer soos Christus te word (Ef. 4:13-16).**

En, Van der Walt (1999:97):

> **Die kerk is 'n dinamiese geloofsgemeenskap wat lewe in die kragveld van of in gemeenskap met die Gees.**

Burger (1991:29) stel die *geheim* én die *werklikheid* van die εκκλησια (as die gemeente van Christus), soos volg voor, wat insiggewend blyk te wees:




(Oorgeneem uit Burger, 1991:29)

## 2.5 METAFORE (BEELDE) VIR DIE GEMEENTE

Wie basisteoreties te werk gaan én Bybels-biddend nadink oor die werking of funksionering van die kerk, moet ingelig wees oor die betekenis van die Bybelse metafore vir die kerk. Vorster (1996a:41) sê dat kennis van die metafore belangrik is om 'n beginselbasis vir teenswoordige kerkvernuwing daar te stel.

### 2.5.1 Die aard van metafore

Aannames aangaande metafore in die filosofiese literatuur handel hoofsaaklik oor dit wat metafore doen en 'n verduideliking oor hoe dit gedoen word. Op grond van bogenoemde beweer Müller (1998:65-67) dat die teorieë in drie breë kategorië verdeel word, naamlik:

- **Substitusie Teorieë**

Dié teorie is terug te vind by Aristoteles en hou die gedagte voor dat die metafoor 'n ander wyse is om iets wat letterlik gesê sou kon word, uit te druk.

- **Emotiewe Teorieë**

Die basiese aanname van hierdie teorieë ontken nie alleen 'n spesiale vorm van kognitiewe inhoud nie, maar ontken alle kognitiewe inhoud. Die argument is daarom dat die impak van metafore op die emotiewe vlak lê.

- **Toevoegingsteorieë**

Die basiese aanname van hierdie teorie beweer dat dit wat deur 'n metafoor uitgedruk word, uniek is en op geen ander wyse gesê kan word nie.

#### 2.5.1.1 Wat is 'n metafoor?

Alhoewel daar by skrywers nie werklik meningsverskil is oor wat 'n metafoor presies is nie, is die volgende omskrywings insiggewend:

**Botha (1984:31)**

In die engste sin van die woord kan 'n metafoor gesien word as 'n illustratiewe meganisme of instrument waardeur 'n term van een vlak of verwysingsraamwerk in 'n verskillende vlak of verwysingsraamwerk gebruik word.

**Van Huyssteen (1986:159)**

'n Metafoor is normaalweg 'n woord of uitdrukking wat binne 'n ongewone konteks gebruik word om ons daardeur tot nuwe insig te lei. 'n Metafoor is inderdaad 'n wyse van taalgebruik waarin die taal self op 'n manier gerek word om nuwe insig te bring, iets te verstaan wat vroeër nie verstaan kon word nie.

**Louw (1997a:60)**

Met verwysing na die Teologie sê Louw dat *metaforiese taalgebruik iets wil sê oor God of oor sake wat nie in rasionele taal uitgedruk kan word nie. In 'n sekere sin raak metaforiese taal die hart van alle geloofservaringe: die bewuswording en kennende ervaring saam met ander gelowiges dat God dáár is.*

Die skrywer het hom vergewis van die uiteensetting en verduideliking van verskeie teoloë rakende Bybelse metafore (Heyns, 1977:42-65; Hendriks, 1992:11-36; Van Genderen en Velema, 1992:631-639; Velema, 1992:631-639; König, 1998:58-59). 'n Teoloog soos onder andere Heyns (1977:42-65) gee 'n uitgebreide uiteensetting van die metafore met die volgende aanname as uitgangspunt: "Vir die kerk alleen - word beweer - kan meer as tagtig verskillende beelde onderskei word. Dit spreek daarom vanself dat hierdie toedrag van sake nie geïgnoreer kan word as ons probeer om 'n Bybelgetroue beskouing aangaande die kerk daar te stel nie." Heyns (1977:43-65) benoem en bespreek die volgende metafore:

- Kerk as uitgeroepenes (Rom. 1:6)
- Kerk as Volk (Hand. 15:14)
- Kerk as Liggaam van Christus (Ef. 1 en 4)
- Kerk as bruid van Christus (Ef. 5:22)
- Kerk as tempel van die Gees (1 Kor. 13:16,17)
- Die kerk as getuie (Luk. 24:48)

Opmerklik én insiggewend is die standpunt van Hendriks (1992:12-13) in die ontwikkeling van 'n verwysingsraamwerk vir kerkbegrip. Hendriks praat nie net van *'n metafoor* nie maar ook van *'n model* as synde belangrik vir verstaan wat presies die kerk is, (Kursivering deur P.H.H.) en sê:

> In 1 Kor. 12 wil Paulus aan Christene sê dat hulle in beginsel een is en dat hulle mekaar nodig het. Om dit te sê gebruik Paulus die metafoor van die kerk as liggaam. Wanneer dié beeld oor en oor gebruik word, word die gemeentes se kerkbegrip in terme van die beeld gevorm. Dan word so 'n beeld 'n model. 'n Model veralgemeen dus en orden in die proses die kerkbegrip binne die raamwerk van 'n Bybelse beeld.

Op grond van bogenoemde standpunt beskryf Hendriks (1992:14-35) vier kerkmodelle en sê gemeentes vertoon gewoonlik 'n balans tussen aspekte van verskillende modelle en lei hierdeur die leser van sy boek *Strategiese beplanning in die gemeente* tot sensitiwiteit en insig oor die tipiese maniere waarop daar oor die kerk gedink kan word. Die modelle is:

- Die instituutmodel
- Die verkondigingsmodel
- Die liggaamsmodel
- Die transformasiemodel

Die skrywer vereenselwig hom, soos Vorster (1996a:41) met die standpunt van Van Genderen **en** Velema (1992:631) wat die metafore oor die kerk in drie hoofgroepe indeel. Laasgenoemde twee skrywers praat van: **"Die kerk in trinatarisch licht."** (vgl. ook Heyns, 1977:66). Hierdie driedeling hou verband met die drie-eenheid van God wat dit vir die skrywer so sinvol maak, naamlik:

- *God die Vader*: Die kerk as volk van God
- *God die Seun*: Die kerk as liggaam van Christus
- *God die Heilige Gees*: Die kerk as gebou van die Heilige Gees.

Alhoewel die wesentlike van die kerk hiermee aangetoon is, maak Van Genderen **en** Velema (1992:639), in die lig van die driedeling van die kerk 'n uitspraak oor die *samehang* (Kursivering deur P.H.H.) van die drie aanduidings wat vir kerkbegrip primêr belangrik is, naamlik:

> Lichaam van Christus is de christologische bepaling die het volk van God in het N.T. krijgt. De eenheid van dit volk is een eenheid in Christus, die hun Hoofd is. (Tit. 2:14).
> Het volk van God is niet alleen het lichaam van Christus, maar ook de tempel van de Heilige Geest. (Ef. 4:4)

Van belang vir hierdie studie blyk om prinsipieel 'n vertrekpunt te neem in die feit dat: **"De gemeenschap met Christus en de onderlinge gemeenschap van de gelovigen worden door de Heilige Geest tot stand gebracht en in stand gehouden."** (Van Genderen **en** Velema, 1992:639.)

### 2.5.2 Die kerk (gemeente) as liggaam van Christus

As gevolg van die fokus van dié studie, gee die skrywer vervolgens aandag aan die metafoor, *die gemeente as liggaam van Christus*. Genoemde metafoor as aanduiding van die kerk, word slegs deur Paulus gebruik. (vgl. Rom. 12; 1 Kor. 12; Ef. 1:23; 4:15 en Kol. 1:18; 2:19). Die belang van die spesifieke metafoor word deur verskeie skrywers behandel (Ridderbos, 1966:405; MacArthur, 1973:16; Heyns, 1977:69-78; Heyns, 1978:360-361; Goedhart, 1984:113-114; Heyns **en** Pieterse, 1990:60-63; Hendriks, 1992:24-29; Banks, 1994:38,39; Warren, 1995:309-311; Mack, 1996:32-34; Venter, 1996:32-34 en Van der Walt, 1999:96-97). Heyns (1978:360) sê onomwonde: "Dit is ongetwyfeld die beeld waarin die rykste betekenisskakeringe voorkom." Die skrywer wil, in aansluiting by o.a. Van der Walt, Venter, Ridderbos, Banks en Hendriks die belang én waarde van *die gemeente as liggaam van Christus* aandui.

**Van der Walt (1999:96,97)** beklemtoon die feit dat genoemde metafoor die kerk (gemeente) met 'n *organisme* vergelyk waarvan *elke onderdeel* 'n inherente deel vorm waarsonder *die geheel* nie kan funksioneer nie. (Kursivering deur P.H.H.) Hieruit blyk onder andere die volgende:

- Almal het dieselfde doel/belange, wat hulle saambind en waarvoor hulle werk.

- Die verskillende lede is nie dieselfde nie. Elkeen het unieke gawes van die Gees ontvang, wat onontbeerlik is vir die funksionering van die geheel.

- Daarom is elke lid 'n aktiewe deelnemer.

- Dit gaan nie om persoonlike eer, voorreg of status nie - almal is saam bly oor die goeie en ly saam onder die slegte.

- Leierskap in so 'n geval beteken nie oorheersing of dominasie nie, maar die toerusting en aanmoediging van elke lid om sy/haar talente ten volle tot nut van die kerk te ontwikkel.

**Venter (1996:32,33)** wys daarop dat in die spraakgebruik van die liggaamsmetafoor in die Nuwe Testament, die eenheid en verskeidenheid van die liggaam op die voorgrond staan vanuit die eenheid met Christus. Ook die gedagte van groei, of voortgang is inherent aan 'n liggaam. **Tog is die deurslaggewende gedagte sowel by die dimensie van eenheid en verskeidenheid as by dié van groei, die feit dat die kerk 'n *eenheid in gemeenskap* is.**

**Ridderbos (1966:405)** sê ook dat die kwalifikasie van die kerk as liggaam van Christus **"een aanduiding is van de bijzondere, nauwe relatie en gemeenschap, die er tussen Christus en zijn gemeente bestaat"**.

**Banks (1994:38,39)** praat in samehang met die verwysing na die kerk as *'n eenheid in gemeenskap*, van die kerk as: "A heavenly reality to which all

Christians belong." Hy motiveer homself deur te wys op die gebruik van die woorde *en Christo* en *ekklesia* by Paulus, en sê:

> The "in Christ" formula is the most frequently recurring phrase in Paul's writings. It refers primarily to the believer's dependence upon the work of the historical Jesus and fellowship with the risen heavenly Lord.
> Individuals are in relationship with Christ even when they are not "in church." (1 Thess 4:16). **These facts, coupled with the repeated use of *en Christo* with *ekklesia*, show that Paul hints at a wider concept of *ekklesia* than just that of the local gathering.**

**Hendriks (1992:25,26)** verwys ten opsigte van die *liggaamsmodel* daarna dat alle gelowiges een familie vorm. Voor God is almal gelyk. Die gemeenskap van die gelowiges (*koinonia*), wat 'n wesenlike kenmerk van die kerk is, is ook in hierdie *model* van primêre belang. En sê Hendriks (1992:26): **"Die "mekaar-tekste" speel 'n groot rol in die gelowiges se verhouding tot mekaar."** Vergelyk in die verband die empiries- gebaseerde teodiseemodel wat Louw (1997b:75) soos volg voorstel:

**GOD METAFOOR**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Metafoor | **Monargies**<br>Koning<br>Regter | **Familie**<br>**Ouer**<br>**Vader/moeder** | **Vriendskap**<br>Vriend<br>Bondgenoot<br>Vertroueling | **Persoonlik**<br>Geliefde<br>minnaar |
| Prinsiepe | Gesag | **Sorg**<br>**Hulp** | "Verbonding"<br>Kommunikasie | Bevryding<br>Onvoorwaardelike |
| Hoedanigheid /Styl | Almag | **Ontferming** | Trou | Versoening<br>Genade |
| Menslike lydings-ervaring en Godsverstaan | Apatie<br>Vergelding<br>Beskikking<br>Straf | **Pedagogies**<br>**Empatie** | Solidariteit<br>Identifikasie | Diens<br>Plaasvervanging<br>Offervaardige medelye |
| Psigo-fisiese invloed | Skuldbewussyn | **Ondersteuning** | Verantwoorde-likheid (eties)<br>Commitment | Dankbaarheid<br>Vreugde<br>Hoop |

(Oorgeneem uit Louw, 1997b:75)

Insiggewend is die feit dat Hendriks (1992:28,29), spesifiek op die negatiewe kenmerke (beperkings) van die liggaamsmetafoor wys, en sê:

> Die liggaamsmetafoor het sy beperkings. Sy groot winspunt is sy klem op *koinonia*, op die ideaal van betrokkenheid en gesonde verhoudings. Maar dit lei baie maklik tot onrealistiese verwagtings en die strewe na perfeksionisme wat op frustrasie en depressie kan uitloop. **Die eensydige gebruik van die metafoor lei daartoe dat daar nie genoeg rekening gehou word met die sonde en die voortdurende aard van die kerk se stryd daarteen nie. Om die ideaal te bereik, moet die groep ontslae raak van almal wat nie hart en siel betrokke is nie.**

Die gevaar waarop Hendriks (1992:28,29) wys, is in 'n gebroke werklikheid inderdaad 'n moontlikheid. 'n Moontlik eensydige gebruik van die liggaamsmetafoor bevestig, volgens die skrywer, die belang daarvan dat genoemde metafoor korrek verstaan én gebruik sal word. Daarom blyk 'n uitspraak, soos die van Goedhart (1984:113) onontbeerlik, naamlik: "De twee kanten van *gelóófsgemeenschap* en *geloofsgeméénschap* vloeien ineen in het beeld van de gemeente als een lichaam bestaande uit vele leden die *ieder op zijne wijze* maar *samen met elkaar* functioneren (Rom. 12:3-8; 1 Kor. 12:12-31)." (Kursivering deur P.H.H.) As motief vir bogenoemde stelling, sê Goedhart (1984:113 en 114):

> Zij die met Christus lijden en opstaan, die delen in zijn dood en nieuw leven, delen in elkaars lijden en vreugde. ***In één geloof verbonden, zijn zij één met en voor elkaar.*** Die Geest van Christus in wie zij geloven, inspireert hen tot liefde voor elkaar. ***Terug naar 'het lichaam van Christus': lichaamsdelen op zich hebben geen levenskans, verbonden met elkaar en het Hoofd (Ef. 1:22,23; 4:15; Kol. 1:18) is er leven en overvloed.*** (Kursivering deur P.H.H.)

Die opsomming van J. van Rensburg (1988:13) oor die betekenis van die metafoor *die kerk as liggaam van Christus,* is vir hierdie studie wat op die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum,* met die oog op kerklike (gemeentelike) geloofsgemeenskap fokus, van groot belang, naamlik:

- **The unity of the church is an indicative ánd an imperative**
- The revelation pertaining to the unity of the church applies to both the local and the universal church
- Baptism by the Spirit is a sign of the unity of the church
- Earthly distinctions are superseded in the church
- An inferior role does not cancel membership of the church
- Diversity within the church is essential for its functioning
- The appointment in the church is made by God

- **The inter-dependence of the members of the church neccessitates unity in the church**

- Christ differentiates in his treatment of members of the church

- The unity of the church must manifest itself outwardly

- **The unity of the church is an organic and not a mechanical character**

Die uitspraak van Versteeg (1985:9) is daarom van uiterste belang, naamlik: "Wat de gemeente is, is slechts te sien in het licht van het in Christus gegeven heil. Hoe de gemeente dient te functioneren, is evenzeer slechts te sien in het licht van het in Christus gegeven heil."

## 2.6 DIE PRAKTYK VAN DIE BYBELSE EKKLESIA-MODEL

Van der Walt (1999:103) sê die kerk is iets besonders, maar terselfdertyd iets gewoons, iets aards en mensliks. Sonder om die unieke karakter van die kerk te ontken (vgl. 2.4.2) is dit tog belangrik om, ter wille van dié studie, te let op hoe die kerk in die wêreld as iets besonders tot vergestalting gekom het.

In sy boek *The second reformation* toon Beckham (1995:42) aan dat: "By 312 A.D., the church had changed from regular home meetings and large group meetings to almost exclusively conducting meetings in special buildings. **Consequently, the church became an audience!**" Dié aanname van Beckham hou verband met die feit dat Konstantyn die Grote (die eerste Christelike keiser van die Romeinse Ryk), vanaf 324 alleenheerskappy gevoer het. Wat belangrik is ten opsigte van die kerk, is om kennis te neem van wat Smitskamp (1957:289) sê, naamlik dat:

- daar oor die algemeen verskil van mening bestaan het oor die gehalte van Konstantyn se geloofsoortuiging;

- min twyfel bestaan het dat sy oorgaan tot die Christendom iets van 'n politieke daad was wat 'n einde gemaak het aan die konflik tussen die Christelike kerk, (wat al hoe meer in invloed gegroei het) en die Romeinse Staat;

- Konstantyn, sonder om die heidene te vervolg, die Christelike kerk openlik begunstig het. Dit lei tot die edik van Milaan wat in 313 godsdiensvryheid aan Christene verleen en aan hulle gelyke regte toeken;

- die kerk in 380 tot staatskerk verklaar word. Teenoor stoflike voorspoed en Christianisering van wetgewing en bestuur, het die kerk van die Staat afhanklik geword. Staatsinmenging het ook plaasgevind ten opsigte van kerklike aangeleenthede en aktiwiteite.

In 'n sterkbewoorde artikel *Nuwe wyn hoort in nuwe wynsakke* druk Nel (1999:4) hom só uit:

> Die wortels van die verwrongenheid wat ons in die Liggaam van Jesus wêreldwyd sien, lê histories in die vierde eeu toe met Konstantyn die geloofsgemeenskap 'n godsdienstige vorm aanvaar het wat in wese Ou Testamenties was.
>
> Die Rooms Katolieke Kerk het hierdie styl gaan kanoniseer. Toe kom Luther en reformeer die kern-evangelie, maar los die uiterlike wyse van "kerk-wees" feitelik onveranderd. Na hom het van die "Vrye kerke" tot die hedendaagse Charismatiese beweging noodsaaklike beklemtonings op tafel geplaas, **maar niemand verander iets wesenlik aan die hele 'super-sisteem" van "kerk-wees" nie.**

Wat Nel (1999) aanvoel is wat Beckham (1995:42) *"The One-Winged Cathedral Design" noem.* (Kursivering deur P.H.H.) Die wese van die Konstantynse Katedraal paradigma, waarmee, volgens die skrywer, in die hart van die kerkprobleem geraak word, beskryf Beckham (1995:43) soos volg:

- People go to a building **(cathedral)**
- on a special day of the week **(Sunday)**
- and someone **(a priest, or today, a pastor)**
- does something to them **(teaching, preaching, absolution or healing)**
- or for them **(a ritual or entertainment)**

- for a price **(offerings)**

Die konklusie waartoe Beckham (1995:43) geraak en wat sprekend is van die krisis waarmee gemeentes hedendaags worstel, is: "By building cathedrals and placing rituals and leadership within those buildings, Constantine changed the very nature and life of the church as originally designed by Christ. **The changes grew out of new ways of thinking about God's church as an organization rather than as an organism."** Simson (1998:13) sluit direk hierby aan, as hy opmerk: "Using a combination of the Roman governmental and feudal systems, Emperor Constantine developed a church structure that has lasted for seventeen centuries. **The "Cathedral" structure has had the capacity to absorb all major movements into its structure without changing its own basic form."** Burger (1999:3) verwys ook na die *Konstantynse era* wat na ongeveer sestien eeue tot 'n einde gekom het. 'n Periode waarin die kerk (as staatskerk) 'n sosiale posisie van mag en beskerming ontvang het wat oor baie jare geweldige bevoordeling van die kerk beteken het.

Om bloot nét die Konstantynse staatskerkstelsel te opper as synde die oorsaak van probleme wat die kerk sou ondervind, is onverantwoordelik. As König (1998) in die voorwoord van sy boek *Vernuwe of Verdwyn*, waarin hy hoofsaaklik op probleme in die NG Kerk fokus, sê dat dit nie goed gaan met die meeste sogenaamde historiese kerke nie, sou die skrywer wou wys op Van der Walt (1999:82,83) wat opmerk dat die omgewing waarbinne kerke deur die eeue geleef het, hulle vorm medebepaal het. Daarom dat die mens en ook sy kerk in 'n baie groot mate kind of produk van sy tyd is. Burger (1999:2) stel dit so: "Daar is 'n paar faktore wat veroorsaak dat, die probleme waarmee ons tans sit 'n ander kleur het as dié van vroeër." Ander oorsake van die moontlike krisis in die kerk word onder andere deur Vorster, (1996a:66-70); Burger, (1999:2-3) en Van der Walt, (1999:82-91) aangetoon as *sekularisasie* (die proses van ontkerstening wat

hom oor die afgelope dekades in die wêreld voltrek het), *modernisme* (as die afname van die invloed van die Christendom in die lewe van die moderne mens) wat sekularisasie tot gevolg gehad het én die *post-modernisme* wat in die laat-twintigste eeu 'n paradigmaverskuiwing in die denke en geestesinstelling van die moderne mens tot gevolg gehad het.

Alvorens die skrywer die modernisme en die post-modernisme omskryf, is die opmerking van Van der Walt (1999:88) van belang om in nadenke van genoemde "denkstrominge" perspektief te kan behou, naamlik:

> Die hedendaagse sekularisme is egter nie 'n **"gevaar daarbuite"** nie, maar binne onsself. Die oorsaak vir die sekularisering van die Weste mag immers nie net buite die kerk gesoek word nie. Dit het sy oorsprong binne die Christendom self wat - nou al vir 2000 jaar - die werklikheid en ons lewe in 'n heilige en sekulêre terrein verdeel, sodat die perspektief van God se allesinsluitende, lewensomvattende Koningsheerskappy tot die geestelike en die kerklike beperk word.

Wie die postmoderne geestesinstelling van die mens van die laat-twintigste en vroeg-een en twintigste eeu wil begryp, moet, op sowel die premoderne - as die moderne tyd fokus. Opsommenderwys stel Veith (1999:29,30) die twee tydskenmerke soos volg:

> ***Premoderne Tydperk:*** (vanaf die klassieke Grieke tot en met die periode dat die Christendom die denke van mense begin beïnvloed het)

- alles is waar (nie slegs empiriese feite nie maar selfs ook abstrakte idees en morele prinsipes);

- drie absolutes bestaan, naamlik die waarheid, die goeie en die skoonheid.

***Moderne Tydperk:*** (sedert die Verligting in die 18e eeu tot laat 20e eeu)

- die menslike rede waarvan die wetenskap die hoogste uiting is, is primêr;

- die Christendom, met 'n belewing en vertroue op die Godsopenbaring, is verwerp;

- moraliteit wat in die Godsopenbaring gegrond is, is met 'n pragmatiese benadering van norme en waarde vervang;

- die enigste aanvaarde waarheid is dit wat empiries en wetenskaplik getoets kan word;

- waarheid is 'n ontdekking.

As gevolg van die paradigmaverskuiwing in die denke van die mens van die laat-twintigste eeu, het 'n post-modernistiese lewensvisie ontwikkel wat van die standpunt uitgaan dat objektiewe wetenskapsbeoefening en ewige waarhede nie moontlik is nie (Vorster, 1996a:68). Alhoewel Burger (1992:2) die positiewe van die postmoderne era sien in die ontnugtering met die geloof in rasionaliteit, merk

hy ook op dat die negatiewe van dié era sentreer in die feit dat die waarheid 'n baie persoonlike en relatiewe saak geword het. In 'n artikel *Modernisme, Postmodernisme en Hulpverlening* stel De Vriese (1997:23) die negatiewe van die Postmodernisme soos volg: "**Aangezien dé waarheid niet bestaat, en niemand daar dus beroep op kan doen, is er geen absoluut centraal gezag.**" Die post-moderne mens sien die waarheid dus as relatief en veranderlik en is nie ingestel op die handhawing van kerklike leerstellinge nie (Vorster, 1996a:69). Die Postmodernisme is gevaarlik, sê Van der Walt (1999:86) omdat dit nie bloot net 'n nuwe *styl* wil wees nie, maar heeltemal 'n nuwe manier van *dink*. Dié nuwe manier van dink word uitstekend saamgevat in die volgende skema van De Vriese (1997:24):

SCHEMA

| **MODERNISME** | **POSTMODERNISME** |
|---|---|
| Autonoom individualisme<br>(het individu op zichzelf). | Het relationele zelf<br>(individu in een context; netwerk van relaties) |
| Narcistisch hedonisme<br>(geluk en genot als einddoel) | Authentisch zijn<br>(echtheid als einddoel) |
| Reductief naturalisme<br>(de zichtbare wereld is het enige wat werkelijk is) | Holisme<br>(het spirituele hoort bij het natuurlijke) |
| Absoluut moreel relativisme<br>(geen universele absolute normen en waarden) | Relativerend pluralisme<br>(verregaande relativering van waarden) |
| Rationele epistemologie<br>(wetenschap gebaseerd op de rede) | Sociale constructie van de kennis<br>(kennis is subjectief) |

Insiggewend is die tabel van Olthuis (1999:144):

| Modernism | Postmodernism |
|---|---|
| confidence in Reason (and Science) as Way to Truth and Happiness | distrust in Reason (and Science) as the Way to Truth and Happiness |
| **modernism privileges** | **in reaction to resulting imbalances, postmodernism emphasizes** |
| "the real is logical" | "life is more than logic" |
| universality | particularity |
| iron-clad arguments | no knock-down arguments |
| closure | open-ended |
| clarity | ambiguity |
| univocal | equivocal |
| unity | multiplicity |
| autonomy | interdependence |
| uniformity | diversity |
| sameness | difference |
| homogeneity | heterogeneity |
| totality | partiality |
| wholes | fragments |
| stability | change |
| safety | risk |
| progress | discrimination/oppression |
| presence | absence |
| control | flow/attunement |
| mastery | mutuality |
| power-over | power-with |
| neutrality | prejudice |
| timelessness | timed |
| genderless (read: male) | gendered |
| equality | uniqueness |
| sameness | otherness |
| center | margins |
| system | positions |
| public/private | continuum |
| essence | relational |
| identity | difference |
| cohesion | dispersion |
| mind | body |
| rational | emotional |
| systematic | eclectic |
| law | justice beyond law |
| continuity | discontinuity |
| patterns | ruptures |
| predictability | unpredictability / surprise |
| what we know | what is unknown |
| what is seen | what is unseen |
| representable | un-representable |
| answers | questions |
| faith is illogical | faith goes beyond knowledge |
| master story | stories |
| truth | truths |

Sonder om die negatiewe van die Postmodernisme te ontken, wil die skrywer die aktualiteit van dié studie beklemtoon deur, die oorbeklemtoning van individualisme tydens die moderne tyd te stel teenoor die postmoderne era, met 'n bewuswording van die feit dat die individu, in verhouding tot ander mense funksioneer. Hierdie aspek van die postmoderne tyd ervaar die skrywer as positief omdat dit 'n denkklimaat bied waarbinne die *"mekaar"*-opdragte soos onder andere by Paulus, aan mense bedien kan word. Waar die individu vir die moderne mens die sentrum van sy lewe was en die belang van die individu belangriker as die belang van die maatskappy, is die postmoderne mens, beweer De Vriese (1997:26):

> Bewust dat hij niet in staat is zelfstandig te functioneren en tot inzicht in zichzelf te komen. Het individu staat in relatie met de anderen, in een context van relaties. **Daarom is geloof geen individualistisch gebeuren, maar staat binnen het kader van een collectieve zingeving waarin de individuen *elkander* wederzijds beïnvloeden.** (Kursivering deur P.H.H.)

Dié nuwe lewenswyse en lewensgevoel sal die kerk moet probeer verstaan. Die kerk sal haar begrip as aanknopingspunt moet gebruik om, te midde van kerkkritiek (vgl. Beckham:1995; König:1998; Simson:1998; Nel:1999; Van der Walt:1999), die evangelie aan die hedendaagse (postmoderne) mens te bedien. Van der Walt (1999:90) sê: "Die kerk mag nie self postmodernisties word nie, maar moet die postmodernistiese mens bedien." Laasgenoemde, sê Veith (1990:30) is iemand wat glo dat "**waarheid grotendeels een bedenksel is van het individu, wie se geloof wordt gevormd door keuzen. Aangezien er geen manier bestaat om objectieve waarheden over dergelijke zaken te kennen,**

**kiezen hulle ideeën die hulle aanstaan, waarmee hulle die leven inhoud geven".** (Kursivering deur P.H.H.)

Bogenoemde perspektief het ingrypende gevolge vir die geloof van die postmodernistiese mens, wat deur die kerk sowel verstaan as hanteer behoort te word. Vir die postmodernis moet geloof aksent plaas op geloofsbelewing. Geloof word alleen nog geduld indien dit geen beroep doen op die status van absolute waarheid nie. Geloof is ervaring. Geloof is in dialoog met die omgewing waarin ook ander singewingselemente gevind word. Dit word nie noodwendig as teenstrydig met die geloof ervaar nie, maar as aanvullend én verrykend, wat die mens help om die verhaal van sy lewe sinvol te beskryf (De Vriese, 1997:27). Hoewel die wese en roeping van die kerk deur die eeue prinsipieel dieselfde bly, kan verskillende kontekste verskillende aksente vereis (Vorster, 1999:115). Van der Walt (1999:90,91) verwys onder andere na die volgende "trekke" van die hedendaagse lewensgevoel, waarby die kerk moontlik kan aansluit:

- 'n Terugkeer na die grondliggende, basies geestelike uitgangspunte wat al ons doen en late bepaal. **'n Soeke na die geestelike, na spiritualiteit.**

- Klem op belewenis, ervaring, emosie en intuïsie teenoor koue logika. **Die rasionalistiese Godsbewyse word vervang met 'n behoefte aan outentieke Godservaring, sonder ingewikkelde dogmas.**

- 'n Groot allergie vir die institusionele, die formele, terwyl die informele hoog waardeer word.

- 'n Holistiese benadering waarvolgens alles met alles saamgehang en onderling van mekaar afhanklik is.

- **'n Beklemtoning van die persoonlike, intieme.**

- **Terselfdertyd - in reaksie op die verskriklike individualisme van die Weste - 'n ernstige soeke na gemeenskap en geborgenheid.**

Vorster (1999:108-115) praat van "ontluikende megatendense" waarvan die kerk sal moet kennisneem, naamlik:

- **Bevryding en menseregte:** die samelewing van die toekoms sal georden word volgens die beginsels van menseregte soos wat dit internasionaal gedefinieer word. Die kerk sal dus as "waghond" oor die owerheid en ander samelewingsverbande moet optree om toe te sien dat menseregte uitgewerk word in die lig van die Skrif.

- **Gesagsverskuiwing en demokratisering:** die kerk gaan in die volgende dekades deeglik te doen kry met verset, sowel in kerkbeskouing as in kerkbelewing, teen die instituutmodel met sy institusionalisme en formalisme. Hiermee gaan die behoefte aan die *aktiewe belewing van gemeenskap* gepaard. En omdat die postmoderniteit reageer teen die absolutisme en heerskappy van superstrukture in die samelewing **is daar in die kerke ook 'n verset teen ingewikkelde stelsels, moeilik verstaanbare dogmas, "koue" eredienste, rigiditeit, onpersoonlikheid, betekenislose tradisies en vormgodsdiens.**

- **'n Nuwe waardesisteem:** met die relativisme as wagwoord bestaan daar in die na-moderne era geen absolute en "tydlose" waarhede nie. **Binne hierdie raamwerk sal die kerk hom daarop moet toespits om beginseldenke te bevorder.**

- **Spiritualiteit:** in die moderniteit het die mens gevra **of** God bestaan. In die ontluikende postmoderniteit vra die mens na die verhouding **met** God. **Begrippe soos geloof, meditasie, afhanklikheid en geestelike verryking is aan die orde van die dag.**

Daarom dat Vorster (1999:115), nadat hy die vier megatendense gemeld en verduidelik het, opmerk: *"Kontekstualisering is noodsaaklik vir die effektiwiteit van die kerk* en vir die GKSA sal kontekstualisering in die groeiende postmoderne konteks die prioriteit van die bediening in die dekades na 2000 moet wees." (Kursivering deur P.H.H.) Geen kerk kan in 'n vakuum leef nie (Van der Walt, 1999:123) en na 'n tyd waarin mense die institusionalisering van die kerk redelik gelate aanvaar het, is daar tans (as gevolg van die postmodernisme) 'n groeiende besef dat die gemeente in haar diepste wese 'n *koinoniale gemeenskap* is waarin verhoudings en menslikheid 'n groot rol behoort te speel (Burger, 1999:14). In dié verband praat Simson (1998:14) van die *"Congregational Church"* wat radikaal van *"The New Testament Church"* verskil, wat hy uitstekend in die volgende tabel saamvat: (Kursivering deur P.H.H.)

| | Congregational Church | The New Testament Church |
|---|---|---|
| • Place | meets in sanctuaries | moves from house to house |
| • structure | organisation | organism |
| • Main functionaries | Pastors, Teachers Evangelists | Apostles, Prophets, Elders |
| • finances | tithes and offering | sharing all they have |
| • **lifestyle** | **individual** | **community lifestyle** |
| • **sharing** | **2-4 hours time a week** | **life** |
| • Evangelism | outreach, action, programs, specialists | natural discipling of neighbours, multiplying itself |
| • battle cry | getting people into the church | getting the church into people's homes |
| • Size | big, impersonal groups | small, intimate groups |
| • format | formal | spontaneous |
| • **Activities** | **weekly services** | **daily fellowship** |
| • **Relationships** | **limited, self-help** | **intimate, helping each other** |
| • Discipleship • | Teacher with class of students | person to person; role model |
| • teaching style | static, sermon centred | kinetic, discussion-style |
| • most important task of pastor | lead the church program; preach good sermons; housevisits etc. | equip each believer for doing the ministry themselves |
| • **task of** believers | **be present, participate** in program | **serve others** |
| • centre | worship service in a religious building | the ordinary house is the centre |
| • Keyword | become a member! | Go and make disciples! |
| • spiritual gifts | few gifts used by few members | everyone regularly participates |
| • Maturity-Test | How much do you know? | How good do you serve others? |
| • Ministry | performance oriented | equipping oriented |
| • Mission | sending specialized missionaries | church sends itself as a multipliable unit |

Hiermee is die aktualiteit van die *"mekaar"-opdragte* in die *Corpus Paulinum* vir die kerk in die postmoderne konteks bevestig. En alvorens op die *"mekaar"-opdragte* by Paulus gefokus word, is die konklusie waartoe Wuthnow (1993:32) in sy boek *Christianity in the 21$^{st}$ century* kom, van belang vir dié studie, naamlik:

> The church of the twenty-first century, like that of previous centuries, will probably remain vibrant as long as it can provide people with a strong sense of community. The congregation, therefore, remains at the heart of the church and, in turn, at the heart of Christianity.

In die lig van die bogenoemde verwys die skrywer kortliks na twee Skrifuitsprake van belang, vir die kerk (gemeente):

- **Efesiërs 4:1-16**

Knouwds (1975:82,83) stel die verse soos volg voor, op grond waarvan hy sê: "God se geheimenis kry gestalte in die gemeente."

**Ef. 4:1-16**

→ wat 'n gevangene is
→ Omdat ek die Here dien

1. Ek vermaan julle dan
→ om te wandel
→ in ooreenstemming met die roeping waarmee julle geroep is
2. → in alle beskeidenheid en sagmoedigheid
→ in geduldigheid
→ om mekaar in liefde te verdra
3. → en om ernstig te strewe om die eenheid van die Gees te bewaar
→ deur in vrede met mekaar te leef.

4. Daar is net
→ een liggaam en een Gees
→ een hoop waartoe julle geroep is
5. → een Here
→ een geloof
→ een doop
6. → een God en Vader van ons almal
→ wat
→ oor almal is
→ en deur almal werk
→ en in almal woon.

7. Maar aan elkeen is gegee
→ van ons
→ 'n genadegawe
→ volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het.

8. Daarom sê Hy:
Toe Hy opgevaar het in die hoogte,
het Hy
→ die krygsgevangenes saamgeneem
→ en gawes aan die mense gegee.

9. Maar dit: Hy het opgevaar;
Wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het?
→ na die aarde.

10. Hy is dieselfde
→ Hy wat neergedaal het
→ en Hy wat opgevaar het
→ bokant al die hemele
→ sodat Hy alles kan vervul met sy teenwoordigheid.

## Ef. 4:1-16

11. En Hy het gegee
    - sommige as apostels
    - ander as profete
    - ander as evangeliste
    - en ander as herders
    - en leraars
12. om die gelowiges toe te rus
    - vir hulle dienswerk
    - met die oog op die opbouing van die liggaam van Christus
13. totdat ons almal kom tot
    - die werklike eenheid
        - in ons geloof
        - en in ons kennis van die Seun van God
    - 'n volgroeide/volwasse mens
        - so volmaak en volwasse soos Christus
14. sodat ons nie meer soos kinders mag wees nie
    - wat soos golwe geslinger en heen en weer gedrywe word deur
        - elke wind van dwaalleer
        - die bedrieëry van mense
        - slinksheid om op dwalweë te bring
15. maar in alles mag opgroei
    - terwyl ons in liefde by die waarheid bly
    - in Hom
        - wat die Hoof is, naamlik Christus
16. **uit Wie die hele liggaam**
    - **die groei van die liggaam bevorder**
    - **vir sy eie opbouing in liefde**
    - **saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning**
        - **wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate.**

(Oorgeneem uit Knouwds, 1975:82,83)

- Kolossense 2:19b

In samehang met Ef. 4:1-15 staan in Kol. 2:19b, waardeur die groepsverbondenheid van gelowiges, hulle geestelike groei én ondersteuning van mekaar bevestig word (Van der Watt, 1999:1602):

> "Uit Christus groei die hele liggaam, ondersteun deur die gewrigte en saamgebind deur die spiere, soos God dit laat groei." (Kol. 2:19b)

## *2.7* *"MEKAAR"* IN DIE *CORPUS PAULINUM*

### 2.7.1 **Afbakening**

Naas die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* as fokus vir hierdie studie, is op voetspoor van Ortberg (1999) 'n keuse gemaak om, alvorens die *"mekaar"*-opdragte by Paulus uiteen gesit word, 'n nadere verklaring te bied van sowel Handelinge 1:8 as 2:42. Die volgende redes motiveer hierdie keuse:

- In Handelinge 1:8 word openbaar wie die Nuwe Testamentiese kerkstigter is (vgl. Ortberg, 1999:12, 13).

- Met behulp van Handelinge 2:42 kan die *"mekaar"* opdragte van Paulus beter (in konteks) verstaan word (vgl. Bilezikian, 1997:55; Schwammlein, 2000. Mondelinge mededeling aan outeur. (Kassetopname in besit van die skrywer).

- In die verse-eenheid (Hand. 2:42-47), word 'n profiel (met vier wesenskenmerke) van die eerste Nuwe Testamentiese gemeente gebied (vgl. Warren, 1995:49; Oostenbrink, 1996:17-20; Venter 1996:45-48; Ortberg, 1999:34-43).

In die lig van bogenoemde redes blyk dit gegrond te wees om in 'n studie oor die *"mekaar"*-opdragte by Paulus, met die oog op kerklike geloofsgemeenskap, vooraf te let op Handelinge 1:8 en 2:42.

### 2.7.2 Handelinge 1:8 binne die gedeelte Hand. 1:1-8

In Handelinge 1:1-8 word die teologiese geheim van die Christelike geloofsgemeenskap geopenbaar, *naamlik dat die kerk 'n uitsonderlike, eiesoortige gemeenskap is wat deur God self in die lewe geroep en in stand gehou word, en kragtens sy skepping 'n werk van die Heilige Gees is* (Fraser en McDonald, 1965:21-33; Grosheide, 1973:5-12; Burger, 1991:27). Ortberg, (1999:12) stel dit in sy boek *Build Community* in die vorm van 'n vraag om daardeur die rol wat die Heilige Gees in Handelinge vervul, te beklemtoon, te wete:

> **Who is the most prominent character in the book of Acts? The lead role in the drama of the book of Acts is played by the Holy Spirit.** Ordinary people were gifted and empowered to do extraordinary things; but apart from the Spirit, they could do nothing. **The Spirit is the source of power for kingdom living.**

Alhoewel Handelinge die leser op 'n ontdekkingsreis na die wêreld van die vroeë kerk neem, wil Lukas primêr vertel van **die aktiwiteite van die Heilige Gees** in en deur Petrus en Paulus en ander vroeë Christene (Joubert, 1999:1371). Die apostels se opdrag om die evangelie te verkondig was die hoofrede waarom hulle die krag van die Heilige Gees ontvang het. En dié gebeurtenis het die geskiedenis van die wêreld dramaties verander omdat die boodskap van die evangelie van Jesus Christus oor die aarde versprei het - Matt. 28:19, 20 (MacArthur, 1997:1632). Gewoon menslik beskou, is dit moeilik om aan te toon hoe die verspreiding van die evangelie deur gewone mense wêreldwyd kon

plaasvind. Daarom dat Burger (1991:27) sê: "Uiteindelik besef 'n mens net dat die uniekheid van die kerk **'n geloofsaak is wat saamhang met sy belydenis oor die werklikheid van die uitstorting en werksaamheid van die Heilige Gees."** In die lig hiervan kan vervolgens gelet word op Handelinge 2:42, om soos Ortberg (1999:12) sê, te verstaan "what the Spirit was doing among the early followers of Christ".

### 2.7.3 Handelinge 2:42 binne die gedeelte Hand. 2:42-47

Skrywers is dit eens dat Handelinge 2:42-47 'n profiel bied van die eerste Christelike gemeente ná die uitstorting van die Heilige Gees (vgl. Grosheide, 1973:45; MacArthur, 1994:79-92; Mack en Swavely, 1996:33-34; Oostenbrink, 1996:14-20; Venter, 1996:45-48; Bilezikian, 1997: 5; Ortberg, 1999:13, 14; Joubert, 1999:1379-1380). In Hand. 2:42 word spesifiek vier wesenskenmerke van die eerste gemeente gebied, naamlik *die leer van die Apostels, gebed, gemeenskap en die gemeenskaplike maaltyd* (Oostenbrink, 1996:17-20). (Kursivering deur P.H.H.)

MacArthur (1994:79) verwys na Hand. 2:42-47 as *the first Christian fellowship,* (Kursivering deur P.H.H.) waarvan hy sê:

> In this brief cameo of life in the early church, three distinguishing dimensions emerge that reveal this to be a remarkable assembly. **They manifested spiritual duties** and **spiritual attitudes, and the result was spiritual impact.**

Op voetspoor van MacArthur (1994:80-92), kan bogenoemde drie dimensies, ter wille van 'n geheelbeeld ten opsigte van Hand. 2:42-47, soos volg weergegee word:

**THE FIRST CHRISTIAN FELLOWSHIP**

**ACTS 2:42-47**

- **SPIRITUAL DUTIES ACTS 2:42**
  - a saved church (2:42a)
  - a scriptural church (2:42b)
  - **a fellowshipping church (2:42c)**
  - a Christ-centered church (2:42d)
  - a praying church (2:42e)
- **SPIRITUAL ATTITUDES ACTS 2:43-47a**
  - an awe-inspiring church (2:43a)
  - a miraculous church (2:43b)
  - **a sharing church (2:44-46a)**
  - a joyful church (2:46b-47a)
- **SPIRITUAL IMPACT ACTS 2:47b & c**
  - an attractive church (2:47b)
  - a growing church (2:47c)

(Saamgestel deur P.H.H.)

Ortberg (1999:13, 14) sê opsommenderwys oor Hand. 2:42-47:

> History shows that when God moves in mighty ways, the people of God face life together. They don't just go to church - they meet together, pray together, share what they have, **and invest deeply in each other's lives.** Explosive energy is generated when God's people are together. **We are created for community. We long to be with other Christ followers, to know and be known, love and be loved, serve and be served, celebrate and be celebrate.**

In hierdie studie word hoofsaaklik aangesluit by Hand. 2:42c omdat die *"mekaar-karakter"* van die eerste gemeente na die uitstorting van die Heilige Gees, prominent is. *Koinonia*, as eienskap van dié gemeente waaronder verstaan moet word "deelname" aan die Heilige Gees wat die *koinonia* skep tussen gelowiges onder hulle één Hoof Christus (Venter, 1996:48). Die veelseggende opmerking van Oostenbrink (1996:19) dien vermeld te word, naamlik dat *koinonia* ook die konteks aandui waarbinne die volharding in die leer van die apostels, die gemeenskaplike maaltye en die gebede (Hand. 2:42; vgl. Hand. 2:43-47) plaasgevind het, *te wete in die konteks van onderlinge verbondenheid met mekaar in Christus.* (Kursivering deur P.H.H.) Bilezikian (1997:55) sluit by bogenoemde uitspraak aan as hy beweer: "For those first Christians, fellowshipping together became a priority, second only to the preaching of the Word." In sy kommentaar oor Hand. 2:42c druk MacArthur (1994:84) hom oor hierdie wesenseienskap van die eerste gemeente só uit:

> **Fellowship** is the spiritual duty of believers to stimulate each other to holiness and faithfulness. **It is most specifically expressed through the "one anothers" of the New Testament.** Those who receive Jesus Christ become **partners** with Him and with all other believers. That fellowship is permanent, because our shared eternal life is forever.

In samehang met bogenoemde, maak MacArthur (1994:84) 'n kernuitspraak wat die aktualiteit van dié studie beklemtoon, naamlik: **"The joy associated with it,** (met verwysing na fellowship) **however may be lost through sinful neglect of its duties.** Daarom dat dit vir enige Christen onverskoonbaar is om nie in 'n plaaslike gemeente meelewend te wees nie. Want kragtens Heb. 10:24-25 is dit duidelik dat die Bybel die Christen se lewe nie beskou as 'n bestaan wat apart van ander Christene realiseer nie (MacArthur, 1994:84), maar om na mekaar om te sien en tot liefde en goeie dade aan te spoor (Heb. 10:24). Die kardinale plek van die *gemeente* as "ruimte" waarbinne *koinonia* primêr beoefen behoort te word, is ook 'n aanname van verskeie ander skrywers (vgl. Heyns **en** Pieterse, 1990:60-63; Wuthnow, 1993:42-54; Mack **en** Swavely, 1996:19-20; Venter, 1996:52; Burger, 1999:107-109). Sonder om die uitspraak van die ander skrywers as van minder belang te ag, is die volgende twee opmerkings vir dié studie van kardinale belang. **Burger (1999:107)** sê:

> Die gemeente moet as geheel gesien word as die eerste en primêre middel wat die Gees wil gebruik in sy werk rondom die kommunikasie van die evangelie. Die gemeente is, uit 'n prakties-teologiese hoek gesien **die mees basiese vorm** van kerk (en daarom ook van die werk van die kerk).

**Mack en Swavely (1996:19-20)** sê, met verwysing na o.a. Hand. 2:42 en Heb. 10:24-25:

> The primary context in which God wants this involvement to take place is the *local body of believers,* and so the commitment called for is also a commitment to the church. **Almost all the "one anothers" of the New Testament are given directly to local churches and are intended to help those churches be what God wants them to be.**

Die volgende kan met die oog op 'n ondersoek van die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum,* met die oog op kerklike geloofsgemeenskap, afgelei word:

- Dat die kerk kragtens haar skepping 'n werk van die Heilige Gees is en dat Hand. 1:8 die uniek-eiesoortigheid van die kerk bevestig.

- Dat die kerk 'n geloofsaak is wat saamhang met haar belydenis oor die werklikheid van die uitstorting van én werksaamheid van die Heilige Gees.

- Dat Hand. 2:42 in samehang met vers 43-47, in die lig van Hand. 1:8 gelees én verstaan behoort te word.

- Dat die eerste Nuwe Testamentiese gemeente onder andere *"a fellowshipping church"* (Hand. 2:42c) was.

- Dat die eerste Christene in mekaar se lewens belê het binne die konteks van die volharding in die leer van die apostels en die ouderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltye en die gebede.

- Dat die gemeente 'n unieke gemeenskap vorm waarin *koinonia* (gemeenskap) sentraal is.

- Dat *koinonia* in Hand. 2:42c gemeenskap **met God en met mekaar** beteken.

### 2.7.4 Bybelse perspektiewe van *koinonia* (met verwysing na die *"mekaar"*-opdragte by Paulus).

#### 2.7.4.1 Uitgangspunt

Naas Versteeg (1980) se boek *Oog voor elkaar* wat spesifiek op die gebruik van die woord *"mekaar"* in die Nuwe Testament, met betrekking tot die onderlinge verhoudinge in die gemeente fokus, verwys ander skrywers (vgl. Mack en Swavely, 1996:19-20; Oostenbrink en Lotter, 1999:18) daarna sonder om detail te verskaf. Tog was die verskyning van Burger (1999) se boek *Gemeentes in die kragveld van die Gees*, ten opsigte van die belang van die *"mekaar"*-opdragte, verreikend. Burger (1999:234) beweer dat ons daarby kan baat om in die beoefening van *koinonia* ook rekening te hou met die drie vlakke van menswees waarmee ons in dié bedeling te doen kry. Wat Burger bedoel is dat as ons sê dat ons ons lewe met ander moet deel (wat die wese van *koinonia* is), behoort ons dit te doen:

- as ***skepsels*** van God wat die geskape lewe waardeer;

- as ***sondaars*** wat weet dat ons ook 'n gebrokenheid met mekaar deel, en

- as ***geregverdigdes*** (en verlostes) wat saam ontvangers van God se onuitspreeklike genade is.

Bogenoemde wil die skrywer as uitgangspunt neem in die uiteensetting van die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum.* Op voetspoor van Versteeg (1980:93,94) sou die skrywer óók die onderskeid ten opsigte van die Nuwe Testamentiese gebruik van die woord *"mekaar"* wou handhaaf, naamlik ***"er-met-elkaar-zijn"*** en ***"er-voor-elkaar-zijn"***. Die motivering hiervoor is dat in die studie primêr aansluiting gevind word by die metafoor *die kerk as liggaam van Christus* (vgl. 2.5.2). Genoemde onderskeid kom navore in Paulus se gebruik van die woord *"mekaar"* in verband met die beeld van die een liggaam met meer as een lid. Versteeg (1980:94) stel dit soos volg:

> Het "er-met-elkaar-zijn" ziet op de in Christus gegeven eenheid en het "er-voor-elkaar-zijn" op de roeping jegens elkaar die daaruit voortvloeit. De verhouding van het "er-met-elkaar-zijn" en het "er-voor-elkaar-zijn" is te vergelijken met de verhouding van de indicatief en de imperatief. **In theologische orde gaat het "er-met-elkaar-zijn" in de in Christus gegeven eenheid vooraf aan het "er-voor-elkaar-zijn".** Waar het "er-voor-elkaar-zijn" wordt gemist, wordt het "er-met-elkaar-zijn" tot een illusie. **Wie de leden van het lichaam losmaakt van het lichaam, doodt ook het lichaam.**

Die belangrikheid van die gemeente en dus die erediens as die hoogtepunt van gemeentelike betrokkenheid, waarbinne *koinoniale* aktiwiteite (die realisering van die *"mekaar"*-opdragte) moet plaasvind word verder in hoofstuk 5 bespreek.

#### 2.7.4.2 Skrifperspektiewe

As aanvaar word dat Paulus se eerste brief aan die Tessalonisense in ongeveer 50 n.C geskryf is (Müller, 1974:17; J van Rensburg, 1999b:1608), dan blyk die **eerste** *"mekaar"*-opdrag in die *Corpus Paulinum* te wees:

> "En mag die Here julle **liefde vir mekaar** en vir alle mense laat groei en oorvloedig maak, net soos ons liefde vir julle." (1 Tessalonisense 3:12).

En die **tweede** *"mekaar"*-opdrag:

> "Oor die broederliefde hoef ons nie aan julle te skrywe nie, want julle is self deur God geleer om **mekaar lief te hê**." (1 Tessalonisense 4:9).

En die **derde** *"mekaar"*-opdrag in die *Corpus Paulinum:*

> "Ons moet God altyd vir julle dank, broers. En dit is ook reg, want julle geloof neem sterk toe, en sonder uitsondering word julle **liefde vir mekaar** altyd meer." (2 Tessalonisense 1:3).

In navolging van Versteeg (1980:94,95), wil die skrywer benadruk dat, volgens die Nuwe Testament, die sentrale roeping van gelowiges teenoor mekaar, in die gebod om mekaar lief te hê realiseer, (vgl. Joh. 13:34; 1 Joh. 3:23; 1 Joh. 4:12; asook Matt. 22:34-40). Ook in die *Corpus Paulinum* (naas die verwysings uit 1 en 2 Tessalonisense) is Romeine 13:8 ook 'n bevestiging van die sentrale roeping van Christene teenoor mekaar, naamlik:

> "Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe **om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit."** (Romeine 3:18).

Vergelyk ook hiermee die ander tekste in die *Corpus Paulinum* waar die liefde teenoor mekaar aan die orde kom, naamlik, Rom. 12:10; Gal. 5:13 en Ef. 4:2. Daarby is dit belangrik om te besef dat die woord "liefde" in die Nuwe Testament altyd in **konkrete dade van liefde** navore kom. En, sê Versteeg (1980:95): *"Het verwondert dan ook nie, dat het ene, centrale gebod van de liefde tot elkaar uiteenvalt in een veelheid van geboden waarin dit ene, centrale gebod nader wordt geconcretiseerd."* (Kursivering deur P.H.H.) Oostenbrink en Lotter (1999:18) druk dit só uit: *"Al die opdragte trek saam in die gebod om mekaar lief te hê."* (Kursivering deur P.H.H.) Die skrywer wil in die lig van Versteeg se opmerking hierbo genoem, poog om die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum*, skematies voor te stel, met die doel om aan te toon dat:

- die liggaamsmetafoor vir die kerk van Jesus Christus op aarde ook as uitgangspunt dien vir die *"mekaar"*-opdragte, **(indikatief)**;

- die liefdesgebod bepalend is vir al die ander *"mekaar"*-opdragte waaruit elke *"mekaar"* teks voortvloei, **(imperatief)**.

Voordat die *"mekaar"*-opdragte skematies uiteengesit word, dien die volgende ten opsigte van die indikatief- imperatief verhouding by Paulus (kortliks) vermeld te word. Ridderbos (1966:279-284) skryf in sy boek *Paulus: Ontwerp van zijn Theologie* oor die indikatief en imperatief onder die opskrif *De Nieuwe Gehoorzaamheid*. Dié opskrif, as sodanig, is veelseggend omdat die nuwe lewe die werk van God in die mens is, of soos Ridderbos dit stel: **"Het vindt zijn**

**oorsprong in het sterven en de opstanding van Christus**, het komt tot stand door de Heilige Geest." (Ridderbos, 1966:279). Die sogenaamde *nuwe lewe* en die verband wat dit met die *indikatief* en *imperatief* het, is dat die nuwe lewe geproklameer word as die vrug van die heilswerk van God in Chrustus, deur die Heilige Gees, wat die *indikatief* is. Op grond van die *indikatief* word sekere eise aan die mens gestel, bekend as die *imperatief* (Ridderbos, 1966:280). Die volgende skematiese uiteensetting illustreer dit, met verwysing na enkele Bybelverse in die *Corpus Paulinum*.

| VERWYSING | INDIKATIEF | IMPERATIEF |
|---|---|---|
| Rom. 12:1 | En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: | Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. |
| Gal. 5:25 | Ons lewe deur die Gees; | Laat de Gees nou ook ons gedrag bepaal. |
| Ef. 4:17 | In die Naam van die Here doen ek 'n ernstige beroep op julle: | Moenie langer soos heidene lewe nie. Hulle gedagtes lei tot niks . . . . |
| Kol. 3:1 | Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, | Moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regter-hand van God sit. |

(Saamgestel deur P.H.H.)

Oor die verband tussen die *indikatief* en *imperatief* is daar nie twyfel nie. Tog waarsku Ridderbos (1966:281,282) dat die *indikatief* en *imperatief* "niet een zekere boedelscheiding vertegenwoordigen, in die zin, dat de indicatief het goddelijke en de imperatief het menselijke aandeel in het nieuwe leven aanduidt of dat de imperatief de gelovige zou opwekken op hetgeen God voor hom gedaan

heeft, nu ook van zijn kant het antwoord niet schuldig te blijven". In sy boek *De komst van het koninkrijk* druk Ridderbos (1950:229) hom só uit: **"Tezamen duiden de indicatief én de imperatief het heil aan, dat in Christus' komst en werk voor de zijnen is aangebroken."**

Die *imperatief* van die Skrif spruit voortdurend voort vanuit die *indikatief* van die heil. Vir Louw (1997:85) bestaan die heil uit twee wesenlike dinamiese momente, wat insiggewend is:

- Die moment van dood en sterwe in die soendood van Christus.

- Die moment van opstanding en lewe. Ons is saam met Christus opgewek uit die dood (Ef. 2:6) sodat "ons ook so 'n nuwe lewe kan lei" (Rom. 6:4). ***Christus se opstanding verskaf die sindimensie aan lewe.*** **Lewe vanuit die opstandingshoop verskaf 'n voortgaande dinamika aan die proses van geloofsrealisering en geloofsgroei.**

'n Moontlike skematiese uiteensetting van die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* is soos volg:

**DIE "GROOT" INDIKATIEF, DIE *"MEKAAR"* INDIKATIEF EN DIE SEWENTIEN IMPERATIEF *"MEKAAR"* OPDRAGTE IN DIE *CORPUS PAULINUM***

**"Groot" Indikatief: 1 Teks**
**"Mekaar" Indikatief: 1 Teks**
**"Mekaar" Imperatiewe: 32 Tekste**

**(2)**
**(VAN MEKAAR IN CHRISTUS)**

**Romeine 12:5**

"Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik **lede van mekaar**."

**"MEKAAR" INDIKATIEF**

**(3)**
**(VIR MEKAAR IN CHRISTUS)**
**"MEKAAR" IMPERATIEWE**

**(3.1)**
**LIEF VIR MEKAAR**
1 Tess. 3:12; 4:9; 2 Tess. 1:3; Rom. 13:8

**3.1.1-3.1.16**
(nie chronologies)

- **Aanvaar** mekaar: Rom. 15:7;
- **Bemoedig** (troos) mekaar: 1 Tess. 4:18; 1 Tess. 5:11
- **Dien** mekaar: Gal. 5:13;
- **Dra** mekaar se **laste**: Gal. 6:2;
- **Eensgesind** met mekaar: Rom. 12:16; 15:5; Ef. 4:32a; 1 Tess. 5:13b;
- Betoon mekaar **eerbied** en **respek**: Rom. 12:10; Gal. 5:15; Ef. 4:25
- **Geduldig met** mekaar: Gal. 5:26; Ef. 4:2; Kol. 3:13a
- **Groet** mekaar: Rom. 16:16; 1 Kor. 16:20; 2 Kor. 13:12;
- **Leer en onderrig** mekaar: Kol. 3:16
- **Lieg nie** vir mekaar: Kol. 3:9;
- Aan mekaar **onderdanig**: Ef. 5:21;
- **Sing** onder mekaar: Ef. 5:19;
- **Toegewyd** aan mekaar: Rom. 14:19; 1 Kor. 12:25;
- **Vergewe** mekaar: Ef. 4:32b; Kol. 3:13b;
- **Vermaan** mekaar: Rom. 15:14;
- **Wag** vir mekaar: 1 Kor. 11:33

**(1)**
**"Groot" Indikatief**

". . . Maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus." **ROMEINE 3:24**

(Saamgestel deur P.H.H.)

#### 2.7.4.2.1 Die *"groot"* indikatief - Romeine 3:24 binne die gedeelte Rom. 3:21-31

> "**Maar** nou het die **vryspraak** deur God waarvan die wet en die profete getuig het, in werking getree. Dit is die **vryspraak** wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, maar deur in **Jesus Christus** te glo. Maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van Sy genade **vrygespreek** vanweë die verlossing deur **Jesus Christus**." (Rom. 3:21,22,24)

Die sogenaamde *"groot"* indikatief is 'n verwysing van die skrywer, om daarmee die onlosmaaklike band (fundering) van die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* met die heilswerk van Jesus Christus aan te toon. Want op voetspoor van Bruce (1977a:97) is dit duidelik dat *"the Christ-event* marked *an epoch* in the history of salvation is common ground to Paul and the Evangelists". (Kursivering deur P.H.H.)

Om daarom die *"mekaar-indikatief"* van Romeine 12:5 te verstaan, sou op die perikoop Romeine 3:21-31 gelet moet word, as die fundering van én vir Romeine 12:5.

Van spesifiek Romeine 3:21-31 (met klem op vers 21) sê kommentatore sonder om werklik van mekaar te verskil:

**Van Leeuwen en Jacobs (1974:73)**

> **Het keerpunt, waaraan de schrijver tans is toegekomen, wordt gemarkeerd door het triomfante "nu echter".** Met dit "nu echter" is niet een tijdstip aangegeven, maar wordt een logische tegenstelling ingeleid; de nadruk ligt meer op het contrast tussen de toestand, die hij tot dusver heeft getekend en die hij nu op het oog heeft. **En dan komt het keerpunt: "nu echter is zonder wet Gods gerechtigheid geopenbaard".**

**Hendriksen (1980:126,127)**

> Dark and dismal is man's condition. **Then suddenly "But now" a light, the very light which previously had flickered for a brief moment** (1:16,17), **comes streaming in.** Hope revives.

**Baarlink (1989:189)**

> De openbaring van de **heilbrengende gerechtigheid** Gods als **basis** voor de rechtvaardigmaking door het geloof.

**MacArthur (1991:201)**

> **But** translates an adversative, indicating a contrast, in this instance a wonderful and marvelous contrast - between man's total depravity and inability to please God and God's own provision of a way to Himself.

**Kruger (2000:80)**

> With 3:21 Paul comes to the great new era where God has revealed Himself in Jesus Christ. This Paul introduces with νυνι δε **(but now)**. So far, from 1:18 to 3:20 Paul has written about the revelation which God gave to Gentiles and Jews **before the coming of Christ**. **But now,** in his unfathomable love, God revealed his righteousness in Jesus Christ.

Die *"groot verandering"* wat deur νυνι δε (Rom. 3:21) ingelei word is die vrymaking in Christus (Rom. 3:24). En dié vrymaking, sê MacArthur (1991:208) beteken:

> To declare the rightness of something or someone, **not symbolically or potentially but actually**. God does not *consider* a believer to be righteous; He *makes* him righteous.

Die mens word dus vrygespreek *in Christus,* en voeg Kruger (2000:82,83) daaraan toe:

> All who receive righteousness receive it δωρεαν (as a free gift) though the redemption which there is in Jesus Christ. The instrument through which the righteousness is received is God's own grace (τη αμτσυ χαριτι).

Uit Romeine 3:21,22 en 24 kan afgelei word dat:

- Christus die epogmakende "gebeurtenis" in die verlossing van sondaars is.

- God in Christus sondige mense verlos.

- Die verlossing in Christus 'n feit is.

- **Die *"mekaar"*-opdragte (as imperatiewe) spruit voort vanuit die indikatief van heil (as synde vryspraak vanweë die verlossing deur Jesus Christus).**

- Die ***"groot verandering"***, wat Jesus Christus bewerkstellig het, die ***"groot indikatief"*** is op grond waarvan Romeine 12:5 (waarin die liggaamsmetafoor die eenheid van die gemeente maar ook die verskeidenheid van lidmate én hulle betrokkenheid by mekaar) verwoord, die aller fondament is waarop die *"mekaar"*-opdragte van die *Corpus Paulinum* berus. (vgl. p. 81)

#### 2.7.4.2.2 Die *"mekaar"* indikatief - Romeine 12:5

> "Net so is ons, al is ons baie, **in Christus een liggaam,** en almal afsonderlik **lede van mekaar.**" (Rom. 12:5)

Romeine 12:5 moet gelees word as deel van Rom. 12:3-8. In dié perikoop is die beeld van die kerk as liggaam van Christus (soos o.a. ook in 1 Kor. 12) prominent (Versteeg, 1980:16). Venter (1985:28) neem Romeine 12:1-8 as perikoop en vra die vraag "wat is die fundering, waarop rus die kerk, die liggaam, lede en genadegawes, volgens Rom. 12:1-8?". As fundering dien die sentrale indikatief in Romeine 12:1, naamlik die groot ontferming van God, wat Venter (1985:51) verklaar as:

- dat God die enigste Oorsprong van ontferming is;
- dat God die Bron van ontferming is en (2 Kor. 1:2) die Outeur van genade en vrede;
- dat genade en vrede (2 Kor. 1:3) verbind word met die spesifieke byvoeging: God die Vader van Jesus Christus;
- dat God se Vaderskap van Jesus Christus ook verbind word met die nader verklarende "Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandighede uitkoms gee;
- dat God as Bron van ontferminge dus verbind moet word met sy Vaderskap van Christus, die *Kurios*, en andersyds met "ons" (2 Korintiërs 1:3). **In en deur Jesus Christus, die *Kurios*, word God se ontferminge op ons gerig.**

Insiggewend dat Venter (1985:57,58), as die fundering van die kerk die groot ontferming van God is, die swaartepunt vir die paranese in vers 1 beskou as die woorde **"in Christus"** in vers 4. Floor (1982:89,90) vat die betekenis van dié formule saam en sê dit verwys na:

- die begrepenheid van die gelowiges in Christus, wat
- volgens 'n deur God bepaalde struktuur, as hulle Verteenwoordiger plaasvervangend vir hulle gely, gesterf en opgestaan het, sodat hulle
- deur hulle eenheid met Christus as hul Hoof, in Christus se dood en opstanding in 'n nuwe lewensorde oorgebring is, waardeur hulle
- aan die bestaanswyse van die heerskappy van die sonde en die dood onttrek is en voortdurend mag deel in die heil wat Christus vir hulle verwerf het.

Net *in Christus* kan die mens tot sy volle potensiaal kom, en wanneer die mens nuut word *in Christus*, beweer Pelser (1996:85), word ten minste vier fasette van sy lewe aangeraak, naamlik:

- **Sy verhouding met God word nuut gemaak**
- **Sy verhouding met sy medemens word liefdevol**
- Sy arbeid word op alle vlakke nuttig
- Vrede in homself

As Pelser (1996:89) sê: *"In Christus* is nie net 'n formule wat gebruik word nie, dit is 'n totaal nuwe lewenswyse waarin die verhouding tussen Christus en die mens geherdefinieër word" kan die skrywer hom daarmee vereenselwig maar sou wou byvoeg: **in Christus is 'n totaal nuwe lewenswyse waarin ook die mens se verhouding tot *mekaar* geherdefinieër word.**

Die sogenaamde *"in Christus"* formule karakteriseer die aard van die eenheid van die liggaam. Die eenheid van die liggaam is nie 'n eenheid wat deur die gelowiges tot stand gebring word nie, maar 'n eenheid wat *"in Christus"* gegee is. Veelseggend én van belang vir die studie is die opmerking van Versteeg (1980:17,18): **"Op de achtergrond staat de gedachte van de representatie van de "velen" door de "Ene"**, zoals deze gedachte in de brief aan de Romeinen door Paulus vooral wordt uitgewerkt in de perikoop Rom. 5, 12-21."
As synde die indikatief vir die ander *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum*, is dit van wesentlike belang om te besef dat Paulus nie die verhouding binne die gemeente **(die vir mekaar in Christus)** as vertrekpunt neem om te kom tot die verhouding van die gemeente met Christus **(die van mekaar in Christus)** nie. Paulus redeneer juis andersom, naamlik: "omdat de gemeente het lichaam *van Christus* is, daarom moet zij zich ook onderling als "lichaam" gedragen". (Versteeg, 1980:17,18).

Terwyl die gelowiges mét mekaar een liggaam in Christus is, is hulle ook ván mekaar lede (vgl. Versteeg, 1980:18; Hendriksen, 1981:408; MacArthur, 1994:163-166; Kruger, 2000:219-220). Die eenheid in verskeidenheid is primêr, of soos MacArthur (1994:163) dit verwoord "the proper relationship". Hendriksen (1981:408) beklemtoon dat dié eenheid 'n organiese eenheid is. Romeine 12:5 verwoord wat die ideale situasie in die kerk behoort te wees, en daarom die vergelyking met 'n menslike liggaam wat baie ledemate as 'n eenheid

in een liggaam het. En van toepassing gemaak op die hede, vestig Kruger (2000:219,220) die aandag daarop dat:

> Paul speaks in the first person plural. He has in view not only the situation in Rome but the universal church. Unity must not only exist in the local church but also among all the Christians. **As the different members in the human body have different functions, but in this difference contribute to the oneness of the body, so it must also be among the believers.**

Uit Romeine 12:5 kan die volgende afgelei word:

- Met die beeld van die gemeente as die liggaam van Christus, word die eenheid in Christus as indikatief gestel, op grond waarvan die verskeidenheid funksies ten opsigte van mekaar as imperatief binne die organiese eenheid van die gemeente (kerk) realiseer.

**2.7.4.2.3 Die *"groot"* imperatief - Romeine 13:8**
(vgl. 1 Tess. 3:12; 4:9; 2 Tess. 1:3).

> "Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, **behalwe om mekaar lief te hê.** Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit." (Rom. 13:8)

Naas wat in 2.7.4.2 van die studie oor die liefde opgemerk is, is dit noodsaaklik om die betekenis van αγαπη, die woord vir "liefde" in bogenoemde tekste gebruik, te verklaar.

In Rom. 13:8 word vir *"liefde"* αγαπαω gebruik (ANON. , 1973:2). Louw en Nida (1989:294) dui aan dat die woordbetekenis inhou **"to demonstrate or show one's love"**. Belangrik is om die woorde wat in die Griekse taal met *"liefde"* vertaal word te onderken. Vos (1985:114 en 115) onderskei die woorde en betekenisse soos volg:

- ***Eros:*** Hierdie woord kom nie in die Nuwe Testament voor nie. Genoemde woord dui op die sinnelike, egoïstiese en hartstogtelike liefde en staan lynreg teenoor wat die Bybel met liefde bedoel.

- ***Philia:*** Dié woord kom wel in die Bybel voor, maar word nooit vir die liefde van God gebruik nie. Spontane vriendskap tussen mense onderling word met die woord bedoel.

- ***Agapè:*** **Dit is die Bybelse woord vir liefde, as aanduiding van die almagtige liefde van God.** 'n Liefde wat nooit realiseer bloot op grond van iets aantreklik in of van die ander party nie, maar alleen uit eie krag en goedheid voortvloei. Die liefde van God is ten volle geopenbaar in Christus, wat Sy lewe gegee het as losprys vir sondaars (vgl. Rom. 5:7,8).

Ten opsigte van *agapè* druk Jager (1977:167) hom só uit: "Hij is de liefde in persoon om zo te zeggen. Hij hoeft tot die liefde niet bewogen worden, niets buiten God hoeft op liefdebetoon aandringen. **Het is Gods aard en wezen om lief te hebben.**" Daarom konkludeer Vos (1985:118) en sê:

> Liefde is nooit alleen maar een theorie. De liefde uit zich in **dáden**. De liefde **bewéégt** zich. Zij is een beweging van God naar de mens en (door genade) van de

> mens naar God en de naaste. *Deze liefde vergaat nimmermeer (1 Kor. 13:8).* (Kursivering deur P.H.H.)

Teen bogenoemde agtergrond moet Paulus se *"mekaar"*-opdrag in die tekste soos in 2.7.4.2.2 genoem, verstaan word. En wanneer die Bybelse betekenis van die begrip liefde vergeet word, "kan de bijbel beter worden dicht gelaten" (vgl. Bijlsma, 1978:79). Kruger (2000:230, 231) stel dit kernagtig: "Every other person is entitled, always, to receive love from anyone. This is the divine commandment." En belangrik - hy wat 'n ander mens liefhet, voer die hele wet van God uit (Rom. 13:8c).

'n Regverdige en opregte Godgegewe wyse van liefhê word van die gelowige vereis (beveel). En die gelowige kan daarvan verseker wees dat die hemelse Vader sy kinders bekwaam maak om Sy gebooie te gehoorsaam. MacArthur, (1994:249) merk in die verband op: "God's own love is the inexhaustible well from which, as it were, we can draw the supernatural love He commands us to live by." En, staan in Romeine 5:5 "en die hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het". Daarom dat Lotter (1993:129), nie met verwysing na spesifiek Rom. 5:5 nie, maar tog van toepassing op genoemde teksverwysing opmerk, dat die belangrikste taak van die Heilige Gees is om in die gelowiges alles toe te pas wat Jesus Christus verwerf het. **God wil van ons aktiewe mense maak, deur ons te verander in mense van liefde (Becker 1981:22).**

Uit onder andere Rom. 12:5 kan die volgende afgelei word:

- Dat regverdige Goddelike liefde meer is as emosie of gevoel.

- Die liefde wat gelowiges teenoor mekaar behoort te bewys, is ook meer as bloot 'n teorie.

- Kennis én begrip van die Bybelse betekenis van αγαπη as uitgangspunt dien om ook aan die ander *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* uitvoering te gee, (vgl. 1 Jh. 4:8,9).

- **Om mekaar lief te hê beteken om die imperatief daadwerklik uit te voer, soos o.a. in 1 Kor. 13 geleer word.**

- Dat die Heilige Gees die gelowige bekwaam maak om die liefdesgebod te gehoorsaam.

- **Dat *om mekaar lief te hê*, in die gees van die Nuwe Testament (Matt. 22:37-40) as die *groot imperatief* van die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* beskou kan word, en dat die ander *"mekaar"*-opdragte in werklikheid voortvloei uit die gebod om mekaar lief te hê.**

- Dat die basis vir alle menslike verhoudinge die liefde soos in Christus weerspieël, behoort te wees.

### 2.7.4.2.4 Aanvaar mekaar - Romeine 15:7

> "**Aanvaar mekaar** dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God." (Rom. 15:7)

Vertalingsmoontlikhede vir die woord προσλαμβανω (aanvaar) bied 'n verklaring van wat die Heilige Gees met dié opdrag bedoel:

- Louw **en** Nida (1989:372) se verklaring dui op baie meer as bloot gelatenheid omdat "aanvaar" letterlik beteken **"to come to believe something and to act in accordance with such a belief".**

- MacArthur (1994:318) onderstreep die feit dat προσλαμβανω die intensiewe vorm van λαμβανω is en **"carries the meaning of receiving something or someone to oneself with special concern".**

Die indikatief van vers 7 is, naas die betekenisverklaring van προσλαμβανω van uiterste belang. Kruger (2000, p. 249) beklemtoon dat:

> The example of Christ is brought forward again, but now with the explicit addition that they must look at the way in which He accepted them. They were sinners, unbelievers, headed for the final wrath of God. However, Christ the holy One, the One who had every reason, humanly spoken, to be stand-offish with regard to them, accepted them. **By not accepting each other they show signs of not realising how deeply Christ bent down towards themselves.**

Met reg dat die hoofmotief van Rom. 15:7-13 lof en eer aan God is omdat Jesus Christus, daar God verheerlik moet word, vir gelowiges uit die Jode én die gelowiges uit ander nasies gesterf het - Rom. 15:9 (Vergeer, 1999:1488-1489). Versteeg (1980:25,26) merk in die verband op: "In het licht van de heerlijkheid van God komt de betrekkelijkheid zowel van eigen inzichten als van onderlinge verschillen openbaar. In het licht van de heerlijkheid van God wordt dan ook mogelijk elkaar te aanvaarden, zelfs als "sterken" en "zwakken" ". Die aanvaarding van mekaar beteken primêr om God te verheerlik. Die eenheid moet

die eer van God dien. God word nie net in die erediens verheerlik nie, maar ook deur die eenheid wat onderling, op grond van aanvaarding, tussen gelowiges bestaan (Kruger, 2000:249). Daarom dat MacArthur (1994:318) Rom. 15:7 "**the basic instruction**" noem en (1994:319) genoemde *"mekaar"*-opdragte vir die gelowige én gemeente prakties maak met die volgende aanname:

> A congregation that is **devisive, quarrelsome, contentious**, and **judgemental** gives the world reason to ridicule Christ's church and to **reject** the One who is their only hope of salvation.

Uit Rom. 15:7 kan die volgende afgelei word:

- Dat die imperatief *(aanvaar mekaar)* voortvloei uit die indikatief (soos Christus julle ook aanvaar het).

- Dat om mekaar te aanvaar meer is as om mekaar te "**verduur**" of te "**verdra**".

- Dat om mekaar te aanvaar beteken om mense (selfs hulle wat 'n mens irriteer), met die liefde van Christus tegemoet te gaan.

- Om mekaar te aanvaar moet 'n Christus-kwaliteit hê.

#### 2.7.4.2.5 Bemoedig (troos) mekaar - 1 Tessalonisense 4:18 (vgl. 1 Tess. 5:11)

| "**Troos mekaar** dan met hierdie woorde." (1 Tess. 4:18) |
|---|

In 1 Tess. 4:18 gebruik Paulus die woord παρακαλεω wat letterlik beteken **"to cause someone to be encouraged or consoled, either by verbal or non-verbal means"** (Louw **en** Nida, 1989:306). Die klem val op *"om die oorsaak te wees"* dat iemand bemoedig of getroos word. 'n Daad, met ander woorde, wat meer is as net woorde. Tog sê Paulus "troos mekaar dan met hierdie woorde" (1 Tess. 4:18) maar, *"die woorde"* waarna verwys word is "troos wat God gee" nl. met Jesus Christus se terugkeer sal alle gelowiges vir altyd sáám by die Here wees (J. van Rensburg, 1999b:1617). Gelowiges troos of bemoedig mekaar dus met die werklikheid én die waarheid van die evangelie in die konkrete situasie van elke dag. Selfs (soos in die geval van die Tessalonisense) indien verwarring bestaan of die ontslapenes nie dalk 'n agterstand sal hê met die terugkeer van Jesus Christus nie. Troos en bemoediging realiseer op grond van wat die Here sê (vgl. 1 Tess. 4:15). God se geopenbaarde waarheid is, sê Hendriksen (1995:119) *"is solid ground for encouragement".* (Kursivering deur P.H.H.) Vir ons beteken dit dat ons mekaar moet troos en bemoedig met die Bybel en die waarheid van Christus se evangelie (Barnard, 2000:70).

Uit 1 Tess. 4:18 kan afgelei word dat:

- Om mekaar te bemoedig (troos), berus in die feite wat God openbaar oor dinge wat die mens ontmoedig.

- Om mekaar werklik te kan troos of bemoedig is dit noodsaaklik om God se Woord te ken.

### 2.7.4.2.6 Dien mekaar - Galasiërs 5:13

> "Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie, **maar dien mekaar in liefde.**" (Gal. 5:13)

Vir *"dien"* gebruik Paulus die woord δουλευετε wat beteken:

- *To be a slave of someone;*
- *To serve, normally in a humble manner and in response to the demands or commands of others.* (Louw **en** Nida, 1989:741,461). (Kursivering deur P.H.H.)

Getz (1989:11) se voorstelling bevestig wat bogenoemde betekenis van "dien" nie beteken nie:

> I
> ME
> MINE
> MYSELF

Vir die betekenis van die woord *"liefde"* (vgl. 2.7.4.2.3)

Alvorens die spesifieke *"mekaar"*-opdrag verklaar word, is die *"vryheid"* waartoe die Christen geroep is en aan die *"dien mekaar in liefde"* vooraf gaan, 'n

belangrike aspek van Gal. 5:13. Tereg sê MacArthur (1987:144): **"That is the great manifesto of Christianity and the theme of the Galatian letter: freedom in Jesus Christ. Christianity is liberation."**

Die groot gevaar is dat mense hulle vryheid in Christus verkeerd kan verstaan as sou dit beteken dat jy maar kan leef soos jy wil, solank jy maar net in Jesus glo. Maklik kan dit dus gebeur dat mense hulle vryheid in Christus verkeerd gebruik, as 'n verskoning om sonde te doen. En die woord wat Paulus vir *"verskoning"* om sonde te doen gebruik (αφορμην) was soms gebruik **"to indicate a central base from which all operations of a military campaign originated** (MacArthur 1987:146). (Kursivering deur P.H.H.)

Wat die "vryheid" waartoe die Christen geroep is presies beteken, is daar by kommentatore eenstemmigheid:

> **Greijdanus (1936:323)**
> Dus zijn de geloovigen wel vrij, maar niet om losbandig te leven naar eigen zondige lusten en booze vleesch, **doch zij moeten door de heilige, van God gebonden liefde handelen en der anderen heil zoeken te bevorderen, en zich geheel daarvoor geven in liefde.**
>
> **Versteeg (1980:38)**
> De echte vrijheid richt iemand niet op zichzelf, maar op de ander. **Wie in de liefde leeft is werkelijk vrij, omdat hij ook vrij is van de gebondenheid aan zichself.**

**MacArthur (1987:146,147)**

Christ does not give **freedom** to believers so **they** can do what *they* want but so they can, for the first time, do what *God* wants, because of love for Him. Christian freedom takes believers to an even higher level than simply opposing the flesh. **Positively, Christ frees His followers through love to serve one another. His freedom is the paradoxical freedom of loving subservience.**

**Hendriksen (1990:209)**

Freedom means love, not license.

**Tolmie (1999:1560)**

Christelike vryheid maak van ons slawe van die liefde. **Christelike vryheid is nie totale vryheid nie, maar 'n nuwe vorm van slawerny: die liefde word jou baas.**

Uit Gal. 5:13 kan afgelei word, soos Versteeg (1980:39) opmerk:

- Slechts wie weet, dat de grond van het heil alleen in Jezus ligt, kan staande in de vrijheid door de slavendienst van Jezus ook komen tot de slavendienst ten opzichte van de ander.

- **Echt gemeente - zijn is niets anders dan door de liefde slavendienst willen verrichten voor elkaar.**

#### 2.7.4.2.7 Dra mekaar se laste - Galasiërs 6:2

> "**Dra mekaar se laste**, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus." (Gal. 6:2)

Galasiërs 6:2, binne die gedeelte Gal. 6:1-10, sluit direk aan by Gal. 5:13-26, aangesien dit alles te doen het met die vraag hoe die lewe van iemand wat onder beheer van die Heilige Gees lewe, in die praktyk lyk (Greijdanus, 1936:336; Hendriksen, 1990:231.232; Tolmie, 1999:1562). Greijdanus stel dit só: "Maar wordt in 5:13-26 de eisch tot liefde en heiligheid meer als in het algemeen voorgesteld en aangedrogen, **zoo wordt hij in 6:1-10 ten aanzien van een paar bizondere gevallen als concreet van toepassing gemaakt: tegenover iemand, die in zonde gevallen is, 1-5.**" Daarom is die volgende opskrifte waaronder die inhoud van Gal. 6:1-10 deur sommige kommentatore bespreek word, verhelderend:

- Den zondaar terecht brengen in ootmoed; milddadigheid beoefenen (Greijdanus, 1936:336).

- Restoring a sinning brother (MacArthur, 1987:173).

- Spesifieke opdragte vir onderlinge liefdesdiens (Tolmie, 1999:1562).

Vir die korrekte verstaan én die tot uitvoer bring van die onderlinge liefdesdiens teenoor **mekaar**, spesifiek soos in Gal. 6:2 verwoord, is dit noodsaaklik om te let op die betekenis van die woorde *"laste"* en *"dra"*.

**Laste** (βαρη)

Volgens Vine <u>et al.</u> (1985:83) is 'n las "a weight, anything pressing on one physically, or that makes a demand on one's resources, whether material, 1 Thess. 2:6), or **spiritual, Gal. 6:2**, or religious, Acts 15:28".

Louw en Nida (1989) bied verskillende vertalingsmoontlikhede, sonder om spesifiek (sover die skrywer kon bepaal), na Gal. 6:2 te verwys. 'n Las is volgens Louw en Nida (1989:733) iets "pertaining to being relatively heavy - 'heavy, burdensome' ".

In die bestudering van wat kommentatore met die woord *"laste"*, soos in Gal. 6:2 verstaan, sê Tolmie (1999:1562): "Die laste waarvan Paulus hier praat, verwys na **enigiets** wat vir 'n medegelowige **die lewe moeilik maak.**" In navolging van onder andere Greijdanus, (1936:338); MacArthur, (1987:180) en Hendriksen, (1990:232) sou die skrywer wou aantoon dat *"laste"* beslis **nie** "enigiets" is wat die lewe vir 'n medegelowige moeilik maak nie omdat vers 2 in direkte samehang met vers 1 gelees behoort te word. Die *"in die een of ander sonde val"* asook die waarskuwing: ***"jy kan self ook in versoeking kom"*** dui daarop dat die βαρη van vers 2 *"sondelaste"* is "de hoedanigheden, zwakheden, toestanden, omstandigheden of gesteldheden, die den mensch bezwaren, licht tot zonde kunnen voeren, ten val en verderf kunnen strekken" (vgl. Greijdanus, 1936:338). Want die letterlike betekenis van παραπτωμα *(misdaad, sonde, misstap)* in Gal. 6:1 is gewoon *"struikel of val"* met die nadere bepaling, sê MacArthur (1987:177) van: "The **man** does not commit the sin with premeditation but rather **fails** to be on his guard or

perhaps flirts with a temptation he thinks he can withstand." Hendriksen (1990:233) praat van **"spiritual weaknesses"**.

Totaal anders as die genoemde kommentatore, wys Versteeg (1980:41,42) op voetspoor van Van Stempvoort daarop dat die woord βαρη slegs eenkeer in die Septuaginta voorkom en dan met die betekenis van *"eer"* of *"heerlikheid"* as sou "het elkaar verdragen in elkaars *bare* betekent het van elkaar aanvaarden, dat de een in bepaalde dingen uitmunt boven de ander". 'n Sodanige betekenisinhoud dui vir die skrywer op 'n moontlike ignorering van die verband waarin Gal. 6:2 gelees en verstaan behoort te word.

Uit bogenoemde kan die volgende afgelei word:

- Dat die "laste" in Gal. 6:2 nie enigiets is wat die lewe vir die kind van God moeilik maak nie.

- Dat βαρη in Gal. 6:2 sondelaste is wat as gevolg van die "gewig" van die effek van die sonde vir 'n sondaar te swaar kan word om alleen te kan "dra".

- Dat Christene 'n verantwoordelikheid ten opsigte van mekaar het om mekaar se sondelaste te help dra.

**Dra** (βασταξω)

Verskillende woorde word in Grieks met "dra" vertaal (Vine <u>et al.</u> 1985:52-53; Louw **en** Nida, 1989:205-208). Genoemde taalkenners, verwys o.a. na:

| | |
|---|---|
| φερω: | "to bear or carry something from one place to another." (Luk. 23:26) |
| εκφερω: | "carrying something forth, or out." (Luk. 15:22) |
| προσψερω: | "to carry or bring something into the presence of someone." (Matt. 22:19) |
| στρεφω: | " to carry something back to a point where it had been formerly." (Matt. 27:3) |
| καθαιρεω: | "to bring something down from one point to another." (Mark. 15:36) |

Opmerklik dat Paulus in Gal. 6:2 die woord βασταξω vir "dra" gebruik. Dié woord beteken letterlik **"to bear or carry a relatively heavy or burdensome object"** (Louw **en** Nida, 1989:206). MacArthur (1987:180) merk op: **"Bear** has the thought of carrying with endurance." Opsommenderwys stel Hendriksen (1990:232) die betekenis van "dra" in Gal. 6:2 as:

> **Jointly shoulder each member's burdens. Everybody should put his shoulder under the burdens under which this or that individual member is groaning. They must be carried jointly.**

Wat bogenoemde prakties beteken t.o.v. die *"mekaar se laste"* wat gedra moet word, sluit die skrywer aan by MacArthur (1987:173-182) wat die praktyk van Gal. 6:2, binne die gedeelte Gal. 6:1-6 soos volg verduidelik: (samevatting deur P.H.H.)

- Sonde is 'n werklikheid in enige Christen se lewe. Net soos enige mens nie daartoe instaat is om baie swaar bagasie enduit alleen te dra nie, is dit vir 'n sondaar nie moontlik om alleen met die sonde te worstel nie.

- Daar is drie dinge wat behoort te gebeur as een sondaar 'n ander sondaar sien sondig:

  Gal. 6:1 - **Tel die sondaar op** (help hom/haar reg in 'n gees van sagmoedigheid). Reghelp wat letterlik beteken om 'n been te spalk; om te herstel, harmonie te bewerk.

  Gal. 6:2-5 - **Hou die sondaar regop** (met lydsaamheid en uithouvermoë).

  Gal. 6:6 - **Bou die sondaar op** (deur al die goeie dinge van die Woord met hom/haar te deel).

Samevattend gestel, beteken om mekaar se laste te dra om:

- Nie 'n medegelowige wat in sonde geval het in 'n gees van hoogmoedige selfverheffing te veroordeel nie.

- Nie met die sondaar se sonde geduld te hê nie, maar met die medegelowige en dus daadwerklik iets tot sy/haar redding, bekering en bewaring doen.

- In die besef van eie swakheid, met ootmoed jouself in te span om hom/haar wat in sonde geval het op te tel, regop te hou en op te bou deur daadwerklike hulp en sorg en beskerming.

- Medeverantwoordelik te wil wees dat 'n broer of suster in die geloof sy/haar geestelike swakheid/hede kan oorkom.

- Nie eie eer te soek nie, maar die eer van God, om deurdat ek iemand anders se laste dra, uitvoering gee aan die wet van Christus, wat die beginsel van die liefde vir mekaar omskryf (vgl. die *"groot"* imperatief - Rom. 13:8).

#### 2.7.4.2.8 Wees eensgesind onder mekaar - Romeine 12:16
(vgl. Rom. 15:5; Ef. 4:32a; 1 Tess. 5:13b).

> "Wees **eensgesind onder mekaar**. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges. Moenie eiewys wees nie." (Rom. 12:16)

Die woord φρονεω wat Paulus in Rom. 12:16 vir *"eensgesind"* gebruik het meer as een betekenis moontlikheid wat verhelderend is ten opsigte van die presiese betekenis van dié *"mekaar"*-opdrag. Volgens Vine et al. (1985:409) beteken φρονεω "to think, to be minded in a certain way". Louw en Nida (1989:325,352,366) bied die volgende betekenis moontlikhede aan:

- *to have an attitude, to think in a particular manner.*

- *to ponder, to let one's mind dwell on, to keep thinking about, to fix one's attention on.*

- *to hold a view or have an opinion with regard to something.*

- *to honor, to show honor to, to respect. (Kursivering deur P.H.H.)*

Dunn (1988:746) sê eengesindheid beteken letterlik "to think the same thing". Tog is dit belangrik om te weet dat eensgesindheid nie beteken dat elke lidmaat van die gemeente presies dieselfde oor alles moet dink nie, maar saam gerig moet wees op dieselfde doel (Versteeg, 1980:19,20). Bruce (1977:229) praat van **"to be likeminded"** en verwys na Fil. 2:5-11. En die gemeenskaplike doel is n.a.v. Rom. 12:16 om:

- nie hooghartig te wees nie;
- om jou by die nederiges te skaar;
- nie eiewys te wees nie.

Uit Rom. 12:16 kan afgelei word dat:

- Eensgesindheid nie beteken dat almal in die gemeente presies dieselfde oor alles behoort te dink nie.
- Eensgesindheid inhou dat die gemeente saam gefokus sal wees op die gesindheid wat daar in Christus Jesus was, en hierin vir mekaar respek sal hê.

#### 2.7.4.2.9 Betoon mekaar eerbied en respek - Romeine 12:10 (vgl. Gal. 5:15, Ef. 4:25).

> "Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; **bewys eerbied teenoor mekaar** en wees mekaar daarin tot voorbeeld." (Rom. 12:10)

Die woord προηγεομαι wat in Rom. 12:10 met *"eerbied"* vertaal word beteken:

- *Showing the way to one another in respect.*
- *Esteem more highly.*
- *Give pride of place to one another in esteem.* (Dunn, 1988:741). (Kursivering deur P.H.H.)

In aansluiting by bogenoemde sê MacArthur (1994:189):

> But the idea here is not that of putting ourselves before others in regard to importance or worth but the very opposite idea of giving **honor** to fellow believers by putting them first. To honor is not to flatter. Again the very opposite is in mind. To **honor** is to show genuine appreciation and admiration for **one another** in the family of God.

In die gemeente moet die lidmate nie daarop uit wees om ten alle koste die eerste plek in te neem nie, maar om aan mekaar die eerste plek af te staan, waardeur die onderlinge broederliefde sprekend en prakties navore kom.

Uit onder andere Rom. 12:10 kan afgelei word dat:

- Om eerbied teenoor mekaar te bewys beteken om ander hoër te ag as jouself, en doelbewus daarop ingestel te wees om eerste te wees om 'n medegelowige eerste (voorop) te stel.

### 2.7.4.2.10 Wees geduldig met mekaar - Kolossense 3:13a (vgl. Ef. 4:2; Gal. 5:26).

> "**Wees geduldig met mekaar** en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe." (Kol. 3:13a)

Die woordbetekenis vir οικτιρμοσ (geduld) is volgens Louw **en** Nida (1989:751) **"to show mercy and concern, with the implication of sensitivity and compassion"**. Van belang is, in die lig van bogenoemde woordbetekenis dat οικτιρμοσ in die praesens vorm voorkom wat beteken dat die opdrag in o.a. Kol. 3:13a nie dui op bloot 'n **eenmalige** daad van geduld nie, maar om 'n **lewenslange** manier van lewe (Versteeg, 1980:54). Dié lewenswyse word in o.a. 1 Kor. 13 beskryf.

Uit o.a. Kol. 3:13a kan afgelei word dat:

- Om geduldig te wees met mekaar beteken om simpatie, medelye, embarming en *"genade"* te betoon in 'n gees van besorgdheid en sensitiwiteit.

### 2.7.4.2.11 Groet mekaar - 1 Korintiërs 16:20 (vgl. Rom. 16:16; 2 Kor. 13:12).

> "Al die broers stuur vir julle groete. **Groet mekaar** met die soen van Christelike broederskap." (1 Kor. 16:20)

Oor die groet *(soen)* van Christelike broederskap, bestaan daar, sovêr die skrywer kan vasstel, eenstemmigheid wat die doel en betekenis daarvan betref (Grosheide, 1932:568-569; Barclay, 1975:168-169; Morris, 1978:246-247; MacArthur, 1984:487; Wolmarans, 1999:1525).

Gesinslede het mekaar spontaan gegroet (by die deur) as hulle sou vertrek of na 'n periode van afwesig wees sou terug kom. En omdat Christene mekaar as broers en susters beskou het, is dié gebruik na die gemeentelike erediens oorgedra. Dit was 'n soen op die lippe (Wolmarans, 1999:1525). Want, sê MacArthur (1984:487) **"love in the fellowship will be marked by outward, visible signs of affection"**.

En as onderlinge verdeeldheid in 1 Kor. aan die orde was (vgl. o.a. 1 Kor. 3:1-9; 12:1-13) is die opdrag om mekaar te groet 'n vermaning om te verseker dat lidmate mekaar die teken van eenheid en liefde nie ontsê nie (Versteeg, 1980:36).

Uit o.a. 1 Kor. 16:20 kan afgelei word dat:

- Die liefde van Christene vir mekaar ook in uiterlike, sigbare handelinge tot openbaring kan én moet kom.
- Die kerk moet oordeel of die gevaar nie bestaan "in showing too little affection rather than too much" (vgl. MacArthur, 1984:487).
- Die groet as basiese, sigbare *"mekaar"*-opdrag steeds besonder aktueel in die gemeentelike praktyk behoort te wees. Dit blyk 'n eerste opmerklike faset vir 'n buitestaander van die kerk te wees.

### 2.7.4.2.12 Leer en onderrig mekaar - Kolossense 3:16

> "Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. **Leer en onderrig mekaar** met alle wysheid ..." (Kol. 3:16)

Twee belangrike begrippe vir die verstaan van dié *"mekaar"*-opdrag is:

> διδασκω **(leer):** to provide instruction in a formal or informal setting. **In choosing a term for "to teach" it is important to avoid an expression which will denote merely classroom activity** (Louw en Nida, 1989:413,414).

> νουθετεω **(onderrig):** to admonish someone for having done something wrong (Louw en Nida, 1989:436).

Met bogenoemde woordbetekenisse in gedagte, maak O'Brien (1982:207) die opmerking dat die *"aanpak"* van dié teks belangrik is omdat die woorde *"die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly"* die indikatief is vir die *"mekaar"* imperatief. Kolossense 3:16a beteken dat die inhoud van wat Jesus geleer het, deur die gelowiges onthou en in hulle lewe toegepas moet word (Van der Watt, 1999:1604). Maar meer as dit, sê O'Brien (1982:207):

> "As the word of Christ richly indwells the Colossians, so by means of its operation they will teach and admonish one another in all wisdom by means of psalms, hymms and spiritual songs."

Deur dít te doen aanvaar gelowiges verantwoordelikheid vir mekaar se optrede. Hulle moet mekaar leer en onderrig op gesag van die feit van die boodskap van Christus wat in hulle woon.

Uit Kol. 3:16 kan afgelei word dat:

- Gelowiges mekaar kán leer en onderrig, op grond van die boodskap van Christus wat in hulle woon.

- Die gemeente (lidmate) self ook mondig is daar hulle nie net objek maar ook subjek van die woord is.

- Die leer en onderrig van mekaar 'n verantwoordelikheid is waaraan elke dag voldoen behoort te word.

**2.7.4.2.13 Lieg nie vir mekaar nie - Kolossense 3:9**

"... en **moenie vir mekaar lieg nie.** Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek." (Kol. 3:9)

Alhoewel Kol. 3:9a blyk 'n *"mekaar"*-opdrag te wees wat maklik verstaanbaar is, moet ingesien word dat die leuen iets is wat afbreek doen aan die gemeenskap waarin gelowiges tot mekaar staan. Versteeg (1980:53) sê tereg: **"Door niets wordt de gemeenschap meer verbroken dan deur de leugen."** Want, merk MacArthur (1992:145) op:

> Lying characterizes Satan (John 8:44) not God (Titus 1:2). **When believers lie, they are imitating Satan, not their heavenly Father. They, of all people, should tell the truth.**

Uit Kol. 3:9 kan afgelei word dat:

- Om as Christene vir mekaar te lieg die onderlinge gemeenskap *(koinonia)* verbreek word en *"vir mekaar"* sodoende *"teen mekaar"* blyk te wees.

#### 2.7.4.2.14 Aan mekaar onderdanig - Efesiërs 5:21

> "Wees uit eerbied vir Christus aan **mekaar onderdanig.**" (Ef. 5:21)

Die grondbetekenis van υποτασσομαι *(ek is onderdanig)* is om onder iets te rangskik of iets te orden. Ooglopend dat dié werkwoord die gedagte van *"orde"* dra (Floor, 1986:36). Belangrik om te besef dat met *"onderwerping"* of *"onderdanigheid"* nie gedink moet word aan slaafse onderdanigheid nie, maar aan vrywillige diensbaarheid (Floor, 1995:186). (Kursivering deur P.H.H.) Met die opdrag in vers 21 keer Paulus terug na hoofstuk 4:1 as beginpunt van sy vermanings om daarmee te sê:

> De werking van de Geest, het tentoonspreiden van de nieuwe mens, komt weliswaar óók tot uiting in de zingen van liedere, maar als dat alles was, was het nogal oppervlakkig. Een heel bijzondere uiting van de werking van Gods Geest is dat gelovigen zich willen onderschikken jegens elkaar, de minste zijn, de andere uitnemender achten dan zichzelf. **Deze gezindheid is een bijzonder kenmerk van de nieuwe mens, op volmaakte wijze tentoongespreid in de nederige Mens Jezus**. (Medema, 1991:240).

Die *gesindheid* van die nuwe mens word m.a.w. in Ef. 5:21 bedoel wat inhou dat (Floor:1995:186):

- Vir eiegewin geen podiums gebou word nie, maar dat Christene probeer om mekaar tot diens te wees met bemoedigende en aansporende blydskap.

- Hierin mekaar se dienaars in Christus te wees.

- Die ontsag vir God aan wie die gelowige sy/haar verlossing te danke het, verplig tot nederigheid en sagmoedigheid teenoor mekaar.

- Christene aan mekaar gelykwaardig is as mede-begenadigdes wat vra om 'n nederige houding teenoor mekaar.

- Onderdanigheid aan mekaar gesagvol is omdat dit onderdanigheid in of uit eerbied vir Christus is.

Uit Ef. 5:21 kan afgelei word dat:

- Onderdanigheid van Christene teenoor mekaar 'n ordelike lewenswyse van die nuwe mens weerspieël, uit eerbied vir Christus o.l.v. die Heilige Gees.

**2.7.4.2.15 Sing onder mekaar - Efesiërs 5:19**

> "... en **sing onder mekaar** psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here." (Ef. 5:19)

Hierdie *"mekaar"* behoort binne die raamwerk én inhoud van Ef. 5:15-21 gelees en verstaan te word. In spesifiek vers 18-21 gee Paulus spesifieke riglyne vir die lewe as mense van die lig: hulle moenie vol drank wees nie, maar vol van die Gees (5:18) (J van Rensburg, 1999a:1577). In laasgenoemde bevel moet die kontras raakgesien word: wyn staan teenoor die Gees, en dronkenskap teenoor volheid. Die wyn maak dronk, die Gees maak vol, en wel, soos hier bedoel word vol van Christus. *"Vol van Christus"* beteken dan dat Christus sy Gemeente met al sy seëninge, sy Persoon, sy heerlikheid vervul - deur die Heilige Gees (Medema, 1991:239). En, sê Hendriksen (1990:240):

> Being thus filled with the Spirit believers will not only be enlightened and joyful but will also give jubilant expression to their refreshing knowledge of the will of God. They will reveal their discoveries and their feelings of gratitude.

Die *"vol wees van die Heilige Gees"* word daarom in Ef. 5:19-21 deur vier teenwoordige deelwoorde gekonkretiseer. Medema (1991:239,240) stel dit soos volg, in ooreenstemming met (Versteeg, 1980:48):

- **Sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere:**
  In die gemeente behoort daar 'n ryke veelvoud van lofgesange voor die Here te klink. Hierdeur word die geestelike rykdomme in die gemeente met mekaar gedeel én met God. Deur verskillende soorte liedere sing die gemeente oor en van God se grootheid, maar sing die lidmate ook tot mekaar *(vir mekaar)* en roep mekaar op tot lofprysing. Hierdeur word lidmate o.g.v. die liedere oor en van Christus bo die sorge en moeite van elke dag uitgelig.

- **Sing met julle hele hart:**
  Die aksent val op die feit dat die lofgesange vir God aangehef word.

- **Dank God altyd vir alles:**
  In die Efesiërbrief word 'n veelheid van seëninge opgenoem waarvoor God gedank kan word - vgl. Ef. 1:3.

- **Wees aan mekaar onderdanig:**
  vgl. 2.7.4.2.14, pagina 110

'n Belangrike opmerking van Versteeg (1980:48) n.a.v. bogenoemde is dat die eerste en die laaste bepaling dui op 'n gerigtheid op mekaar terwyl die tweede en die derde bepaling dui op 'n gerigtheid op God wat beteken dat:

> Wanneer die Gees die gelowiges op mekaar rig, rig Hy hulle ook op God. Wanneer die Gees die gelowiges op God rig, rig Hy hulle ook weer op mekaar (Versteeg, 1980:48).

Daarom dat Floor (1995:184,185) dit beklemtoon dat Paulus diep onder die indruk is dat die lied in die Christelike erediens 'n belangrike plek moet inneem, omdat:

> Het zingen in de kerk de functie heeft om elkaar op te bouwen in het geloof, en omdat op deze wijze ook de eenheid van het lichaam van Christus bewaard en bevorderd wordt.

Uit Ef. 5:19 kan afgelei word dat:

- 'n Geesvervulde gelowige 'n singende mens is.

- Christene ook, al singende vir mekaar vertel van die groot dade van God.

- Die geestelike lied 'n manier is om deur die sing daarvan, mekaar tot lofprysing aan te spoor.

- **Sang *koinonia* op 'n unieke manier, veral in die erediens, bevorder.**

### 2.7.4.2.16 Wees toegewyd aan mekaar - 1Korintiërs 12:25 (vgl. Rom. 14:19)

> "... sodat daar nie verdeeldheid in die liggaam sou wees nie maar dat die lede **gelyke sorg vir mekaar dra.**"
> (1 Kor. 12:25)

Die woord wat Paulus vir *"sorg"* in 1 Kor. 12:25 gebruik, is veelseggend vir die verstaan van dié *"mekaar"*-opdrag. μεριμναω beteken volgens Vine (1985:89) **"to be anxious about, to have a distracting care".**

Bogenoemde woordbetekenis, binne die raamwerk van die kerk as liggaam van Christus, beteken, sê Versteeg (1980:32):

- dat die eenheid van die liggaam en die verskeidenheid van die lede mekaar veronderstel;
- die eenheid van die liggaam lei nie tot verstarring en die verskeidenheid nie tot verwarring nie;
- die eenheid van die liggaam het niks met uniformiteit en die verskeidenheid, niks met individualisme te doen nie;
- dat oor die verskeidenheid van die lede nie gepraat kan word buite die eenheid van die liggaam om nie;
- **dat binne die eenheid van die liggaam al die lede in hulle verskeidenheid op mekaar aangewese is.**

Daarom dat elke lid gelyke sorg vir elke ander lid moet dra, want geen lid kan bestaan sonder die sorg vir en van die ander lede nie.

Uit 1 Kor. 12:25 kan die volgende afgelei word:

- Dat lidmate in afhanklikheid teenoor mekaar, o.g.v. lid van die liggaam van die Here te kan wees, **ywerig** is om sorg te dra vir mekaar.

#### 2.7.4.2.17 Vergewe mekaar - Kolossense 3:13b (vgl. Ef. 4:32b)

> "Wees geduldig met mekaar en **vergewe mekaar** as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe." (Kol. 3:13b)

Die volgende opmerking van Lotter (1987:24) is veelseggend én insiggewend:

> In the New Testament a **new dimension** is observed as far as the forgiveness of sins is concerned. **This is because Jesus Christ, the Saviour sent from God, being God Himself, came into the picture.**

Die oorspronklike betekenis van die woord *"vergewe"* χαριξομαι is:

- To forgive, on the basis of one's gracious attitude toward an individual (Louw **en** Nida, 1989:503).

Lotter (1987:33) wys daarop dat: As far as the origin goes of charizomai there is a close connection to "grace". Otherwise put: God accepts someone not on grounds of what the person did but on the foundation of God's love (Romans 5:17; 9:16)."

Sande (1991:162) is van oordeel dat om te verstaan wat dit werklik beteken om te vergewe, 'n mens moet let op wat vergewe nie is nie. Genoemde skrywer sê dat om te vergewe **"neither a feeling, nor forgetting, nor excusing"** is. As Sande (1996:164) aandui wat om te vergewe beteken, stel hy dit soos volg:

> *Because we must not hold wrongs against others not think about them and not punish others for them,* ***forgiveness may be described as a decision*** *to make four promises:*
>
> - *I will no longer dwell on this incident*
> - *I will not bring up this incident again and use it against you*
> - *I will not talk to others about this incident*
> - *I will not allow this incident to stand between us or hinder our relationship* (Kursivering deur P.H.H.)

Bogenoemde realiseer omdat vergifnis in werklikheid beteken **"om genadig"** te wees (MacArthur, 1992:157). MacArthur (1992:157) stel dit onomwonde dat omdat χαριξομαι 'n refleksiewe voornaamwoord is, die woord in werklikheid beteken *"vergewe julleself"* met die gevolg dat: **"The church as a whole is to**

**be a gracious, mutually forgiving fellowship."** Daarom dat Lucado (1998:22) elkeen wat dit erns maak met die opdrag in Kolosense 3:13b, daarop wys dat:

> **"Relationships don't thrive because the guilty are punished but because the innocent are merciful."**

Dit gaan nie daarom om net sporadies te vergewe nie, maar te besef dat die woord χαριξομαι in die teenwoordige tyd geskryf is, en "makes it plain that this forgiveness is to be unceasing, even unwearying a point which Jesus himself taught when instructing his disciples that forgiveness ought to be "until seventy times seven," Matt. 18:22" (O'Brien, 1982:202). Dit is dus duidelik dat dié *mekaar-imperatief* (soos elke ander *"mekaar"* uitspraak) voortvloei uit die indikatief *"soos die Here julle vergewe het"* waarmee Paulus bevestig dat "Christ the model of forgiveness" is (MacArthur, 1992:157).

Uit Kol. 3:13b kan afgelei word dat:

- Bybelse vergifnis *in Christus* 'n unieke daad is, o.g.v. Jesus Christus se genadige verlossing van sondaars.

- Christene mense is wat baie vergewe is en daarom die mees vergewingsgesinde mense in die wêreld behoort te wees.

- Om te vergewe 'n aanduiding is dat 'n mens God se genade in Christus vir sondaars verstaan én ervaar.

- 'n Gees van vergifnis verhoudinge in die gemeente kan herstel en *koinonia* bevorder.

### 2.7.4.2.18 Vermaan mekaar - Romeine 15:14

> "My broers, ek is self maar alte bewus dat julle vol goeie hoedanighede is en omvattende kennis besit, en dat **julle mekaar self op die regte weg kan help.**" (Rom. 15:14)

Die woord vir *"op die regte weg"* is νονθετεω wat letterlik beteken: "to provide instruction as to correct behavior and belief (Louw **en** Nida, 1989:415). MacArthur (1994:328) wys daarop dat νονθετεω "carries the ideas of **encouraging, warning** and **advising**".

Met die woorde van Rom. 15:14 bevestig Paulus dat hy die geestelike selfstandigheid van die gemeente in Rome ernstig opneem wat as lidmate instaat is om mekaar in berading te kan ondersteun. In dié sin, sê MacArthur (1994:328), verwys νονθετεω na **"coming alongside other Christians for spiritual and moral counseling"**. Maar wat belangrik is, is die verdere opmerking van MacArthur (1994:328):

> **Paul is not referring to a special gift of counseling, but of the duty and responsibility that every believer has for encouraging and strengthening other believers.** (vgl. ook MacArthur en Mack, 1994:301).

Kruger (2000:253) stel dit so:

> The careful way in which he writes about all, as in 1:7, must again be noted. He does not promote divisions among them by saying that some can be instructors and others at the receiving end. He treats them all on the same level with the same trust.

Uit Rom. 15:14 kan afgelei word dat:

- Lidmate met grondige kennis van God se Woord, instaat is om mekaar op die regte weg te kan help.

- Vertroue in lidmate bestaan dat hulle instaat is om mekaar te help en in werklikheid t.o.v. moontlike lewensprobleme, sonder noodwendig gespesialiseerde hulp, vir mekaar iets kan beteken.

### 2.7.4.2.19 Wag vir mekaar - 1 Korintiërs 11:33

> "Daarom, my broers, as julle saamkom om die nagmaal te vier, **wag vir mekaar**." (1 Kor. 11:33)

In 1 Korintiërs 11:2-34 en 1 Kor. 12-14 fokus Paulus op drie probleme wat die gedrag van die Christen tydens aanbidding raak - m.a.w. probleme binne die gemeentelike erediens, naamlik:

- 1 Kor. 11:2-16: die verhouding tussen man en vrou in die erediens soos uitgedruk in die kulturele gebruik dat vroue 'n hoofbedekking tydens die erediens gedra het.

- 1 Kor. 14:1-40: die gebruik van ongewone tale of klanke en profesie

- **1 Kor. 11:17-34: the setting up of class distinctions during the celebration of the Lord's Supper as an abuse of its very meaning** (Hawthorne et al. 1993:166). Wolmarans (1999:1513) praat van: *" 'n Gevaarlike nagmaal."* (Kursivering deur P.H.H.)

In dié perikoop (1 Kor. 11:17-34) waarsku Paulus die gemeente teen misbruike by die nagmaal wat in die gemeente voorgekom het. In Korinthe het die gemeente byeengekom waartydens die gemeenskaplike maaltyd gehou is. Of, soos Van'T Spijker et al. (1980:11) sê: "Die maaltijd liep uit op de viering van het avondmaal of - wat nog waarschijnlijker is - tijdens die maaltijd vond de viering van het avondmaal plaats."

Die situasie in die gemeente word in o.a. 1 Kor. 11:21 gestel - "want by die gemeenskaplike maaltyd eet elkeen gou sy eie eetgoed, met die gevolg dat party honger bly en party te veel drink." Verdeeldheid en onbeheersdheid (Wolmarans, 1999:1513) was die probleem omdat die vermoënde lidmate vir hulleself maar ook vir dié lidmate wat nie oorvloed gehad het nie (waarskynlik omdat hulle slawe was), genoeg kos moes bring. Eersgenoemdes moes vir laasgenoemdes, uit liefde, kos voorsien. Omdat die **"armes"** 'n langer werksdag moes waarneem, en later by die byeenkoms aangekom het, moes hulle vind dat: "De rijkeren aten en dranken wat ze hadden meegebracht **zelf op**, voordat de armeren eraan te pas konden komen." (Van'T Spijker et al. 1980:11.) Die selfgerigtheid van sommige lidmate het die liefde vir mekaar versmoor.

Die *"mekaar"*-opdrag in 1 Kor. 11:33 dien dan as 'n vermaning om vir mekaar te wag, wat beteken, sê Grosheide (1932:400) **"neemt niet, wat ge zelf hebt meegebracht, van te voren weg, maar begint samen en tegelijk, opdat ieder zijn deel krijge".** Want waar die gemeenskap met mekaar ontbreek, kan daar tydens die viering van die nagmaal ook nie van werklike gemeenskap met Christus sprake wees nie. **Liefdelose miskenning van mekaar** lei direk tot 'n ongepaste wyse van deelname aan die nagmaal (Van'T Spijker et al. 1980:56).

Uit 1 Kor. 11:33 kan die volgende afgelei word:

- Dat dit wat bedoel is as 'n teken van liefde teenoor mekaar (die gemeenskaplike maaltye) nie mag ontaard in 'n demonstrasie van die mees verskriklikste liefdeloosheid teenoor mekaar nie.

- Dat die onderlinge liefde tydens gemeentesamekomste primêr van belang is.

- Dat die bevrediging van persoonlike behoeftes tydens gemeentesamekomste 'n bevestiging daarvan is dat lidmate nie uit Hom lewe wat sy lewe vir die gemeente (en dus elke lidmaat) onselfsugtig afgelê het nie.

- Dat 'n radikale geloofsverskil ten grondslag lê met betrekking tot *"vir myself"* en *"vir mekaar"* in die lewe van die individu en 'n gemeente van Jesus Christus.

## 2.8 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING BY HIERDIE HOOFSTUK

Die volgende voorlopige gevolgtrekkings kan gemaak word:

- 'n Korrekte kerkbegrip is belangrik om in dié studie 'n basisteorie daar te stel, om uiteindelik tot die ontwerp van 'n meer geldige praktykteorie te kan kom.

- Die kerk is kragtens haar skepping op pinksterdag, 'n werk van die Gees, en dus 'n unieke skepping van God.

- Die kerk bestaan uit mense wat volgelinge van Jesus Christus is, en die eiendomsvolk van God is.

- 'n Basisteorie vir die studie word in die Skrif gevind omdat die Skrif die prakties-teologiese vertrekpunt bied ten opsigte van die hele vak en dus ook die kerk.

- Die kerk as liggaam van Christus bied 'n sinvolle vertrekpunt vir die verstaan van die "**mekaar**"-opdragte.

- Die *"groot"* **indikatief** van die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* blyk **Romeine 3:24** te wees.

- Die *"groot-mekaar"* **indikatief** blyk **Romeine 12:5** te wees.

- Die *"groot-mekaar"* **imperatief** blyk **Romeine 13:8** te wees, **op grond waarvan twee en dertig tekste, met sewentien** *"mekaar"*-**opdragte voortvloei.**

- Die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* dus onontbeerlik blyk te wees vir die bevordering van kerklike geloofsgemeenskap.

# HOOFSTUK 3

# METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

## 3.1 INLEIDING

Op voetspoor van die prakties-teologiese model van Zerfass (1974:164-177), wat as uitgangspunt vir dié studie dien, is die volgende met betrekking tot hoofstuk drie belangrik:

- Die probleem wat prakties-teologies deur die skrywer ondersoek word, is die onderlinge geloofsgemeenskap van lidmate in gemeentes wat nie meer sou bevredig nie;

- Daarom dat in hoofstuk twee 'n basisteorie ontwerp is, alvorens 'n moontlike nuwe praktykteorie, na aanleiding van bogenoemde probleem wat ontstaan het, ontwerp sou kon word;

- Wanneer 'n probleem ondersoek word, is dit belangrik om 'n analise van die situasie te maak. Want, belangrik in die model van Zerfass (1974:164-177), (vgl. spesifiek punt 5 van model, hoofstuk 1 p.13 van dié studie) **is die wisselwerking tussen die tradisionele en die sogenaamde veranderde situasie. By enige probleem-oplossing móét altyd terugverwys word na die tradisionele.** Daarom word die tradisionele (dit wat in die kerk nie meer sou bevredig nie) aan die hand van empiriese gegewens ontleed (vgl. hoofstuk vier van dié studie), **terwyl ook metateoretiese insigte geïntegreer word.**

- Onder *"metateorie"* word verstaan, vgl. Venter (1996:89): 'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke

deel, d.w.s. vakke wat aspekte van dieselfde werklikheidsveld ondersoek. Dus kan kennis van ander wetenskappe ingespan word om 'n juiste beeld van die werklikheid te kan verkry (Heyns en Pieterse, 1990:37).

## 3.2 DOELSTELLING

Omdat 'n empiriese situasie-analise gedoen word (vgl. hoofstuk vier van dié studie) en die gegewens wat só verkry word tot 'n teorie te verwerk (vgl. hoofstuk vyf van dié studie), word in hoofstuk 3 gefokus op kennis van ander wetenskappe wat moontlik tot meerdere insig t.o.v. die probleem (geloofsgemeenskap wat moontlik nie ten volle in gemeentes realiseer nie) kan bydra. Die empiriese situasie-analise gee aanleiding tot 'n seleksie van ander wetenskappe wat o.a. fokus op kommunikasie, interpersoonlike kommunikasie en groepsdinamika. Laasgenoemdes hou verband met die teologiese aspek *koinonia* (gemeenskap) as 'n sleutelterm van dié ondersoek.

Sonder om op volledigheid aanspraak te maak, word agtereenvolgens gefokus op kennis van:

- Psigologie
- Maatskaplike werk
- Kommunikasiekunde
- Politieke wetenskap

Die skrywer maak hoofsaaklik van die inhoud van handboeke gebruik wat op voorgraadse vlak aan studente van o.a. die Potchefstroomse Universiteit vir CHO, Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Suid-Afrika t.o.v. Psigologie, Maatskaplike Werk en Kommunikasiekunde voorgeskryf word. Wat die politieke wetenskap betref, word grootliks verwys na 'n persoonlike onderhoud op 6 Junie 2000 met dr. W.J. de Klerk, politieke konsultant en outeur

van o.a. *Die Vreemde God en Sy mense* (1998) én sy mees onlangse boek *Afrikaners Kroes Kras Kordaat* (2000). (Bandopname van onderhoud in besit van die skrywer). Vir 'n Sosiologiese perspektief, vgl. Heystek (1998:61-64).

## 3.3 ANDER WETENSKAPPE

### 3.3.1 Psigologie

#### 3.3.1.1 Wat is Psigologie

Louw et al. (1993:1) erken dat pogings om die Psigologie te definieer, tot die ontstaan van letterlik honderde definisies aanleiding gegee het. Alhoewel Herholdt (1985:8), met sy intreerede by die aanvaarding van die Professoraat in die Departement Sielkunde (Universiteit van Pretoria) in 1985 reeds 'n pleidooi gelewer het dat die sielkunde nie as 'n **gedragswetenskap** omskryf behoort te word nie maar as 'n **menswetenskap** om sodoende proaktief te werk te gaan, is die gemeenskaplike faktor Louw et al. (1993:1):

> **dat sielkunde die wetenskaplike bestudering van gedrag is.** (vgl. Berryman et al. 1987:2; Tyson, 1987:3; Meier et al. 1992:3).

Krebs **en** Blackman (1988:7) definieer die vakgebied soos volg:

> Psychology is the scientific study of the mind and of behaviour. It is also the study of the body and the emotions: the study of thoughts, perceptions, feelings, sensations, motivations, and actions. *Thé field of psychology is as large, dynamic, and diverse as its subject matter - people.* (Kursivering deur P.H.H.)

Bogenoemde skrywers stel die "takke" van die Psigologie in die boek *Psychology: A First Encounter* (1988:7) soos volg voor:




Meier et al. (1992:17) stel dit so:

> Psychology might be thought of as the study of how living creatures interact with their environment and each other, and how they cope (succesfully or unsuccessfully) with the environment.

### 3.3.1.2 Psigologie en Teologie

Ondanks 'n spesifieke definisie vir wat Psigologie presies is, is die opmerking van De Klerk (1975:1) van belang, naamlik: *"Die Teologie en die Kerk* het in die geskiedenis 'n skrik weg vir die Psigologie." Die **"skrik"** word bevestig deur wat miskien "wantroue" tussen teoloë en sielkundiges (veral ook psigiaters) genoem kan word, (vgl. Adams, 1970:1-25; Meier et al. 1992:26-32; MacArthur et al. (1994:3-20).

As wetenskap het die Psigologie momentum gekry toe Freud as die groot profeet opgestaan het, en as vader van die moderne sielkunde uitgesproke was daaroor dat volgens hom, die sielkunde 'n alternatief vir die godsdiens was (MacArthur et al.1994:8). Die agterdog is verder versterk deur die sogenaamde Godsdienspsigologie wat via Schleiermacher ontstaan het en in Amerika en Duitsland 'n bloeityd belewe het aan die begin van 1900 (De Klerk, 1975:2). Met die Godsdienspsigologie in gedagte, waarsku MacArthur et al. (1994:6) teen wat hy **"Psychologizing the Church"** noem.

In die afgelope jare het die term integrasie in Christelik psigologiese en teologiese kringe 'n bekende woord geword. Menige debatte en besprekings is gehou oor die moontlikheid van die integrasie van geloof en psigologie (Joubert, 1999:34). Met verwysing na die moontlike integrasie van genoemde vakwetenskappe, verwys Joubert (1999:43-52) na vier sogenaamde tipes integrasie, naamlik:

- **Interdissiplinêre integrasie:**
  Hierdie vorm van integrasie is meer teoreties van aard en het te doen met die ondersoek van die kernaspekte van elke dissipline.

- **Intradissiplinêre integrasie:**

  Hierdie integrasie verwys na die integrasie van teorie en praktyk binne 'n gegewe dissipline of professie.

- **Geloof-praxis-integrasie:**

  Hierdie integrasie behels die integrasie van geloof en praxis (dit is lewenspraktyk).

- **Ervaringsintegrasie:**

  Hierdie vorm van integrasie behels die integrasie tussen innerlike ervaringe van die mens asook tussen 'n mens en God.

Opsommenderwys merk Joubert (1999:56) op dat *hierdie integrasie gedoen word om dit moontlik te maak vir Christelike psigoloë om eksplisiet vanuit 'n Christelike perspektief vir Christelike kliënte hulpverlening te gee.* (Kursivering deur P.H.H.) Sonder integrasie vind 'n wetenskaplike verarming plaas, wat Tjeltveit (1993:210) soos volg beskryf:

> Christians unwilling to learn from psychology are not the only ostriches. There is another type: the psychologist so busy investigating the sand - often with impeccable experimental design - that the broader context and essential aspects of that being investigated, including its meaning, are lost. Here, theology can help. Indeed, it is when we give *both* science and theology careful critical attention that we avoid problematic resolutions of the science-faith tension.

Ter wille van perspektief, vind die skrywer die *posisies* (Kursivering deur P.H.H.) wat Meier et al. (1992:26-29) noem, verhelderend. Die vier posisies is:

- the Christianity **against** psychology
- the psychology **against** Christianity
- Christianity **and** psychology
- The psychology **integrates** Christianity (vgl. Joubert, 1999:43-52)

Omdat die skrywer die belang van interdissiplinêre samewerking begryp blyk 'n keuse ten gunste van "Christianity **and** psychology" of selfs "psychology **integrates** Christianity" verantwoordelik te wees. Daarom ook 'n keuse teen MacArthur, et al. (1994:12) wat Psigologie 'n **"pseudo-science"** noem en op voetspoor van De Klerk (1975:4) van Psigologie te praat as 'n **"selfstandige brugwetenskap"** wat die bevindinge van een wetenskap vrugbaar maak vir 'n ander wetenskap. Daarom dat Miller et al. (1985:xviii) in die voorwoord van *Practical Psychology for Pasters* kan opmerk:

> **The mainstreams of psychological research have provided important guidelines for us as we have attempted to organize the complex and often surprising realities of human change.**

Opsommenderwys kan die interdissiplinêre bewustheid en samewerking tussen Psigologie en Teologie soos volg voorgestel word.




(Oorgeneem uit Meier et al. 1992:30).

#### 3.3.1.3 Mense in groepe

##### 3.3.1.3.1 Wat is 'n groep?

Omdat die fokus van die studie kerklike geloofsgemeenskap is met die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* as uitgangspunt, sou die kennis van Psigologie insiggewend kon wees om 'n juiste beeld van 'n *"gemeente"* (as die liggaam van Christus en dus 'n groep mense) te kon verkry.

Mense is sosiale wesens en in die boek *Psychology and You* sê Berryman et al. (1987:81) **"we all act, think and talk the way we do in relation to other**

**people".** Ons behoort op een of ander manier aan groepe wat 'n geweldige invloed op ons lewe het (Tyson, 1987:345). In die sosiale psigologie sê Tyson (1987:345,346), het die begrip *"groep"* 'n meer spesifieke betekenis as wat in die omgangstaal daarmee bedoel word en definiëer 'n groep as:

> **Two or more people who have a common interest or goal and who *interact with* and *influence* each other.**

Psigoloë (o.a. Tyson, 1987:345-349; Jordaan en Jordaan, 1992:758; Louw et al. 1993:791-792) is dit eens dat 'n versameling mense eers as 'n groep beskou kan word wanneer sekere spesiale kenmerke aanwesig is. Jordaan en Jordaan (1992:758) verwys na die volgende groepskenmerke:

- Die versameling van persone deel 'n ***bewustheid van lidmaatskap;***

- Die versameling persone is in ***interaksie met mekaar;***

- Die versameling persone **deel** een of **meer** ***implisiete of eksplisiete doelwitte of motiewe*** wat die rede verskaf vir hulle saamgroepering;

- Die versameling persone ontwikkel eksplisiet of implisiet ***'n stel norme of reëls*** wat ***druk op die lede uitoefen*** wat betref die toelaatbare gedrag binne die groep;

- Die versameling persone kan konsensus binne die geledere van die groep só hoog op prys stel dat die verskynsel van **groepdruk** manifesteer;

- As die interaksie tussen die versameling persone voortduur, ontwikkel daar ***leierskap- en volgelingspatrone*** in die groep;

- As die interaksie voortduur ontstaan daar tussen die groeplede *'n netwerk van **interpersoonlike aantrekkingskrag*** wat gebaseer is op die voorkeure en afkeure wat die lede vir **mekaar** het.

### 3.3.1.3.2 Waarom groepvorming?

Hoekom het mense (sielkundig gesproke) 'n behoefte om by ander mense betrokke te raak? Louw et al. (1993:788,789) noem **aangetrokkenheid** en **samewerking** as moontlike oorsake vir groepvorming. Jordaan en Jordaan (1992:768,769) verwys na **interpersoonlike aangetrokkenheid** as 'n belangrike motief vir groepvorming en verwys na Levinger en Snoek wat drie fases in die ontwikkeling van interpersoonlike aangetrokkenheid onderskei, en dit soos volg voorstel:




(Oorgeneem uit Jordaan en Jordaan, 1992:769).

Teologies van belang is om te besef dat mense nie as sodanig (psigologies gesproke) 'n interpersoonlike aangetrokkenheid tot mekaar het nie, maar dit wel ontwikkel. **Mense se verbondenheid aan mekaar verdiep namate hulle mekaar se betekeniswêrelde deel en verder ontdek. Eers in fase 3 voel mense vir mekaar verantwoordelik en vir die soort verhouding wat hulle het** (Jordaan en Jordaan, 1992:769).

### 3.3.1.3.3 Klassifikasie van groepe

Die skrywer sluit aan by die groepsklassifikasie van Jordaan **en** Jordaan (1992:770-773):

> **Primêre Groepe:**
>
> 'n *Primêre groep* word beskryf as 'n versameling mense wie se interaksie met mekaar *persoongerig* is. Die lede van dié soort groep leer **mekaar** ken as persone; hulle stel belang in **mekaar** en deel **mekaar** se ervaringswêrelde. Die lede se verbintenis is gewoonlik intens emosioneel en word dikwels gedra deur diep sentiment en tradisie. Die gesin is 'n prototipe van 'n primêre groep.
>
> **Sekondêre Groepe:**
>
> 'n *Sekondêre groep* kan beskryf word as 'n versameling persone wie se interaksie met mekaar *taakgerig* is. Sulke groepe is betreklik onpersoonlik, formeel, gespesialiseerd en is gerig op die effektiewe uitvoering van bepaalde take. In die moderne samelewing is daar 'n netwerk van sekondêre groepe wat geassosieer is met persone se beroepe, sosiale verpligtinge, studieaktiwiteite, **kerklike aktiwiteite**, ens.

Alhoewel Jordaan **en** Jordaan, (1992) dit nie pertinent noem nie, kan uit die omskrywing van wat 'n primêre groep is, afgelei word dat 'n gemeente, psiologies gesproke 'n primêre groep sou wees.

Uit die Psigologie (vgl. 3.3.1-3.3.1.3.3) kan die volgende afgelei word:

- Dat Psigologie die wetenskaplike bestudering van gedrag is.

- Psigologie 'n *"selfstandige brugwetenskap"* is wat bv. die bevindinge van die Psigologie vrugbaar maak vir o.a. die Teologie. (Kursivering deur P.H.H.)

- Dat mense normaalweg nie sosiaal geïsoleerd lewe nie.

- **Dat mense kontak soek met mekaar en om verskillende redes groepeer.**

- 'n Groep sekere kenmerke het wat dit onderskei van 'n blote versameling van mense.

- Dat daar 'n verband is tussen menslike gedrag en groepvorming.

- Die klassifikasie van groepe dui op *primêre groepe* en *sekondêre groepe.* (Kursivering deur P.H.H.)

### 3.3.2 Maatskaplike Werk

Die skrywer het op aanbeveling van Prof. Van Delft, (Departement Maatskaplike Werk - Universiteit van Pretoria), 'n studie gemaak van twee standaard publikasies wat in die genoemde departement aan studente voorgeskryf word:

- Du Toit et al. 1998: *Person-centered communication. Theory and practice.*

- Egan, 1998: *The skilled helper: A problem-management approach to helping.*

Metateoretiese kennis van belang vir dié prakties-teologiese ondersoek is aannames uit bogenoemde handleidings.

#### 3.3.2.1 Basiese uitgangspunte in die Maatskaplike werk

In die bestudering van bogenoemde publikasies (3.3.2), het die volgende aan die lig gekom:

- in die maatskaplike werk word gefokus op die unieke *belewenisse* en *persepsies* van mense

- die mens as studieobjek word *"die kliënt"* genoem

- *hulp* aan die kliënt in *probleemsituasies* is primêr, waardeur die noodsaaklikheid van die maatskaplike werk bevestig word. Want, merk Egan (1998:5) op:

  > *Clients* come for help because they have *crises, troubles, doubts, difficulties, frustrations,* or *concerns.* These are often called, generically, "problems", but they are not problems in a mathematical sense, because often *emotions* run high and often there are no clear-cut solutions. (Kursivering deur P.H.H.)

- 'n persoon-gesentreerde aanpak word, met die oog op probleemoplossing, in die maatskaplike werk gevolg

- die bekwaamheid van die helper (maatskaplike werker) is 'n prioriteit in die wetenskap van die Maatskaplike Werk.

#### 3.3.2.2 Die unieke belewenisse en persepsies van mense

Alle mense het, bewustelik of onbewustelik, unieke ervaringe en persepsies. Die ervaringe van mense is uniek in dié sin dat 'n buitestaander slegs 'n idee kan vorm

van wat die individu werklik ervaar (Du Toit et al. 1989:4). Dus is die volgende aanname belangrik vir oorweging deur die praktiese teoloog:

> **Unfortunately, we cannot fathom people's inner worlds mechanically. Neither can the experiential world be 'cut open' while the client is under anaesthetic. Only the individual can give an outsider a glimpse of what is going on inside his/her private world** (Du Toit et al. 1989:5).

Bogenoemde aanname word bevestig deur die volgende beeld oorgeneem uit Du Toit et al. (1989:6):




As gevolg van die uniekheid van elke mens (kliënt) of groep (kliënte) is dit belangrik om presies te weet wat dit beteken om mense in probleemsituasies te help. Egan (1998:5) maak in dié verband die volgende opmerking **"client-**

**centered helping means that the needs of the client, not the models and methods of the helper, are central".** Deur só op die kliënt te fokus, sê Egan (1998:7,8) kan die twee basiese doelwitte van die helpproses bereik word, naamlik:

- Help clients manage their problems in living more effectively and develop unused or underused opportunities more fully

- Help clients become at helping themselves in their everyday lives.

### 3.3.2.3 Die persoon gesentreerde model in hulpverlening

Wat belangrik is, is die persoon wat hulp verleen se *"waardes"* want **"values reflect the facilitator's entire attitude towards humankind** (Du Toit et al. 1998:73).

Egan (1998:62-79) noem drie "waardes" van belang in 'n persoon-gesentreerde model van hulpverlening:

- **Attending**

Om teenwoordig en dus beskikbaar te wees vir die kliënt is uiters belangrik en noodsaaklik want, beweer Egan (1998:62): "Helping and other deep interpersonal transactions demand a certain intensity of presence." Sodoende bevestig die hulpverlener dat hy of sy *"met"* die kliënt is en is eersgenoemde in 'n posisie om met noukeurigheid te kan luister na laasgenoemde se probleme.

- **Listening**

Die noodsaaklikheid en belang van luister kan moeilik oorbeklemtoon word. Aktiewe luister hou o.a. in

- luister met die doel om die kliënt se probleem te begryp
- om die kliënt te hoor in wat hy of sy nie sê nie (nie verbale gedrag)
- luister om insig in die konteks van die kliënt se leefwêreld te verkry
- luister met die doel om te bepaal of daar verbittering by die kliënt te bespeur is.

- **Understanding**

Om te kan verstaan wat 'n ander mens se probleem is, is dit belangrik om met empatie te kan luister. Empatie, sê Egan (1998:73) "can be seen as an *intellectual* process that involves understanding correctly another person's emotional state and point of view". Die persoon wat hulp verleen moet, met ander woorde instaat wees om met die oë van die kliënt na laasgenoemde se wêreld te kyk en ook te kan bepaal hoe die kliënt hom of haar sien (Du Toit et al. 1998:141).

Naas die bogenoemde *"waardes"* meld Du Toit (1998:117-141) ook nog:

- **Respect**

Vir enige persoon wat glo in 'n persoon-gesentreerde benadering in hulpverlening, is respek van die grootste belang (Du Toit et al. 1998:77). **"Respek"** word beskryf as "the facilitator's basic hypothesis concerning humankind; a

meaningful demonstration of the counsellor's acceptance of the client as a person who is competant to direct himself" (vgl. Du Toit et al. 1998:77).

- **Individualisation**

Elke persoon se ervaring én persepsie van die lewe en van hom-/haarself is uniek. Dit sluit behoeftes, gedrag en waardes in. Daarom is dit fataal om in hulpverlening aan mense te *veralgemeen* of mense te *etiketeer* met bv. 'n aanname soos *"alle alkoholiste is dieselfde"*. In die lig van dié werklikheid is die volgende opmerking van Du Toit et al. (1998:88) ook vir dié studie belangrik:

> **Ignoring or disregarding this uniqueness means that the unique potential, forces and direction of the person one is dealing with are also being lost.**

- **Self-determination**

Die kliënt moet gelei word om in vasberadenheid te groei. Vasberade om die probleme wat sou bestaan te hanteer en sodoende tot groter selfkennis te kom.

- **Confidentiality**

Wat gesê is word as vertroulik beskou en word nie teenoor iemand anders herhaal nie.

Na aanleiding van dié perspektiewe van die Maatskaplike Werk (vgl. 3.3.2-3.3.2.3), kan die volgende afgelei word:

- Dat op die unieke belewenisse en persepsies van mense gefokus word.

- Dat hulp aan die sogenaamde *"kliënt"* in probleemsituasies, primêr is.

- In maatskaplike werk 'n persoongesentreerde aanpak met die oog op probleemoplossing gevolg word.

- Die bekwaamheid van die maatskaplike werker 'n prioriteit is.

- Dat die *"waardes"* van die maatskaplike werker baie belangrik is, naamlik:

  - beskikbaar wees
  - goeie luisteraar te wees
  - begrip te kan openbaar
  - respek te openbaar
  - nie te veralgemeen en te etiketeer nie
  - vasberade te wees
  - vertroulikheid kan handhaaf

### 3.3.3 Kommunikasiekunde

> **"... If all of my possessions were taken from me with one exception, I would choose the power of communication, for by it I would regain all the rest."** - Daniel Webster (Oorgeneem uit Lloyd et al. 1997:1)

Die noodsaaklikheid om die kennis van 'n wetenskap soos die Kommunikasiekunde in die prakties-teologiese studie in te span om 'n juiste beeld van die werklikheid te verkry, word bevestig deur Littlejohn (1989:3) in sy boek *Theories of human communications:*

> **Communication is interwined with all of human life. Any study of human activity must touch on communication processes in one form or another.**
> (vgl. ook Lloyd et al. 1997:17)

In die geesteswetenskappe speel kommunikasie as wetenskap 'n belangrike rol. In dié verband kan na die Kommunikasiekunde, die Opvoedkunde, die Psigologie en die Teologie verwys word. En aangesien kommunikasie 'n sentrale begrip in die godsdiens én in die kerk is, is dit nie vreemd dat die kommunikasiewetenskappe toenemend invloed op die teologie uitoefen nie. Vos (1995:138) sê onomwonde dat dié invloed het veral in die Praktiese Teologie en dan met name in die homiletiek neerslag gevind. **In die Praktiese Teologie is die begrip kommunikasie 'n sleutelwoord. Dit is die sleutel tot al die handelingsvelde in die Praktiese Teologie.** Al die handelingsvelde kan vanuit dié perspektief beskou word (Vos, 1995:138). *Kommunikasie en verstaan* is in die Praktiese Teologie m.b.t. die interaksie van die verbondsmatige ontmoeting en dialoog tussen God en mens, baie belangrik (Louw, 1997:7). Aangesien hierdie studie binne die Praktiese Teologie val, blyk dit noodsaaklik te wees om te let op wat kommunikasie is.

### 3.3.3.1 Wat is kommunikasie (Kommunikasieteorie)

Al staan die kommunikasiegebeure sentraal in die menslike bestaan, is dit nie so maklik om die omvang en betekenis van die begrip te omskryf nie (vgl. Littlejohn, 1989:2-6; Vos, 1995:137; Spaans, 1996:12). Die rede hiervoor is (Littlejohn, 1989:4):

> Because of its complex, multidisciplinary nature, communication is difficult to define. The word

*communication* is abstract and, like all words, possesses multiple meanings.

Vos (1995:137) maak daarvan melding dat kommunikasiekundiges tot 1973 reeds bewus was van 126 gepubliseerde definisies van kommunikasie. Om enigsins, in die lig hiervan, te verstaan wat kommunikasie is, blyk die volgende perspektiewe verhelderend te wees:

**Littlejohn (1989:4,5)**

Littlejohn verwys na Frank Dance se *"conceptual components in communication"* soos in die volgende tabel uiteengesit:

| | |
|---|---|
| 1. **Symbols/Verbal/Speech** | "Communication is the verbal interchange of tought or idea." |
| 2. **Understanding** | "Communication is the process by which we understand others and in turn endeavor to be understood by them. It is dynamic, constantly changing and shifting in response to the total situation." |
| 3. **Interaction/Relationship/ Social Process** | "Interaction, even on the biological level, is a kind of communication; otherwise common acts could not occur." |
| 4. **Reduction of Uncertainty** | "Communication arises out of the need to reduce uncertainty, to act effectively, to defend or strengthen the ego." |
| 5. **Process** | "Communication: the transmission of information, idea, emotion, skills, etc., by the use of symbols-words, pictures, figures, graphs, etc. It is the act or process of transmission that is usually called communication." |
| 6. **Transfer/Transmission/ Interchange** | "The connecting thread appears to be the idea of something's being transferred from one thing, or person, to another. We use the word 'communication' sometimes to refer to what is so transferred, sometimes to the means by which it is transferred, sometimes to the whole process. In many cases, what is transferred in this way continues to be shared; if I convey information to another person, it does not leave my own possession through coming into his. Accordingly, the word 'communication' acquires also the sense of participation. It is in this sense, for example, that religious worshipers are said to communicate." |
| 7. **Linking/Binding** | **"Communication is the process that links discontinuous parts of the living world to one another."** |
| 8. **Commonality** | "It (communication) is a process that makes common to two or several what was the monopoly of one or some." |
| 9. **Channel/Carrier/Means/ Route** | "The means of sending military messages, orders, etc., as by telephone, telegraph, radio, couriers." |
| 10. **Replicating Memories** | "Communication is the process of conducting the attention of another person for the purpose of replicating memories." |
| 11. **Discriminative Response/ Behaviour Modifying Response** | "Communication is the discriminatory response of an organism to a stimulus." |
| 12. **Stimuli** | "Every communication act is viewed as a transmission of information, consisting of a discriminative stimuli, from a source to a recipient." |
| 13. **Intentional** | "In the main, communication has as its central interest those behavioural situations in which a source transmits a message to a receiver (S) *with concious intent to affect the latter's behaviours.*" |
| 14. **Time/Situation** | "The communication process is one of transition from one structured situation-as-a-whole to another, in preferred design." |
| 15. **Power** | "Communication is the machanism by which power is exerted." |

(Oorgeneem uit Littlejohn, 1989:5)

**Louw (1993:100-101)**

Louw konstateer dat tussen mense wat in interaksie met mekaar kom, daar gewoonlik vyf vlakke van kommunikasie is:

- ***Neutrale kontak*** (praat oor *dinge* nie *met iemand* nie).
- ***Informasie kontak*** (beredenerend van aard en wil iemand van iets bewus maak of oortuig)
- ***Standpunt kontak*** (eie menings word deurgegee met die oog daarop om 'n standpunt te verduidelik)
- ***Beoordelende kontak*** (gaan gewoonlik met die uitspreek van kritiek en beskuldiginge gepaard)
- ***Diepte kontak*** (dié kontak plaas die fokus op die **ander persoon se gedagtes, behoeftes, motiewe en gevoelens met die oog op nabyheid en samesyn).**

**Vos (1995:138,139)**

Opvallend is dat Vos, wanneer hy die homiletiek uit 'n **hermeneuties-kommunikatiewe** perspektief beskou, opmerk dat daar 'n aantal wetmatighede is wat in alle kommunikasiebenaderinge en -modelle voorkom:

- 'n Kommunikasiebron of sender
- Die boodskap

- Medium of kanaal

- Die ontvanger

- Interpretasie van die boodskap.

**Spaans (1996:12)**

Kommunikasie is afgelei van die Latynse woord *communis* wat *gemeenskaplikheid* beteken. As mense kommunikeer is daar sprake van 'n proses, waarby deur 'n sender informasie (boodskap) oorgedra word na 'n ontvanger.

**Lloyd et al. (1997:7)**

Die basiese elemente van 'n menslike kommunikasiemodel word skematies, in ooreenstemming met die wetmatighede deur Vos (1995:138,139) hierbo genoem, deur Lloyd soos volg voorgestel:




(Oorgeneem uit Lloyd et al. 1997:7)

### 3.3.3.2 Die vlakke of konteks van kommunikasie

Kommunikasiekunde as wetenskap bespreek kommunikasie hoofsaaklik op vier verskillende vlakke, met elke vlak wat 'n eie fokus het. Onderskeid word gemaak ten opsigte van:

- interpersoonlike kommunikasie

- groep kommunikasie

- organisatoriese kommunikasie

- massa kommunikasie (Littlejohn, 1989:13).

Gesien die fokus van dié studie as die kerk of gemeente van Jesus Christus op aarde, is die moontlike perspektiewe wat interpersoonlike en groep kommunikasie kan bied, van belang. Tereg verwys De Wet (1995:89) na die belang van die dialogiese kommunikasieteorie vir die verhouding tussen gemeente en prediking. In die Praktiese Teologie gaan dit om kommunikatiewe handelinge in die diens van die evangelie. Dit is dus belangrik dat koninkrykswaardes die gees en rigting van die kommunikasieproses sal bepaal (De Wet, 1995:89).

#### 3.3.3.2.1 Interpersoonlike Kommunikasie

Interpersoonlike kommunikasie vind hoofsaaklik tussen twee persone plaas, onder vier oë en in 'n privaat situasie (Littlejohn, 1989:13). Die waarde van kennis van die kommunikasiekunde bestaan daarin dat lidmate van 'n gemeente juis ook interpersoonlik met mekaar kommunikeer. Die waarde en belang van interpersoonlike kommunikasie (ook geestelik gesproke) word duidelik as De Vito (1989:4) sê interpersoonlike kommunikasie *"is defined as communication that takes place between two persons who have a clearly established relationship between them; the people are in some way "connected"* ". (Kursivering deur P.H.H.)

Die effektiwiteit van interpersoonlike kommunikasie is nie noodwendig gewaarborg nie. Hoe effektief al dan nie interpersoonlike kommunikasie is, word bepaal deur die sogenaamde humanistiese of die pragmatiese perspektief of model. De Vito (1989:95,96) onderskei tussen:

- **A humanistic model of interpersonal effectiveness with five general qualities:** (soft approach)

openness

empathy

supportiveness

positiveness

equality

- **A pragmatic model of interpersonal effectiveness with five general qualities:** (hard approach)

confidence

immediacy

interaction management

expressiveness

other-orientation

In die kommunikasieproses is die styl dus belangrik. Dit word bepaal deur die houding van die kommunikeerder en deur persoonlikheid. In die Praktiese Teologie is dié perspektief van die Kommunikasiekunde belangrik alhoewel in eersgenoemde, **die inhoud** wat gekommunikeer word en deur Christologie en pneumatologie bepaal word, van kardinale belang is (Louw, 1997:300). Die klem in die Kommunikasiekunde word egter bevestig deur Littlejohn (1989:173):

> People seem to have a particular **style** when they communicate with others. **Style is a repeated pattern of verbal and nonverbal behaviours that affects how other people understand one's messages.**

### 3.3.3.2.1.1 Redes vir interpersoonlike kommunikasie

Alhoewel daar baie redes is waarom mense met mekaar kommunikeer, selekteer De Vito (1989:282-286) die volgende vyf vir oorweging:

- **Om eensaamheid te voorkom:** dit is belangrik om te weet iemand gee om.

- **Om stimulasie te waarborg:** 'n mens praat met ander mense oor verskillende dinge en stimuleer sodoende analitiese- en interpretasievermoëns. Naas genoemde aspekte is die volgende aanname van De Vito (1989:284) van uiterste belang, naamlik "we are also physical creatures and need *physical stimulation* as well. We need *to touch and be touched; hold and be held;* we need to *look at people* and *have them look at us.* We are also *emotional creatures* and need *to laugh* and *cry;* to feel *hope* and *surprise*". (Kursivering deur P.H.H.)

- **Om selfkennis en -insig te bevorder:** deur kontak met ander mense leer jy van en oor jouself.

- **Ter bevordering van selfbeeld:** op grond van die verhouding wat as gevolg van interpersoonlike kommunikasie ontstaan beleef die mens eie waarde wat bevorderlik vir selfbeeld is.

- **Om vreugde te bewerk en pyn te minimaliseer:** De Vito (1989:285) merk in die verband op: "Perhaps this goes back to when we were children and ran to mother to kiss our wounds or tell us everything was all right. We now find it difficult to run to mother, so we go to others."

### 3.3.3.2.2 Groep Kommunikasie

Omdat 'n gemeente 'n groep mense is, is die kennis van Kommunikasiekunde, veral ten opsigte van groepdinamika, vir dié studie van belang. Wat groep kommunikasie betref, fokus die skrywer op inligting soos deur Littlejohn (1989:202-224) verskaf.

#### 3.3.3.2.2.1 'n Definisie van "groep"

Kommunikasiekundiges beskou 'n groep as 'n "dynamic whole; this means that a change in the state of any subpart changes the state of any other subpart" (vgl. Littlejohn, 1989:204).

#### 3.3.3.2.2.2 Die impak van 'n groep op die individu

Littlejohn (1989:204) verwys na Lewin wat vier kwaliteite verbind aan die impak wat deel van 'n groep te wees op mense kan hê, naamlik:

- die groep bied stabiliteit aan die individu se lewe

- die groep bied die moontlikheid om bepaalde doelwitte te bereik (wat die individu moontlik alleen nie sou kon bereik nie)

- die groep beïnvloed die individu se waarde en norme ooreenkomstig die waarde en -normestelsel van die betrokke groep

- die groep bied 'n lewensruimte vir 'n individu.

In die Kommunikasiekunde is nie twyfel oor die feit dat die onderlinge gevoel van samehorigheid 'n primêre faktor in groepsdinamika is nie. Genoemde faktor kan ook in die Praktiese Teologie belangrik wees omdat 'n gemeente hulle eenheid en verbondenheid in Jesus Christus mag beleef. Want, sê Littlejohn (1989:204):

> In a highly cohesive group a strong **mutual identification** is found among members. This quality is what keeps a group together. Without it the group will dissolve.

**3.3.3.2.2.3 Groepsdinamika**

Littlejohn (1989:205) gee toe dat navorsing op die gebied van groepsdinamika grootliks onbevredigend is, en hy motiveer homself deur op te merk: *"The disadvantage of the work in group dynamics is that it consists largely of a vast, often unconnected body of research and much of it does not directly address communication."* (Kursivering deur P.H.H.)

Die navorsing wat gedoen is, is gebaseer op die "input-process-output" model, waarmee bedoel word "the factors that affect the group (process), and the results (output)" (vgl. Littlejohn 1989:205,206). Binne bogenoemde raamwerk is die belangrikste faktor *interaksie* as die wyse waarop mense in 'n groep teenoor mekaar reageer (Littlejohn, 1989:215).

Op grond van die Kommunikasiekunde (vgl. 3.3.3-3.3.3.2.2.3) kan afgelei word dat:

- Kommunikasie in die geesteswetenskappe 'n sentrale rol speel.

- Die Kommunikasiewetenskappe toenemend invloed op die Teologie uitoefen.

- *Kommunikasie* is afgelei van die Latynse woord *communis* wat *gemeenskaplikheid* beteken.
- *Oor die algemeen vyf vlakke van kommunikasie onderskei kan word, naamlik:*

- **neutrale** kontak
- **informasie** kontak
- **standpunt** kontak
- **beoordelende** kontak
- **diepte** kontak

- Die volgende wetmatighede in kommunikasie voorkom:

- kommunikasiebron of sender
- boodskap
- medium
- ontvanger
- interpretasie van boodskap

- Die volgende vlakke van kommunikasie onderskei kan word:

- interpersoonlike kommunikasie
- groep kommunikasie
- organisatoriese kommunikasie
- massa kommunikasie

- Moontlike redes vir interpersoonlike kommunikasie kan wees om:

- eensaamheid te voorkom
- selfkennis en -insig te bevorder
- selfbeeld te bevorder
- vreugde te bewerkstellig en pyn te minimaliseer

- Die inpak van groepkommunikasie is:

    - stabiliteit
    - doelwitbereiking
    - beïnvloeding van die individu se waarde- en normestelsel
    - lewensruimte aan die individu te bied

- Die praktiese teoloog bogenoemde kennis met vrug kan gebruik.

### 3.3.4 Politieke Wetenskap

Verandering is die groot realiteit van die teenswoordige lewe. Hierdie voortdurende beweging in die samelewing plaas kerklike strukture, bedieningsmodelle en getuienis onder konstante druk (Vorster, 1994:319). Die aanloop tot én die eerste demokratiese verkiesing in Suid-Afrika is deel van die realiteit waarna Vorster verwys. Die politieke verandering wat plaasgevind het en steeds plaasvind, het tot 'n stortvloed van publikasies (teologies van aard) gelei (Kruger, 1991; Helberg *red.* 1991; Van Wyk, 1991; Verster, 1994:645-655; Vorster, 1994:309-327; Venter, 1997:19-32; Van Wyk, 1998:411-428; Vorster, 2000:35-54).

In 1993 skryf Jonker, W.D. in die voorwoord van Taute, T. se boek *Seisoen vir versoening:*

> Ons land beleef tans 'n baie moeilike fase. Die oorgang na 'n nuwe staatkundige en maatskaplike bestel is moeiliker en ingewikkelder as wat by voorbaat duidelik was. **Dat Christene en die kerke in hierdie situasie 'n groot rol het om te speel, is voor die hand liggend.**

En in De Klerk (2000:5) se gemoed is Afrikaners vandag *kroes, kras* en *kordaat* as hy die Afrikaners van vandag bekyk met 'n vergrootglas en 'n verkyker. In 'n polemiese geskrif sê De Klerk (2000:44):

> In die meer algemene sin is Afrikaners donkerkykers. Gewoonlik konserwatief en tradisionalisties. 'n Mens wat as't ware rugwaarts deur die lewe gaan met sy aggressies, depressie, tobbery en isolasie. Beslis is ons nie almal so nie, maar wie Afrikaners ken, sal weet dat baie so is.

Met betrekking tot die prakties-teologiese studie, sluit die skrywer aan by die *"isolasie"* waarna De Klerk (2000) verwys. Die isolasie het wat die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* betref tot gevolg gehad dat *koinonia* in 'n sekere sin in kerklike *"isolasie"* plaasgevind het. Laasgenoemde aanname word bevestig deur onder andere die volgende uitsprake:

**Kruger (1991:87,89)**

Ook die Gereformeerde Kerke het, net soos ander denominasies, mure van skeiding tussen die Christene in Suidelike Afrika, opgerig. Dit sou interessant maar miskien ook skokkend wees om te kan vasstel wat Gereformeerdes wel bedoel wanneer hulle Sondagoggend die *gemeenskap van die heiliges* bely. Vir 'n groot persentasie sal dit beteken dat die eie gemeente saam in die erediens kom.

**Van Wyk (1991:375)**

In ons Suid-Afrikaanse situasie is dit van die allergrootste belang om die kerk voor alles te sien as Gódskerk en nie as vólkskerk nie.

**Jonker (1998:27)**

Daar moet gewaak word daarteen om te beweer dat mense tot die kerk behoort **net** omdat hulle tot die volk behoort, en nie uit eie innerlike oortuiging nie. Sodoende word kerk en volk in 'n groot mate sinoniem.

**Vorster (2000:45)**

Die beleid van afsonderlike ontwikkeling het 'n hewige stryd op politieke en kerklike vlak tot gevolg gehad. Op politieke vlak het die toepassing van hierdie beleid gelei tot die internasionale isolasie van Suid-Afrika, ekonomiese sanksies en buitelandse ondersteuning van geweld teen die politieke bestel. Op kerklike gebied het dit gelei tot diepgaande skeuring tussen kerke wat apartheid ondersteun het en dié wat daarteen was.

Uit genoemde aannames kan afgelei word dat die uitvoering en uitlewing van die *"mekaar"*-opdragte in 'n mate (kerklik) beperk was tot:

- diegene wat aan "my kerk" behoort
- diegene wat aan dieselfde volk behoort het (Van Wyk, 1991:379,380).

Kruger (1991:89) stel die situasie wat ontstaan het, deur op te merk:

> Gereformeerde Kerke oor die kleurgrens heen het soms in totale onkunde en totale isolasie van **mekaar** naby **mekaar** bestaan.

Aan die anderkant, sê De Klerk (2000:82,83) van Afrikaners (wat hy hoofsaaklik as kerkmense beskou), dat hulle onteenseglik individualisties is en twis hulle onder **mekaar**, is hulle naywerig op **mekaar**, gun **mekaar** nie maklik die son nie, werk nie maklik saam nie. Ongeag die feit dat die Christen-Afrikaner, ten opsigte van ander denominasies en volksgroepe in iets van 'n *"isolasie"* bestaan het, blyk dit dat hulle ook onderling nie maklik in 'n gees van *koinonia* kan lewe nie. **Dit wil voorkom asof daar 'n groter en hartliker samewerking in kulturele en sogenaamde vertroulike organisasies kan wees. Sodoende was/is die *"mekaar"* gedagte soms 'n groter realiteit in Afrikaner (kultuur) organisasies as in die gemeente as liggaam van Christus.**

Bogenoemde aannames het die skrywer op 6 Junie 2000 in 'n onderhoud met dr. W.J. de Klerk, (honorêre professor aan RAU en gemoeid met politieke konsultasies) getoets. Wat hierna volg is 'n weergawe van genoemde onderhoud, waarin dr. de Klerk onder andere die volgende gesê het:

- **Soos ek die Afrikaner sien het sy *"vir mekaar"*, *"met mekaar"*, *"teenoor mekaar"*, met betrekking tot Afrikanerskap en Afrikanersentimente dikwels 'n groter rol gespeel as Christenskap en geloofsentimente.**

- **Die Afrikaner is geneig om met 'n politieke bril na sy medemens te kyk.** Nie met 'n Christenbril nie, en selfs nie met 'n kultuurbril nie. Dus is ons (die Afrikaners) 'n verpolitiseerde gemeenskap, van vroeg af tot vandag toe nog.

- Polities is daar tans bv. nie meer 'n Nasionale Party of 'n Konserwatiewe Party waarmee jy kan identifiseer nie. Die Broederband se tyd, dink ek, is verby. Organisasies soos die ATKV en die FAK doen goeie werk. Maar al hierdie *"tuistes"* van die Afrikaner, kultureel maar veral polities, het geleidelik onder sy voete uitgekalwe en daarom voel baie *"windverwaaid"* en "klim teen mure op" en voel sonder 'n tuiste. Ook sonder 'n politieke tuiste.

- **Daarom is dit baie moontlik dat mense in die kerk ruimte vind waarin politieke enersdenkendes mekaar weer kan *"warm broei"* met die kleed van Christenskap aan om hulle eie politieke agenda te promoveer.** Die moontlikheid dat daar in gemeentes Afrikaners kan kom, wat sonder dat hulleself eers bewus is daarvan, 'n bedekte, politieke agenda het om weer 'n groep te vorm waarin hulle mekaar voed in hulle denke en waarin hulle as 'n groep dalk êrens druk kan uitoefen om wal te gooi teen die liberalisering in die kerk in verbreking van tradisies.

- Die boodskap van die *"saamweestekste"* is veral nou, polities gesien, in Suid-Afrika van geweldige belang. **Ons mense moet die evangeliese opdrag van die *"saam"* ook buite die kerk baie meer hoor. En dít kan die kerk se**

**invloed word (nie dat die kerk nie invloed het nie), maar dit kan sy invloed baie rig en aktueel maak.** Dat die kerke die boodskap en die idee én die voorbeeld uitstraal van verdraagsaamheid, diens aan mekaar, vergifnis teenoor mekaar en al die ander *"saam-dinge"* soos bv. deur Paulus beskryf. Want ons is nie *"saam"* nie; ons is teenoor mekaar vervreemd, as Afrikaners geweldig aggressief teenoor mekaar, gladnie uitreikend teenoor mekaar nie, gladnie te aanvaar dat iemand in 'n ander politieke *"kamp"* kan of mag wees nie. Ons is agterdogtig op mekaar. 'n Saamwees van Afrikaners is op die oomblik, dink ek, die vêrste uitmekaar as wat hulle nog ooit was.

- In sirkels uitgedruk behoort daar 'n saamwees te ontwikkel wat soos volg voorgestel kan word:




- Die *"saam-gedagte"* soos in dié sirkels voorgestel beweer De Klerk beteken nie noodwendig *"polities-saam"* nie, of *"kultureel-saam"* nie, maar dat die

evangeliese gesindheid van die *"saam"* van veral die Nuwe Testament die boodskap moet wees dat dit 'n gebod van God is; dat dit 'n nakoming van God se eis vir die liefde is. Sodoende behoort verkondig te word dat ons die *"mekaar"*-opdragte in Suid-Afrika bitter nodig het omdat ons in al sy groeperinge verdeeld is. Suid-Afrika is kultureel- en taal- en ekonomies verdeeld. President T. Mbeki praat nog van 'n wit- en 'n swartvolk in die land.

- Die drie groot probleme in Suid-Afrika is armoede, werkloosheid en ongeletterdheid. Alleen deur die *"saam"* gesindheid te hê kan ons almal saam genoemde probleme aanspreek. Dit verruim 'n mens se horison maar dan nie vanuit die feit dat ons, soos in Engels uitgedruk, *"op gang"* nie. *"Saam"* is nie *"op gang"* nie maar wel liefde in al sy gestaltes.

- Die kerk moet baie dringender en streng hierdie *"saam"* as die identiteit van 'n Christen, onderstreep. Sodoende kan die Christendom in Suid-Afrika 'n nuwe, gesamentlike boodskap uitdra aan die hele bevolking. So kan die kerk 'n bydrae lewer (nie tot die politiek nie) tot die saamwees van mense in hierdie land. *Saamwees* wat die krag het van 'n Goddelike gebod wat in praktyk beoefen moet word.

- As 'n hele gemeente werklik die *"saam"* gedagte as strewe neem en geaktiveer word, sal dit 'n baie groot diepte in 'n gemeente bring.

'n Bandopname van die onderhoud, is op aanvraag by die skrywer beskikbaar.

Uit die politieke wetenskap (vgl. 3.3.4) kan afgelei word dat:

- Verandering die groot realiteit van die teenswoordige lewe is.

- Die oorgang na 'n nuwe staatkundige en maatskaplike bestel moeiliker en ingewikkelder is as wat by voorbaat duidelik was.

- In die Suid-Afrikaanse situasie is dit belangrik om die kerk te sien as Gódskerk en nie as vólkskerk nie.

- Die Christen-Afrikaner onteenseglik individualisties is.

- Samewerking en *"saamwees"* waarskynlik 'n groter realiteit was in Afrikaner (kultuur) organisasies as in die gemeente as liggaam van Christus.

- Afrikanerskap en Afrikanersentimente het dikwels 'n groter rol gespeel as Christenskap en geloofsentimente.

- Christen-Afrikaners is geneig om met 'n politieke bril na hulle medemens te kyk.

- Omdat die politieke *"tuistes"* van die Afrikaner onder sy voete uitgekalwe het, bestaan die moontlikheid dat mense in die kerk ruimte vind waarin politieke enersdenkendes mekaar weer kan *"warm broei"*.

- Mense die evangeliese opdrag van *"mekaar"* buite die kerk meer behoort te hoor.

- Dat Afrikaners huidig vêr uitmekaar lewe.

- Die groot probleme in Suid-Afrika, naamlik armoede, werkloosheid en ongeletterdheid alleen deur 'n gesindheid van "saammet mekaar" aangespreek kan word.

- Die kerk baie dringender die *"mekaar"* as identiteit van 'n Christen moet beklemtoon.

## 3.4 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING BY HIERDIE HOOFSTUK

Die volgende voorlopige gevolgtrekkings kan gemaak word:

**Ten opsigte van Sielkunde:**

- Die sielkunde 'n "selfstandige brugwetenskap" is wat bv. die bevindinge van die psigologie vrugbaar maak vir o.a. die teologie.

- **Dat mense kontak soek met mekaar en om verskillende redes groepeer.**

**Ten opsigte van Kommunikasiekunde:**

- Kommunikasie in die geesteswetenskappe 'n sentrale rol speel.

- Oor die algemeen vyf vlakke van kommunikasie onderskei kan word, naamlik:

❖ neutrale kontak
❖ informasie kontak
❖ standpunt kontak
❖ beoordelende kontak
❖ diepte kontak

- Die volgende vlakke van kommunikasie onderskei kan word:

❖ interpersoonlike kommunikasie
❖ groep kommunikasie
❖ organisatoriese kommunikasie
❖ massa kommunikasie

- Moontlike redes vir interpersoonlike kommunikasie blyk te wees om:

❖ eensaamheid te voorkom
❖ selfkennis en -insig te bevorder
❖ selfbeeld te bevorder
❖ vreugde te bewerkstellig en pyn te minimaliseer

- Die impak van groepkommunikasie blyk te wees:

❖ stabiliteit
❖ doelwitbereiking
❖ beïnvloeding van die individu se waarde- en normestelsel
❖ lewensruimte aan die individu te bied.

**Ten opsigte van Maatskaplike Werk:**

- Dat op die unieke belewenisse en persepsies van mense gefokus word.

**Ten opsigte van die Politieke Wetenskap:**

- Verandering die groot realiteit van die huidige tyd en lewe is.
- Die Christen-Afrikaner onteenseglik individualisties is.
- **Afrikanerskap en Afrikanersentiment dikwels 'n groter rol gespeel het as Christenskap en geloofsentimente.**
- Afrikaners huidig vêr **uitmekaar** lewe.
- Die kerk baie dringender die *"mekaar"* as identiteit van 'n Christen moet beklemtoon.

# HOOFSTUK 4

# METATEORETIESE PERSPEKTIEWE

## 4.1 INLEIDING

Empiriese ondersoeke is onlosmaaklik gekoppel aan teologiese teorië omdat laasgenoemde altyd beïnvloed word deur die mens se konteks waarin hy of sy teologiseer. **Hierdie konteks is die empiriese werklikheid** (Heyns **en** Pieterse, 1990:73). Deur middel van empiriese ondersoek word die praktyk en situasie ontleed waarvoor 'n nuwe praktykteorie daargestel moet word, op grond waarvan praktykteoreties dus nie resepmatigheid met die oog op die praktyk beteken nie, maar wel prakties-teologiese navorsing vanuit 'n bepaalde teorie (Venter, 1996:89-90). Daarom is naas die literatuurstudie van sowel vraelyste as onderhoude gebruik gemaak om die belang van die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* vir kerklike geloofsgemeenskap te bepaal.

## 4.2 EMPIRIESE NAVORSING

### 4.2.1 Doelwit

Om te bepaal of gelowiges verstaan wat kerklike geloofsgemeenskap beteken.

### 4.2.2 Hipoteses

Die volgende hipoteses is gestel:

4.2.2.1 Dat om meelewend te wees vir respondente beteken om bloot **intermenslik** by **aktiwiteite van 'n gemeente** betrokke te wees.

4.2.2.2 Dat respondente nie 'n geldige Bybelse begrip van wat kerklike geloofsgemeenskap beteken, het nie.

4.2.2.3 Gemeentes wel strategiese gemeentebouprogramme met betrekking tot die bevordering van kerklike geloofsgemeenskap het, maar dat lidmate nie daarin slaag om die inhoud van die program prakties te bemeester nie.

4.2.2.4 Die respondente die noodsaaklikheid van kerklike geloofsgemeenskap *(koinonia)* besef.

4.2.2.5 Kleingroepe oor die algemeen as *locus classicus* vir kerklike geloofsgemeenskap beskou word.

4.2.2.6 Dat respondente nie kennis dra van die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* nie.

4.2.2.7 Dat respondente nie verstaan wat die doel en betekenis van die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* is nie.

4.32.2.8 Dat die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* nie doelmatig *"gepreek"* word nie.

4.2.2.9 Dat kerklike geloofsgemeenskap in gemeentes nie werklik soos die Here dit beveel, realiseer nie.

### 4.2.3 Vraelyste

'n Vraelys is met behulp van Irma Dorothea Grundling, konsultant Projekbeplanning en dataverwerking van die Technikon Pretoria, opgestel en verwerk (Bylae B (Afrikaans) p. 308; D (Engels) p. 315).

#### 4.2.3.1 Rasionaal

Die rasionaal agter die samestelling van die vraelys was om vas te stel in watter mate die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* meewerk tot die bevordering van kerklike geloofsgemeenskap.

#### 4.2.3.2 Samestelling van die vraelys

Die vraelys is in sowel Afrikaans as Engels opgestel. Die Engelse vraelyste is aan lidmate van Willow Creek community Church te South Barrington, Chicago versprei. Die Afrikaanse vraelyste is in eietydse gemeentes in Suid-Afrika versprei. (vgl. 1.6.3.3 en 1.6.3.4).

Die vraelys bestaan uit drie onderafdelings met 'n totaal van twee en twintig vrae:

- Algemene inligting (vraag 1-7)
- Omstandighede in die gemeente waar respondent huidiglik lidmaat is (vraag 8-13)
- Inligting met betrekking tot die *"mekaar"*-opdragte (soos by Paulus) (vraag 14-22)

#### 4.2.3.3 Vaslegging en verwerking van data

Die program **EPI INFO** is vir die vaslegging en verwerking van data gebruik. **EPI INFO** is sagteware van die Wêreld Gesondheidsorganisasie wat aan navorsers beskikbaar gestel word vir die vaslegging en verwerking van wetenskaplike data.

**EPI INFO** beskik oor die volgende funksies wat die gebruik van die program vir hierdie navorsing sinvol maak:

- die ontwikkeling van vraelyste;
- die vaslegging/rekenarisering en organisering van data in die vraelys formaat;
- verifiëring van die gerekenariseerde data vir moontlike data foute;
- die statistiese verwerking en analisering van data;
- die grafiese voorstelling van data;
- woordverwerking vir die saamstel van verslae.

Grafiese voorstellings van data is gedoen met behulp van Microsoft Excel version 7.0

#### 4.2.3.4 Werkswyse

Een honderd drie en sestig vraelyste is aan respondente beskikbaar gestel, deurdat:

- die navorser in elke gemeente 'n kontakpersoon bepaal het;
- die vraelyste aan die kontakpersoon besorg is met die versoek om dit aan lidmate beskikbaar te stel;
- die vraelyste (voltooid) op 'n datum waarop ooreengekom, by die kontakpersoon afgehaal is.

Vervolgens het die navorser toegesien dat elke vraelys vergesel was van 'n begeleidende brief (Bylae A (Afrikaans) p. 306; C (Engels) p. 313).

#### 4.2.3.5 Statistiese Analise

Chi-kwadraat toetse is uitgevoer om betekenisvolheid van verskille te bepaal.

#### 4.2.3.6 Respons

Vergelyk die statistiese verwerking en analisering van die data (4.2.3.7)

## 4.2.3.7 Statistiese verwerking en analisering van data

1. STEEKPROEFVERTEENWOORDIGING

| | Totale Steekproef | Gereformeerde Kerke in S.A. | NG Kerk | Willow Creek Comm Church |
|---|---|---|---|---|
| **Getal vraelyste uitgestuur:** | 163 | 60 | 90 | 14 |
| **Getal vraelyste ontvang:** | 59 | 13 | 32 | 14 |
| **% Verteenwoordiging** | 36,2% | 21,7% | 35,6% | 100% |

**Gevolgtrekking:** Relatief swak responskoers. Moontlik dat respondente nie gewillig is om hulle uit te spreek oor die aangeleentheid wat deur die vraelys aangespreek word nie. Ook moontlik dat respondente nie die inhoud van die vraelys verstaan of kan beantwoord nie.

2. DEMOGRAFIESE PROFIEL VAN RESPONDENTE

**2.1 Kerkverband:**

| | % van Respondente |
|---|---|
| **Gereformeerde Kerke in S.A.** | 22,0 |
| **NG Kerk** | 54,3 |
| **Willow Creek Community Church USA** | 23,7 |

**2.2 Ouderdom (jaar):**

| | Gemiddeld | Minimum | Maksimum | Mediaan |
|---|---|---|---|---|
| **Totale Steekproef** | 46,4 | 27 | 71 | 45 |
| **Gereformeerde Kerke in S.A.** | 40,4 | 27 | 71 | 36 |
| **NG Kerk** | 48,2 | 28 | 66 | 46 |
| **Willow Creek Community Church USA** | 47,5 | 35 | 66 | 50 |

**Ouderdomsgroepverdeling:**

| | % van Respondente | | |
|---|---|---|---|
| | < 40 jaar | 40 - 60 jaar | > 60 jaar |
| **Totale Steekproef** | 36,4 | 49,1 | 14,5 |
| **Gereformeerde Kerke in S.A.** | 69,2 | 23,1 | 7,7 |
| **NG Kerk** | 25,0 | 57,1 | 17,9 |
| **Willow Creek Community Church USA** | 28,6 | 57,1 | 14,3 |

**2.3 Geslagsverdeling**

| | % van Respondente | |
|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik |
| **Totale Steekproef** | 71,2 | 28,8 |
| **Gereformeerde Kerke in S.A.** | 87,4 | 12,6 |
| **NG Kerk** | 80,9 | 19,1 |
| **Willow Creek Community Church USA** | 34,4 | 65,6 |

**Gevolgtrekking:** Die ouderdoms- en geslagsverdeling van respondente van veral die Gereformeerde- en NG Kerk van Suid-Afrika blyk ooreen te stem met die verwagte ouderdoms- en geslagsverdeling van die betrokke kerke se kerkrade. Vraelyste verteenwoordig moontlik nie die algemene respons van gemeentelede nie maar wel dié van die kerkrade van die betrokke kerke. Demografiese profiel van respondente verteenwoordig nie demografiese profiel van 'n deursnee gemeente nie.

3. KERKPROFIEL VAN RESPONDENT

3.1 Vraag 5: Beskou u uself as meelewende lidmaat?

| | % van Respondente | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Totale Steekproef | Gereformeerde Kerke in S.A. | NG Kerk | Willow Creek Comm Church |
| Meelewende lidmaat | 98,3 | 100 | 96,9 | 100 |
| Nie meelewende lidmaat nie | 1,7 | 0,0 | 3,1 | 0,0 |

3.2 Vraag 6: Wat beteken dit prakties vir u om meelewend te wees?

| | % van Respondente | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Totale Steekproef | Gereformeerde Kerke in S.A. | NG Kerk | Willow Creek Comm Church |
| Erediensbywoning | 10,2 | 38,5 | 3,1 | 0,0 |
| Deelname aan geestelike gemeente aktiwiteite | 47,4 | 15,4 | 78,1 | 7,1 |
| Gemeenskap met medegelowiges | 37,3 | 38,5 | 12,5 | 92,9 |
| Uitreiking na nie-gelowiges | 1,7 | 7,7 | 0,0 | 0,0 |
| Ander: bv. Heerlike ervaring met God Verhouding met Jesus Christus | 3,4 | 0,0 | 6,2 | 0,0 |

| | % van Respondente | |
|---|---|---|
| | Afrikaanse Kerke | Willow Creek Comm Church |
| Erediensbywoning | 13,3 | 0,0 |
| Deelname aan geestelike gemeente aktiwiteite | 60,0 | 7,1 |
| Gemeenskap met medegelowiges | 20,0 | 92,9 |
| Uitreiking na nie-gelowiges | 2,2 | 0,0 |
| Ander: | 4,4 | 0,0 |

| | % van Respondente | | |
|---|---|---|---|
| | < 40 jaar | 40 - 60 jaar | > 60 jaar |
| Erediensbywoning | 3,7 | 0,0 | 25,0 |
| Deelname aan geestelike gemeente aktiwiteite | 48,1 | 50,0 | 40,0 |
| Gemeenskap met medegelowiges | 44,4 | 37,5 | 30,0 |
| Uitreiking na nie-gelowiges | | | 5,0 |
| Ander: | 3,7 | 12,5 | 0,0 |

**Gevolgtrekking:** Vraag 5 is 'n leidende vraag. Respondente het waarskynlik gerespondeer volgens hulle interpretasie van wat van hulle verwag word.

Response met betrekking tot Vraag 6 dui daarop dat respondente nie seker is van die betekenis van meelewendheid nie. Daar is 'n betekenisvolle verskil tussen die response van die verskillende kerke - lidmate van die NG Kerk plaas die klem m.b.t. meelewing op deelname aan geestelike gemeente aktiwiteite, terwyl die klem in die Gereformeerde Kerke geplaas word op erediensbywoning en gemeenskap met gelowiges. Lidmate van die Willow Creek gemeente is van mening dat meelewing gemeenskap met gelowiges behels. Ouderdomsgroepe blyk nie te verskil met betrekking tot response ten opsigte van die betekenis van meelewing nie.

3. KERKPROFIEL VAN RESPONDENT (vervolg)

3.3 Vraag 7: Wat verstaan u onder die begrip "geloofsgemeenskap"?

| | % van Respondente | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Totale Steekproef | Gereformeerde Kerke in S.A. | NG Kerk | Willow Creek Comm Church |
| Geestelike interaksie met mede-gelowiges | 93,2 | 84,6 | 93,7 | 100 |
| Gemeenskap met God | 6,8 | 15,4 | 6,3 | 0,0 |

| | % van Respondente | |
|---|---|---|
| | Afrikaanse Kerke | Willow Creek Comm Church |
| Geestelike interaksie met mede-gelowiges | 91,1 | 100 |
| Gemeenskap met God | 8,9 | 0,0 |

| | % van Respondente | | |
|---|---|---|---|
| | < 40 jaar | 40 - 60 jaar | > 60 jaar |
| Geestelike interaksie met mede-gelowiges | 92,8 | 84,2 | 100 |
| Gemeenskap met God | 7,2 | 15,8 | 0,0 |

**Gevolgtrekking:** Daar blyk nie 'n betekenisvolle verskil te wees tussen kerke, taalgroepe of ouderdomsgroepe met betrekking tot respondente se begrip van "geloofsgemeenskap" nie - respondente is oor die algemeen van mening dat hierdie term van die geestelike interaksie tussen mede-gelowiges verwys.

## 4. OMSTANDIGHEDE IN DIE GEMEENTE WAAR RESPONDENTE LIDMAAT IS

### 4.1 Vraag 8: Volg u gemeente 'n spesifieke gemeenteprogram m.b.t. bevordering van geloofsgemeenskap?

| | % van Respondente | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Totale Steekproef | Gereformeerde Kerke in S.A. | NG Kerk | Willow Creek Comm Church |
| Volg wel spesifieke program | 94,9 | 84,6 | 96,9 | 100 |
| Volg nie spesifieke program nie | 5,1 | 15,4 | 3,1 | 0,0 |

### 4.2 Vraag 9: Indien u "JA" geantwoord het, spesifiseer asseblief

| | % van Respondente (Nota: Response nie onderling uitsluitend nie) | | |
|---|---|---|---|
| | Gereformeerde Kerke in S.A. | NG Kerk | Willow Creek Comm Church |
| Kleingroepbediening | 72,7 | 63,3 | 85,7 |
| Gestruktureerde toerus aksies soos: kampe, kursusse, werkswinkels | 36,4 | 40,0 | 7,1 |
| Diensgroepe/uitreikaksies | 0,0 | 23,3 | 7,1 |
| Erediensbeplanning | 0,0 | 10,0 | 0,0 |
| Vervat in visie/missie | 0,0 | 6,7 | 0,0 |

| | % van Respondente (Nota: Response nie onderling uitsluitend nie) | |
|---|---|---|
| | Afrikaanse Kerke | Willow Creek Comm Church |
| Kleingroepbediening | 65,8 | 85,7 |
| Gestruktureerde toerus aksies soos: kampe, kursusse, werkswinkels | 36,6 | 7,1 |
| Diensgroepe/uitreikaksies | 17,1 | 7,1 |
| Erediensbeplanning | 7,3 | 0,0 |
| Vervat in visie/missie | 4,9 | 0,0 |

### 4.3 Vraag 10: Indien u "NEE" geantwoord het, beskou u die feit as 'n leemte in die gemeentestruktuur (Spesifiseer)

| | % van Respondente (Nota: Response nie onderling uitsluitend nie) |
|---|---|
| Ja, beskou dit as leemte | 33,3 |
| Nee, beskou dit nie as leemte nie: | 66,7 |
| - Leemte is eerder in mense | |
| - Leemte is in die praktiese uitdra buite die gemeente | |

**Gevolgtrekking:** Vraag 8 is weereens 'n leidende vraag - respondente se positiewe ("ja") reaksie op hierdie vraag mag te wyte wees aan die feit dat hulle verplig voel om sodanig te antwoord. Volgens die resultate lyk dit egter asof gemeentes wel strategiese gemeentebouprogramme m.b.t. bevordering van geloofsgemeenskap het.

Daar is 'n betekenisvolle verskil tussen die verskillende kerk- en taalgroepe in terme van die respondente se interpretasie van die aksies wat geneem word binne 'n spesifieke strategiese gemeenteprogram om geloofsgemeenskap te bevorder. Dit blyk dat al die kerk- en taalgroepe kleingroepaksies as basis vir geloofsgemeenskap beskou.

Ten opsigte van die response op Vraag 10 word geen onderskeid tussen groepe getref nie aangesien die getal response te klein is vir sodanige verdelings. Response dui daarop dat respondente van mening is dat die afwesigheid van 'n spesifieke strategie m.b.t. die bevordering van geloofsgemeenskap nie op 'n leemte in die gemeentestruktuur dui nie.

**4. OMSTANDIGHEDE IN DIE GEMEENTE WAAR RESPONDENTE LIDMAAT IS (vervolg)**

**4.4 Vraag 11: Dink u die bevordering en uitleef van onderlinge geloofsgemeenskap is noodsaaklik? (Spesifiseer)**

| | % van Respondente | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Totale Steekproef | Gereformeerde Kerke in S.A. | NG Kerk | Willow Creek Comm Church |
| Geen Respons | 6,9 | 7,7 | 6,3 | 7,1 |
| Ja - Geloofsgroei/versterking | 37,3 | 38,5 | 37,5 | 35,7 |
| Ja - Dit is God se opdrag | 11,7 | 23,1 | 9,4 | 7,1 |
| Ja - Doen/werke is nodig | 16,9 | 23,1 | 21,9 | 0,0 |
| Ja - Ander | 27,2 | 7,7 | 25,0 | 50,0 |

| | % van Respondente (Nota: Response nie onderling uitsluitend nie) | |
|---|---|---|
| | Afrikaanse Kerke | Willow Creek Comm Church |
| Geen Respons | 6,7 | 7,1 |
| Ja - Geloofsgroei/versterking | 37,8 | 35,7 |
| Ja - Dit is God se opdrag | 13,3 | 7,1 |
| Ja - Doen/werke is nodig | 22,2 | 0,0 |
| Ja - Ander | 20,0 | 50,0 |

| | % van Respondente | | |
|---|---|---|---|
| | < 40 jaar | 40 - 60 jaar | > 60 jaar |
| Geen Respons | 0,0 | 33,3 | 12,5 |
| Ja - Geloofsgroei/versterking | 44,4 | 25,9 | 37,5 |
| Ja - Dit is God se opdrag | 5,6 | 7,4 | 25,0 |
| Ja - Doen/werke is nodig | 16,7 | 11,1 | 12,5 |
| Ja - Ander | 33,3 | 22,2 | 12,5 |

**Gevolgtrekking:** Alhoewel die motivering verskil, dui die response op Vraag 11 daarop dat die waarde van geloofsgemeenskap besef word. Die belangrikste motivering hiervoor blyk volgens respondente in die verskillende kerk-, taal- en ouderdomsgroepe, geloofsgroei- en -versterking te wees.

**4.5 Vraag 12: Word die vestiging van kleingroepe/belangegroepe in die gemeente aangemoedig?**

| | % van Respondente | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Totale Steekproef | Gereformeerde Kerke in S.A. | NG Kerk | Willow Creek Comm Church |
| Word aangemoedig | 98,3 | 92,3 | 100 | 100 |
| Word nie aangemoedig nie | 1,7 | 7,7 | 0,0 | 0,0 |

**Gevolgtrekking:** Kleingroepbediening word in al die gemeentes van die verskillende kerkgroepe wat ingesluit is in die steekproef, aangemoedig. Geen verskil kan tussen groepe ge-identifiseer word nie.

**4.6 Vraag 13: In watter mate dink u bevorder kleingroepbediening onderlinge geloofsgemeenskap? Spesifiseer**

| | % van Respondente | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Totale Steekproef | Gereformeerde Kerke in S.A. | NG Kerk | Willow Creek Comm Church |
| Geen respons | 3,4 | 7,7 | 0,0 | 7,1 |
| Geloofsgemeenskap is die basis van kleingroepbediening | 11,9 | 0,0 | 0,0 | 50,0 |
| Intiem, bevorder ondersteuning, vertroue in mekaar, ken mekaar, betrokkenheid | 76,3 | 69,2 | 84,4 | 42,9 |
| Versterk geloofsgroei | 8,5 | 23,1 | 15,6 | 0,0 |

**4. OMSTANDIGHEDE IN DIE GEMEENTE WAAR RESPONDENT LIDMAAT IS (vervolg)**

| | % van Respondente | |
|---|---|---|
| | Afrikaanse Kerke | Willow Creek Comm Church |
| **Geen respons** | 2,2 | 7,1 |
| **Geloofsgemeenskap is die basis van kleingroepbediening** | 0,0 | 50,0 |
| **Intiem, bevorder ondersteuning, vertroue in mekaar, ken mekaar, betrokkenheid** | 80,0 | 42,9 |
| **Versterk geloofsgroei** | 17,8 | 0,0 |

| | % van Respondente | | |
|---|---|---|---|
| | < 40 jaar | 40 - 60 jaar | > 60 jaar |
| **Geen respons** | 0,0 | 7,4 | 12,5 |
| **Geloofsgemeenskap is die basis van kleingroepbediening** | 25,0 | 11,1 | 12,5 |
| **Intiem, bevorder ondersteuning, vertroue in mekaar, ken mekaar, betrokkenheid** | 75,0 | 70,4 | 62,5 |
| **Versterk geloofsgroei** | 0,0 | 11,1 | 12,5 |

**Gevolgtrekking:** Daar is 'n betekenisvolle verskil tussen kerkgroepe - meer spesifiek Afrikaanse- en Engelse groepe - met betrekking tot respondente se mening oor die mate waartoe kleingroepbediening geloofsgemeenskap bevorder.

Volgens die Afrikaane kerkgroepe bevorder kleingroepbediening hoofsaaklik die ondersteuning, vertroue en betrokkenheid van gemeentelede binne die betrokke groep as gevolg van die intimiteit wat binne die groep heers. Geloofsgemeenskap word nie beskryf as die basis van die kleingroepbediening nie.

Hierteen beskryf die respondente van die Engelse kerkgroep geloofsgemeenskap juis as die basis van kleingroepbediening.

5. INLIGTING MET BETREKKING TOT DIE *"MEKAAR"*-OPDRAGTE

**5.1 Vraag 14: Watter rol speel die "mekaar"-opdragte by Paulus in die strategie van u gemeente om onderlinge geloofsgemeenskap te bevorder? Spesifiseer.**

| | % van Respondente | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Totale Steekproef | Gereformeerde Kerke in S.A. | NG Kerk | Willow Creek Comm Church |
| Geen respons | 11,9 | 38,5 | 3,1 | 7,1 |
| Groot rol | 3,3 | 7,7 | 3,1 | 0,0 |
| Basis van kleingroepbediening | 32,2 | 0,0 | 28,1 | 21,4 |
| Basis van geloofsgemeenskap | 1,7 | 0,0 | 0,0 | 7,1 |
| Lei tot geloofsgroei | 5,1 | 15,4 | 3,1 | 7,1 |
| Lei tot betrokkenheid van lede by mekaar | 33,9 | 23,1 | 50,0 | 50,0 |
| Onseker/Weet nie | 5,1 | 7,7 | 6,3 | 7,1 |
| Geen rol/Nie tot my wete/ Nie spesifieke rol nie | 6,8 | 7,7 | 6,3 | 0,0 |

| | % van Respondente | |
|---|---|---|
| | Afrikaanse Kerke | Willow Creek |
| Geen respons | 13,3 | 7,1 |
| Groot rol | 4,4 | |
| Basis van kleingroepbediening | 20,0 | 21,4 |
| Basis van geloofsgemeenskap | | 7,1 |
| Lei tot geloofsgroei | 6,7 | 7,1 |
| Lei tot betrokkenheid van lede by mekaar | 42,2 | 50,0 |
| Onseker/Weet nie | 6,7 | 7,1 |
| Geen rol/Nie tot my wete/ Nie spesifieke rol nie | 6,7 | |

**Gevolgtrekking:** Daar is nie 'n betekenisvolle verskil tussen die respondente van die Afrikaanse-en Engelse kerke met betrekking tot hulle persepsie van die rol van die "mekaar"-opdragte by Paulus in die strategie van die gemeente ten einde geloofsgemeenskap te bevorder nie.
Respondente is hoofsaaklik van mening dat "mekaar"-opdragte verwys na betrokkenheid van gemeentelede by mekaar en dat dit dus daarom die basis van kleingroepbediening vorm.
In vergeleke met die ander kerke is die getal "nie-response" van die Gereformeerde Kerke in S.A. ten opsigte van hierdie vraag betekenisvol hoër wat moontlik daarop mag dui dat hierdie respondente tot 'n groter mate onseker is oor die "mekaar"-opdragte as respondente van die ander kerkgroepe.

**5.2 Vraag 15: Indien u "Geen" geantwoord het, watter rol dink u kan die "mekaar"-opdragte vervul in die ontwikkeling van onderlinge geloofsgemeenskap? Spesifiseer.**

| | % van Respondente |
|---|---|
| | Totale Steekproef |
| Dit verseker die voortbestaan van die kerk | 33,3 |
| Dit bevorder globale gemeentebou | 33,3 |
| Gemeentelede voel deel van 'n groep | 33,3 |

**Gevolgtrekking:** Data is nie genoegsaam vir sinvolle analise of om onderskeid tussen die verskillende groepe te tref nie.

5. INLIGTING MET BETREKKING TOT DIE *"MEKAAR"*-OPDRAGTE (vervolg)

5.3 Vraag 16: Wat dink u is die praktiese implikasie van bv. Galasiërs 6:2 ("Dra mekaar se laste, gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus"?) vir die onderlinge gemeenskap van lidmate? Spesifiseer.

| | % van Respondente | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Totale Steekproef | Gereformeerde Kerke in S.A. | NG Kerk | Willow Creek Comm Church |
| Geen respons | 8,5 | 0,0 | 12,5 | 7,1 |
| Geestelike ondersteuning & geloofsgemeenskap in gemeente | 42,4 | 46,1 | 56,2 | 7,1 |
| Fisiese/praktiese ondersteuning van mekaar in tye van nood | 47,5 | 53,9 | 31,3 | 78,6 |
| Uitvoer van God se opdrag | 1,6 | 0,0 | 0,0 | 7,1 |

| | % van Respondente | |
|---|---|---|
| | Afrikaanse Kerke | Willow Creek |
| Geen respons | 8,8 | 7,1 |
| Geestelike ondersteuning & geloofsgemeenskap in gemeente | 53,3 | 7,1 |
| Fisiese/praktiese ondersteuning van mekaar in tye van nood | 37,8 | 78,6 |
| Uitvoer van God se opdrag | 0,0 | 7,1 |

| | % van Respondente | | |
|---|---|---|---|
| | < 40 jaar | 40 - 60 jaar | > 60 jaar |
| Geen respons | 5,0 | 7,4 | 25,0 |
| Geestelike ondersteuning & geloofsgemeenskap in gemeente | 35,0 | 89,3 | 50,0 |
| Fisiese/praktiese ondersteuning van mekaar in tye van nood | 60,0 | 29,6 | 25,0 |
| Uitvoer van God se opdrag | 0,0 | 3,7 | 0,0 |

**Gevolgtrekking:** Die hoë persentasie van "geen response" ten opsigte van Vraag 16 dui daarop dat respondente onseker is oor die betekenis van "mekaar"-opdragte. Die fisiese- en geestelike ondersteuning van medegelowiges in die gemeente word hoofsaaklik beklemtoon in die betekenis van die "mekaar"-opdragte.

Afrikaanse- en Engelse kerkgroepe verskil betekenisvol ten opsigte van die interpretasie van "mekaar"-opdragte. Respondente van die Afrikaanse kerke plaas die klem op onderlinge geestelike versorging/ geestelike betrokkenheid, terwyl die klem deur respondente van die Willow Creek gemeente op die fisiese versorging van mede-gelowiges geplaas word.

Wanneer ouderdomsgroepe in ag geneem word, blyk dit dat ouer respondente tot 'n groter mate die klem op die geestelike versorging van medelidmate plaas, terwyl jonger respondente die klem op die fisiese betrokkenheid/versorging van medelidmate plaas.

**5. INLIGTING MET BETREKKING TOT DIE *"MEKAAR"*-OPDRAGTE (vervolg)**

**5.4 Vraag 17: Sonder om in die Bybel op te soek - van watter ander "mekaar"-opdragte in Paulus se briewe is u bewus?**

| | % van Respondente | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Totale Steekproef | Gereformeerde Kerke in S.A. | NG Kerk | Willow Creek Comm Church |
| Geen respons | 71,2 | 69,2 | 65,6 | 85,7 |
| Spesifieke teksverwysings | 15,3 | 23,1 | 21,9 | 0,0 |
| "Al Paulus se briewe" | 3,4 | 0,0 | 0,0 | 14,3 |
| Soortgelyke aanhalings bv.<br>- Bely sonde teenoor mekaar<br>- Verdra mekaar,<br>- Vergewe mekaar. | 10,2 | 7,7 | 12,9 | 0,0 |

**Spesifieke teksverwysings**

| | |
|---|---|
| - Gereformeerd | 1 Kor 12, Rom 12, Ef 4:1-3, Kol 3:12-17 |
| | Ef 4:2-3 |
| | Ef 4:2-5 |
| - NG Kerk | Ex 20 |
| | 1 Kor 12:25-26 |
| | Ef 4:1-2 |
| | Fil 2:4 |
| | Fil 2:3-14 |
| | 1 Kor 13 |
| | Rom 12:5 |
| | Kol 3:13-15 |

**Gevolgtrekking:** Die groot persentasie "geen response" dui daarop dat respondente nie "mekaar"-opdragte kan lys sonder om in die Bybel na te slaan nie en die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat respondente dus nie oor 'n diepgaande kennis van "mekaar"-opdragte beskik nie.

**5. INLIGTING MET BETREKKING TOT DIE "MEKAAR"-OPDRAGTE (vervolg)**

**5.5 Vraag 18: Het u al 'n toerustingskursus bygewoon waartydens onderlinge geloofsgemeenskap van lidmate die primêre klem ontvang het?**

| | % van Respondente | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Totale Steekproef | Gereformeerde Kerke in S.A. | NG Kerk | Willow Creek Comm Church |
| Het so 'n kursus bygewoon | 62,6 | 46,2 | 53,1 | 100 |
| Het nie so 'n kursus bygewoon nie | 37,3 | 53,8 | 46,9 | 0,0 |

| | % van Respondente | |
|---|---|---|
| | Afrikaanse Kerke | Willow Creek |
| Het so 'n kursus bygewoon | 51,1 | 100 |
| Het nie so 'n kursus bygewoon nie | 48,9 | 0,0 |

| | % van Respondente | | |
|---|---|---|---|
| | < 40 jaar | 40 - 60 jaar | > 60 jaar |
| Het so 'n kursus bygewoon | 70,4 | 62,5 | 60,0 |
| Het nie so 'n kursus bygewoon nie | 29,6 | 37,5 | 40,0 |

**Gevolgtrekking:** 'n Hoogs betekenisvolle verskil kan tussen die Afrikaanse- en Engelse kerkgroepe aangedui word met betrekking tot die bywoning van 'n toerustingskursus waartydens die klem geplaas is op geloofsgemeenskap van lidmate. Ongeveer die helfte van Afrikaanse respondente het sodanige kursus deurloop terwyl alle lede van die Willow Creek gemeente respondeer dat hulle so 'n kursus deurloop het. Onderling verskil die Afrikaanse kerke, of ouderdomsgroepe van respondente nie met betrekking tot Vraag 18 nie.

**5. INLIGTING MET BETREKKING TOT DIE "MEKAAR"-OPDRAGTE (vervolg)**

**5.6 Vraag 19: Is die "mekaar"-opdragte al in u gemeente by wyse van prediking, as deel van strategiese toerusting hanteer?**

| | % van Respondente | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Totale Steekproef | Gereformeerde Kerke in S.A. | NG Kerk | Willow Creek Comm Church |
| Geen respons | 11,9 | 0,0 | 21,9 | 0,0 |
| Is hanteer in prediking | 66,1 | 53,9 | 56,3 | 100 |
| Is nie hanteer in prediking nie | 22,0 | 46,1 | 21,9 | 0,0 |

| | % van Respondente | |
|---|---|---|
| | Afrikaanse Kerke | Willow Creek |
| Geen respons | 15,6 | 0,0 |
| Is hanteer in prediking | 55,6 | 100 |
| Is nie hanteer in prediking nie | 28,9 | 0,0 |

| | % van Respondente | | |
|---|---|---|---|
| | < 40 jaar | 40 - 60 jaar | > 60 jaar |
| Geen respons | 5,0 | 7,4 | 12,5 |
| Is hanteer in prediking | 70,0 | 66,9 | 75,0 |
| Is nie hanteer in prediking nie | 25,0 | 7,4 | 12,5 |

**Gevolgtrekking:** 'n Betekenisvol hoë "geen respons" ten opsigte van Vraag 19 word by NG kerk respondente gevind. Hierdie verskynsel dui daarop dat daar onsekerheid by NG Kerk respondente bestaan. Hetsy oor wat met Vraag 19 bedoel word, of wat met "mekaar"-opdragte bedoel word of wat bedoel word met die hantering van "mekaar"-opdragte tydens prediking.
Ongeveer die helfte van die respondente van Afrikaanse gemeentes dui aan dat die "mekaar"-opdragte tot die persentasie respondente wat aandui dat die tekste wel tydens prediking hanteer is/word nie, is daar 'n betekenisvolle verskil tussen die Afrikaanse kerke en die Willow Creek gemeente. Al die respondente van laasgenoemde gemeente dui aan dat die tekste wel as sulks gebruik word in die betrokke gemeente.

**5. INLIGTING MET BETREKKING TOT DIE "MEKAAR"-OPDRAGTE (vervolg)**

**5.7 Vraag 20: Indien "NEE" geantwoord, wat dink u kan die betekenis van so 'n prediking wees? Spesifiseer.**

| | % van Respondente | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Totale Steekproef | Gereformeerde Kerke in S.A. | NG Kerk | Willow Creek Comm Church |
| **Beter bewustheid van betrokkenheid by mekaar** | 46,2 | 80,0 | 28,6 | 0,0 |
| **Beter praktiese uitlewing van betrokkenheid by mekaar** | 23,1 | 20,0 | 28,6 | 0,0 |
| **Beter deelname in kleingroep-aktiwiteite** | 7,7 | 0,0 | 0,0 | 100 |
| **Weet nie/Niks spesifiek** | 15,4 | 0,0 | 28,6 | 0,0 |
| **Preke is nie populêr nie** | 7,7 | 0,0 | 14,3 | 0,0 |

| | % van Respondente | |
|---|---|---|
| | Afrikaanse Kerke | Willow Creek |
| **Beter bewustheid van betrokkenheid by mekaar** | 50,0 | 0,0 |
| **Beter praktiese uitlewing van betrokkenheid by mekaar** | 25,0 | 0,0 |
| **Beter deelname in kleingroep-aktiwiteite** | 0,0 | 100 |
| **Weet nie/Niks spesifiek** | 16,7 | 0,0 |
| **Preke is nie populêr nie** | 8.3 | 0,0 |

**Gevolgtrekking:** Respondente wat geantwoord het dat die "mekaar"-opdragte nie tydens prediking gebruik word om lidmate toe te rus vir geloofsgemeenskap nie, is van mening dat die gebruik daarvan wél sal lei tot 'n groter bewustheid van die nodigheid om by mekaar betrokke te raak, en verder ook sal lei tot 'n praktiese uitlewing van betrokkenheid by medelidmate asook groter deelname aan kleingroepaktiwiteite. Daar kan weereens 'n betekenisvolle verskil tussen die Afrikaanse- en Engelse kerke aangedui word in die sin dat die Engelse respondente slegs 'n toename in kleingroepaktiwiteite kan voorsien.

**5. INLIGTING MET BETREKKING TOT DIE "MEKAAR"-OPDRAGTE (vervolg)**

**5.8 Vraag 21: Indien u "JA" geantwoord het, wat was die effek van die preekreeks?**

| | % van Respondente | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Totale Steekproef | Gereformeerde Kerke in S.A. | NG Kerk | Willow Creek Comm Church |
| **Geen respons** | 10,3 | 28,6 | 5,6 | 7,1 |
| **Beter begrip van betrokkenheid by mekaar** | 15,4 | 14,3 | 27,8 | 0,0 |
| **Beter praktiese uitlewing van betrokkenheid by mekaar** | 38,4 | 14,3 | 44,4 | 42,9 |
| **Beter diensbywoning & betrok-kenheid by kleingroepe** | 25,6 | 14,3 | 22,2 | 35,7 |
| **Geen effek** | 2,6 | 14,3 | 0,0 | 0,0 |
| **Effek moeilik meetbaar** | 2,6 | 14,3 | 0,0 | 0,0 |
| **Konflik resolusie** | 5,1 | 0,0 | 0,0 | 14,3 |

| | % van Respondente | |
|---|---|---|
| | Afrikaanse Kerke | Willow Creek |
| **Geen respons** | 12,0 | 7,1 |
| **Beter begrip van betrokkenheid by mekaar** | 24,0 | 0,0 |
| **Beter praktiese uitlewing van betrokkenheid by mekaar** | 36,0 | 42,9 |
| **Beter diensbywoning & betrok-kenheid by kleingroepe** | 20,0 | 35,7 |
| **Geen effek** | 4,0 | 0,0 |
| **Effek moeilik meetbaar** | 4,0 | 0, |
| **Konflik resolusie** | 0,0 | 14,3 |

**Gevolgtrekking:** Die effek van die prediking van "mekaar"-opdragte om lidmate toe te rus vir geloofsgemeenskap lê volgens respondente hoofsaaklik by die verbetering van die praktiese uitlewing van betrokkenheid by mekaar asook by beter bywoning en deelname aan eredienste en kleingroepaktiwiteite. Hierdie response ondersteun dus die gevolgtrekking dat respondente se begrip van geloofsgemeenskap hoofsaaklik praktiese intermenslike aktiwiteite behels.

'n Hoë "geen respons" koers dui op onsekerheid in hierdie verband - veral respondente van die Gereformeerde Kerke in S.A. blyk meer onseker hieroor te wees.

### 4.2.3.8 Grafiese Voorstellings

#### 4.2.3.8.1




#### 4.2.3.8.2



4.2.3.8.3


Geslagsverdeling: Gereformeerde Kerke
Vroulik
13%
Manlik
87%

4.2.3.8.4


Geslagsverdeling: NG Kerk
Vroulik
19%
Manlik
81%

4.2.3.8.5


Geslagsverdeling: Willow Creek
Manlik
34%
Vroulik
66%

4.2.3.8.6


Persentasie van respondente meelewend
98.3
100
96.9
100
100
90
80
70
60
50
40
30
20
10
0
Totale Steekproef
Gereformeerde Kerke
NG Kerk
Willow Creek

### 4.2.3.8.7


Betekenis van meelewing vir respondente
Ander
3.4
Uitreiking na nie-gelowiges
1.7
Gemeenskap met mede-gelowiges
37.3
Deelname aan geestelike gemeente aktiwiteite
47.4
Erediensbywoning
10.2
0
20
40
60
80
100

### 4.2.3.8.8


Respondente se begrip van geloofsgemeenskap
Gemeenskap met God
6.8
Geestelike interaksie met mede-gelowiges
93.2
0
20
40
60
80
100

4.2.3.8.9




4.2.3.8.10



### 4.2.3.8.11




### 4.2.3.8.12



### 4.2.3.8.13




### 4.2.3.8.14



4.2.3.8.15




4.2.3.8.16



### 4.2.4 Onderhoude

Die skrywer het ook onderhoude gevoer met persone van belang vir die studie.

#### 4.2.4.1 Onderhoud A

Op 22 Maart 2000 het die skrywer 'n onderhoud gevoer met Dr. G. Bilezikian, te South Barrington, Chicago. *"Dr. B"*, soos hy algemeen bekend staan, is een van die stigterslede van Willow Creek Community Church en emeritus professor van Wheaton College. Ten opsigte van die belang van die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum*, het dr. Bilezikian die volgende aannames gemaak: *(die onderhoud is in Engels gevoer, maar word hieronder in Afrikaans weergegee)*

- Die *"mekaar"*- opdragte is belangrike tekste in die *definïering* van die kerk en vir die *funksionering* van die kerk.

- Die belangrikheid van *"mekaar"* bestaan onder andere ook daarin dat God Adam én Eva geskape het - twee wat saam of met mekaar moes lewe. Gemeenskap lê ingebed in die skepping. Toe net Adam bestaan het was daar in werklikheid geen gemeenskap omdat Adam een was. Tog was daar geen *"oneness"* nie. Toe die Here twee geskep het, het Hyself gesê dat die twee (Adam en Eva) een sal wees. Gemeenskap het dus sy oorsprong in die skepping met die gedagte van die lewe met mekaar te deel. In die skepping van twee bestaan die idée van ***"sharing"*** en van ***"sharing together"***. Van die begin af was daar dus 'n ***"partnership"***.

- Die terminologie van die Nuwe Testament, waar verskeie *"mekaar"*-tekste voorkom verwys na die skeppingsgebeure, spesifiek van Adam en Eva. **Dus is die *"mekaar"* gedagte 'n basiese term in en vir die verstaan van die evangelie.**

- Op 'n vraag of kleingroepe die enigste manier is om die betekenis en inhoud van die *"mekaar"*-opdragte te laat realiseer, het dr. Bilezikian geantwoord: Kerklike geloofsgemeenskap vind op verskillende "vlakke"plaas. *Koinonia* realiseer eerste van alles in aanvaarding van mekaar - Romeine 15:7 is 'n kernuitspraak. Paulus beklemtoon in die teks die basiese behoefte van die Christen gemeenskap om verskille te oorkom. Wanneer verskille (van watter aard ookal) in Christus oorkom word, kan daar van nabyheid teenoor mekaar sprake wees.

  Kleingroepe is belangrik want dit is waar mense die lewe met mekaar deel. **Tog is die aspek van *"shared ministry"* baie belangrik vir die bevordering van kerklike geloofsgemeenskap.** Elke lidmaat van die gemeente handel volgens sy of haar gawes en tree in die lig hiervan passievol teenoor mekaar op.

- Die rol van leiers in die gemeente is baie belangrik in die bevordering van geloofsgemeenskap omdat leiers in die Nuwe Testament altyd as dienaars beskryf word en nie as regeerders as sodanig nie. In die Nuwe Testament hou kerklike leierskap altyd verband met 'n korps van leiers (meer as een). **Daarom is kerklike leierskap as sulks ook 'n belewing van gemeenskap. Dit is nooit 'n solo-saak nie, maar spanwerk met as doel die bevordering van onderlinge gemeenskap.**

- 'n Opmerking wat vir die skrywer van groot belang is, is dat dr. Bilezikian gesê het:

  ***"Worship without fellowship is disobedience."*** Daarom behoort gelet te word op die feit dat kerkgeboue nie so ontwerp word dat lidmate na mekaar se agterkoppe in die erediens kyk nie maar, indien moontlik, na mekaar se gesigte.

'n Bandopname van die onderhoud met dr. G. Bilezikian, is op aanvraag by die skrywer beskikbaar.

#### 4.2.4.2 Onderhoud B

Op 28 en 29 Maart 2000 het die skrywer 'n onderhoud gevoer met dr. Wayne A. Mack, professor in Bybelse berading by The Masters College, Santa Clarita, California. Met die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* as fokuspunt van die onderhoud, maak dr. Mack die volgende aannames: *(die onderhoud is in Engels gevoer, maar word in Afrikaans weergegee)*

- Die aktualiteit van die studie word bevestig deur wat onder andere in Romeine 12:10a staan, naamlik: "Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar . . ." **Die uitgangspunt vir die *"one anothers"* is dat ons mekaar se broers en susters is wat beteken dat ons opofferend teenoor mekaar moet lewe. En om opofferend teenoor mekaar te lewe, beteken in wese die realisering van al die *"mekaar"* uitsprake in die Bybel.** Daarom dat Filippense 2:3 en 4 vir die belewing én uitlewing van die *"one anothers"* primêr van belang, naamlik:
  "Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander." **Net soos 'n familie mekaar ag en oor mekaar besorgd is, só behoort dit ook in die familie van God (die gemeente) te wees.**

- Die "mekaar"-opdragte is veral nou in Suid-Afrika van ontsaglike belang, met al die geweld en moord en onderliggende politieke spanning. Die *"mekaar"*-tekste onderrig die mens daarin dat hy kan verstaan wie hy in Christus is. Sodoende kom mense tot die besef dat daar in die lewe, in

werklikheid nie ruimte is vir onbybelse eietrots of rassetrots of politieke trots nie. Die mekaar-konsep is die antwoord vir selfsug.

- **Die liefdesbeginsel is in die oorweging van die *"mekaar"*-opdragte van primêre belang.** As ons mekaar in Christus liefhet, sal ons daarin slaag om, onder leiding van die Heilige Gees, aan al die ander *"one anothers"* gehoorsaam te wees. **Liefde is die sambreelbeginsel.**

- *Koinonia* in die Nuwe Testament is nooit 'n saak van blote sosialisering nie. Die *"mekaar"*-opdragte bevestig dit as meer as 'n saak van koekies en tee. **Ons gebruik die begrip *koinonia* gewoonlik hopeloos verkeerd.**

- **Daar kan nie van gemeenskap (fellowship) tussen mense sprake wees sonder in die eerste plek, gemeenskap met die lewende God nie.** Dit is die belangrike beginsel van 1 Johannes 1:6 en 7 naamlik:
"As ons beweer dat ons aan Hom deel het, en ons lewe in die duisternis, lieg ons en handel ons nie volgens die waarheid nie. **Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy seun, ons van elke sonde."**
Dr. Mack verduidelik genoemde beginsel deur na 'n driehoek te verwys:



Hoe nader ek en my mede-gelowige na Christus beweeg, hoe nader is ons ook aan mekaar. As ons fokus op Christus is, sal ons fokus ook op mekaar wees. **Ek kan nie werklike geloofsgemeenskap beleef met iemand wat nie in Christus is nie, want dan is ons nie mekaar se broeders in die Here nie.**

- Die *"mekaar"*-opdragte is in die imperatiewe vorm geskryf en is dus opdragte of bevele. Om aan die *"mekaar"*-opdragte ongehoorsaam te wees, is sonde. Indien die *"mekaar"*-opdragte opsioneel is, dan is alle ander opdragte (bevele) in die Bybel opsioneel, wat tog 'n saak van onmoontlikheid is.

- Om die *"mekaar"*-opdragte as uitgangspunt te neem in die ontwikkeling van 'n strategie ter bevordering van kerklike geloofsgemeenskap, moet die **hele Skrif gepreek word. Mense moet na aanleiding van 2 Timoteus 3:16 geleer word wat die waarheid is én beteken. Sodoende word dwaling bestry, verkeerdhede reggestel en 'n regte lewenswyse word gekweek.**

## 4.3 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING BY HIERDIE HOOFSTUK

Die volgende voorlopige gevolgtrekkings kan gemaak word:

- 98,3% van die respondente beskou hulleself as meelewende lidmate van 'n gemeente.
- **Dit blyk dat respondente nie seker is van die betekenis van meelewendheid nie.**
- Die begrip "geloofsgemeenskap" dui blykbaar vir respondente op geestelike interaksie tussen mede gelowiges.
- Respondente voel blykbaar verplig om positief te antwoord met betrekking tot die volg van 'n spesifieke gemeenteprogram ter bevordering van geloofsgemeenskap.
- **Respondente besef die waarde van kerklike geloofsgemeenskap.**
- Alhoewel die Afrikaanssprekende respondente nie geloofsgemeenskap as basis vir kleingroepbediening beskou nie, bevestig Engelssprekende respondente (Willow Creek Community Church) dat geloofsgemeenskap juis die basis van kleingroepbediening is.
- Respondente is hoofsaaklik van mening dat die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* verwys na betrokkenheid van gemeentelede by mekaar en dat dit daarom die basis van kleingroepbediening vorm.

- In vergeleke met die ander kerke is die getal "nie-response" van die Gereformeerde Kerke in S.A. ten opsigte van vraag 14, betekenisvol hoër, wat moontlik daarop mag dui dat hierdie respondente tot 'n groter mate onseker is oor die *"mekaar"*-opdragte as respondente van die ander kerkgroepe.

- Fisiese en geestelike ondersteuning van medegelowiges in die gemeente word hoofsaaklik beklemtoon in die betekenis van die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum.*

- **Respondente van die Afrikaanse kerke plaas die klem op onderlinge geestelike versorging en geestelike betrokkenheid in hulle interpretasie van die *"mekaar"*-opdragte, terwyl die klem deur respondente van Willow Creek Community Church hoofsaaklik op die fisiese versorging van medegelowiges geplaas word.**

- Dit blyk dat respondente nie 'n diepgaande kennis van die *"mekaar"*-opdragte het nie.

- Dit blyk dat die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* nie voldoende in die prediking hanteer word nie, sowel as dat lidmate behoefte het dat genoemde tekste groter aandag in die prediking sal ontvang.

- Dit blyk dat respondente van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika onseker is oor wat die effek van die prediking met die *"'mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* as uitgangspunt sou wees.

# HOOFSTUK 5

# PRAKTYKTEORETIESE PERSPEKTIEWE OP DIE *"MEKAAR"*-OPDRAGTE (BY PAULUS) IN DIENS VAN KERKLIKE GELOOFSGEMEENSKAP

## 5.1 INLEIDING

Die prakties-teologiese model van Zerfass (1974:164-177), wat bepalend is vir die metode van hierdie navorsing (vgl. 1.7; 1.2.3), hou onder andere in dat in die Praktiese Teologie tussen basisteorieë onderskei word. In hoofstuk 2 (vgl. 2.1) van hierdie studie is 'n basisteorie omskryf as 'n wetenskaplike vergelyking tussen die *"Sollbestand"* en die *"Istbestand"* daarin dat die probleem wat moontlik in die praktyk sou bestaan primêr vanuit die Skrifopenbaring *"deurdink"* word. Voorts is gestel dat op grond van die wisselwerking tussen die tradisionele opvatting en die eise van die veranderde situasie, 'n spanningsveld tussen die tradisie en die situasie ontstaan. Genoemde spanningsveld lei tot 'n impuls wat 'n nuwe praktyk bepaal wat sowel teologies as sosiologies korrek is. **Die mees opvallende van hierdie benadering is eerstens die plek wat aan die praktyk gegee word, en tweedens dat die praktyk nie intuïtief beleef word nie, maar empiries-wetenskaplik verstaan word,** (Heyns en Pieterse, 1990: Voorwoord). 'n Praktykteorie beskryf dus hoe 'n basisteorie in die praktyk behoort te funksioneer (Venter, 1996:89).

## 5.2 DOELSTELLING

In hoofstuk 5 is die primêre doelstelling van die skrywer om 'n praktykteorie te formuleer met die oog op die moontlike intenser belewing van kerklike geloofsgemeenskap. Om dit te kan doen, word die basisteoretiese gegewens (hoofstuk 2) in wisselwerking met die metateoretiese gegewens (hoofstuk 3 en 4) geplaas.

Met die oog hierop word in dié hoofstuk, die volgende behandel:

- Visie
- Erediens
- 'n Moontlike strategie met die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* as teologiese vertrekpunt vir kerklike geloofsgemeenskap
- Voorlopige gevolgtrekkings by hierdie hoofstuk

## 5.3 UITGANGSPUNT

Die basisteoretiese perspektiewe (vgl. Hoofstuk 2, spesifiek 2.7.4.2), dui daarop dat die *"mekaar"*-opdragte, in die praktykmaking van lidmate se koinoniale aktiwiteite, 'n sentrale gedagte in die *Corpus Paulinum* is. Voorts verwys De Klerk (2000b: onderhoud met skrywer), nie na die *"mekaar"*-opdragte nie, maar verkies om na genoemde uitsprake as die ***"saam-tekste"*** te verwys. (Bandopname van die onderhoud is op aanvraag by die skrywer beskikbaar). Die skrywer vereenselwig hom met laasgenoemde beskrywing omdat ***"saam"*** die presiese betekenis van *koinonia* verwoord, naamlik:

> **Verbonde (saamgebind) aan God in Jesus Christus én verbonde (saamgebind) aan mekaar.**

As uitgangspunt dien in hoofstuk 5 die aanname dat *"mekaar"* in die *Corpus Paulinum* verstaan sou kon word as:

> **mekaar = saam = gebind aan (verbonde aan die drie-enige God en aan mekaar).**

Want, sê Crabb (1997:80-83).

> Niets is fundamenteler om iets te begrijpen van het wezen van het christelijke leven dan na te denken over de implicaties van een centrale maar vaak verwaarloosde waarheid: **namelijk dat we allemaal geschapen zijn door een Eeuwige Gemeenschap van drie volmaakte verbonden personen. We zijn gevormd door een God wiens diepste vreugde verbinden binnen zichzelf is, een God die ons geschapen heeft om van gemeenschap te genieten zoals Hijzelf geniet, door ons op sublieme wijze met Hom en met elkaar te verbinden.**

## 5.4 VISIE

> When it comes to the future, there are three kinds of people: those who let it happen, those who make it happen, those who wonder what happened.
>
> John Richardson

(Aangehaal deur Barna, 1996:17)

Vir die bevordering van lidmate se koinoniale aktiwiteite, is 'n Bybels-teologiese visie van die kerk (gemeente), belangrik. "Zonder visie echter, zonder een idee van wat God met iemand anders van plan is, kan er geen sprake zijn van ware verbondenheid (Crabb, 1997:83)." Burger (1999:42,43) is oortuig daarvan dat visie basies is én eerste kom, omdat dit ***gaan oor die vraag of ons dit wat die***

***Bybel oor die kerk sê toelaat om op hierdie manier die bepalende kern te wees van die drome wat ons oor die kerk droom.*** (vgl. ook Barna, 1996:38-42).

Die belangrikheid van visie vir lidmate van 'n gemeente van Jesus Christus, word bevestig deur onder andere Barna (1996:17) wat opmerk: "The future doesn't just happen; it is created by visionary leaders." Shawchuck en Heuser (1993:141,142) verwys selfs na drie tipes kerke as hulle beweer "when it comes to converting desired images of the future into concrete action and change, congregations sort out into three types: *wishing churches, dreaming churches, and visionary churches".* (Kursivering deur P.H.H.) Burger (1991:37) noem "visie" die eerste dinamiese beginsel van 'n geloofsgemeenskap.

### 5.4.1 Visie: 'n Definisie

Alvorens 'n definisie van "visie" geformuleer word, moet die begrip "missie" omskryf word. Want dit gaan naamlik in die missie van die gemeente om die **vasvang van die bestaansdoel** van die kerk en van hierdie spesifieke gemeente as deel van 'n spesifieke denominasie (Nel, 1994:145). Alhoewel missieformulering nie maklik is nie, sê Nel (1994:147), mag dit nie oorgeslaan word nie omdat 'n gemeente so presies moontlik moet weet wat hulle bestaansdoel is. Dus sou "missie" gedefinieër kan word (Van der Merwe, 1995:40) as *die algemene formulering van die roeping of taak van die gemeente".* (Kursivering deur P.H.H.) Nel (1994:145) verwys na missie as *die omskrywing van 'n organisasie se identiteit.* (Kursivering deur P.H.H.) In die lig van bogenoemde is die volgende definisies van "visie" vir die studie rigtinggewend:

| |
|---|
| Visie is 'n aanduiding van die inhoud van die Christelike geloof, dit is die *belydenis* van die betrokke geloofsgemeenskap. **Burger (1991:37).** |

A vision, while also a desired future reality, is more than an idea or an emotion - it is a *desire that captures* the heart and mind and coalesces the resources of the group toward whatever action is necessary to cause the vision to become a concrete reality. Expressed another way, **"Vision is a waking dream."** **(Shawchuck en Heuser, 1993:142,143).**

'n Visie beskryf God se ideale vir die wêreld. **(Van der Merwe, 1995:41).**

Vision is a clear and precise mental portrait of a preferable future, imparted by God to His chosen servants, based on an accurate understanding of God, self and circumstances. **(Barna, 1996:35,36).**

Alhoewel die volgende skrywers nie spesifiek van "visie" praat nie, is die perspektief wat hulle stel, ook belangrik. Getz (1987:16) redeneer dat:

> Christians must have the "big picture" if we are to carry out the Great Commission of our Lord. We must not develop tunnel vision. We need to develop a contemporary strategy that grows out of at least three sources. Put another way, we must carry out our task today and develop our strategy by looking through three lenses.

Bogenoemde stel Getz (1987:16) soos volg voor:




Warren (1995:81) skryf in sy boek *The purpose driven church:*

> Plans, programs, and personalities don't last. But **God's purposes** *will* last. Nothing precedes purpose. The starting point for every church should be the question, "why do we exist?" **Until you know what your church exists for, you have no foundation, no motivation and no direction for Ministry.**

### 5.4.2 Visiebou in die praktyk

Shawchuck **en** Heuser (1993:143) is oortuig dat "Vision cannot become a reality if it is not shared." Daarom praat bogenoemde skrywers van *"corporate visioning"* wat hulle as 'n proses beskou wat uit drie stappe bestaan, naamlik:

5.4.2.1 The process begins in the **spirituality** of the leader and congregation through an encounter with God;

5.4.2.2 Develops in and through the church leaders who **communicate** the vision to the congregation;

5.4.2.3 And involves the church leaders who empower the congregation in such a way that they, **together**, enact the vision. Shawchuck en Heuser (1993:143).

'n Gemeentevisie ontkiem, beweer Van der Merwe (1995:45) en begin groei wanneer twee lyne mekaar kruis:

- Die besef **wie ons God is,** wat Hy doen en wat sy ideale vir die samelewing is en wat gevolglik **die eeu oue roeping van die kerk is;** en

- Die ontdekking van die **konkrete nood** in die wêreld rondom ons.

Van der Merwe (1995:45) vervolg en merk op:

> Wanneer hierdie twee lyne kruis, gaan 'n gemeente se oë oop en kry hulle 'n visie. Dit is die brandstof wat 'n nuwe vonk in die lewe van 'n gemeente veroorsaak. Die eerste lyn word gevoed deur 'n volgehoue proses van spiritualiteitsvorming en die tweede lyn word gevorm deur 'n proses van strategiese beplanning in 'n gemeente.

Die afleiding wat uit bogenoemde gemaak kan word is dat 'n gemeente se waardestelsel en strategiese bedieningsbeplanning van kardinale belang is in die proses om visiebou te laat realiseer. Van uiterste belang is die gemeente (lidmate) se waardestelsel, want, sê Barna (1996:42,43):

> Values are the nonnegotiable characteristics you want reflected in your life (see Phil. 4:8,9). *Values define the person.*
>
> It takes a particular approach to reach the desired outcome of the goals you wish to accomplish. The approaches you choose are your strategies. *Effective strategies are not formed in a vacuum. They must be related to mission, vision and goals.*
> (Kursivering deur P.H.H.)

Opsommenderwys sê Burger (1991:42) "**gaan dit in die bediening om die vorming, instandhouding en herformulering van die visie van die geloofsgemeenskap**".

### 5.4.3 Visiekommunikering

Skrywers soos Burger, (1991:56); Shawchuck en Heuser, (1993:148-150); Van der Merwe, (1995:46) en Barna, (1996:143-144) is dit met mekaar eens dat die visie met die lidmate gekommunikeer moet wrd. Barna (1996:143) beweer: "The way the vision is communicated to the congregation is critical to its life in that Body." Die dominee of die kerkraad laai nie 'n visie op die gemeente af nie. Die visiebouproses is derhalwe daarop gemik om die gemeente in te skakel by die **gesprek** oor visie (Van der Merwe, 1995:46).

Shawchuck en Heuser (1993:149,150) stel die volgende stappe voor wanneer 'n visie gekommunikeer word:

- *Identify the constituents in your congregation.*

- *Find the common ground in the needs, aspirations, and dreams of your congregation.*

- *Articulate the vision in concrete and positive terms.*

- *Model the vision in your own behaviour and be genuine.*

Volgens Barna (1996:144) is daar "**unlimited opportunities to share the vision**" wat hy soos volg weergee:

Communicating the Vision

Unlimited Opportunities to Share te Vision:

- Sermons addressing the vision and the challenges facing the congregation.
- Personal vision casting and vision reinforcement meetings.
- Leadership retreats for discussing, praying about and creating strategies and plans regarding the vision.
- Teaching about mission, vision, values, goals, strategies, gifts abilities and experiences.
- Exposing the people to case studies of how other people and ministries have handled vision.
- Calling attention to the church's existing vision-related activity and underscoring the successes.
- Including articles on vision in congregational communica-tions.
- Relating every sermon or lesson to the church's vision.
- Incorporating vision as part of every training program the church provides for initiation, assimilation and leader-ship development.
- Hiring staff or promoting people to leadership positions only if they give evidence of embracing the vision.
- Key church leaders demonstrating the vision in daily pur-suits.
- Posting the vision statement on all internal documents.
- Making the vision a core criteria in all decision-making efforts.
- Regularly reviewing the church's progress in relation to the vision.

Van belang vir die studie is die aanname van Burger (1991:56) naamlik dat: "In 'n gewone Protestantse bediening word die *visie* in die eerste plek *gekommunikeer* in en deur die *preek* tydens die gemeente se Sondagerediens." En as Burger (1999:243,244) vra op watter maniere ons in ons tyd en situasie kan probeer om vorm te gee aan die *koinoniale* diens en verantwoordelikheid van die gemeente, antwoord hy:

> Hoewel baie mense dit nie boaan die lys sal plaas nie, glo ek dat ons heel eerste sal moet kyk na die *koinoniale* moontlikhede van *die erediens* wat haas onuitputlik is.

Die skrywer vereenselwig hom met bogenoemde en fokus hierna op die erediens as belangrikste samekoms van die gemeente asook die belangrikste samekoms vir die vormgewing van lidmate se *koinoniale* diens, met spesifieke verwysings na die *"mekaar"* opdragte in die *Corpus Paulinum.*

## 5.5 DIE EREDIENS

Die skrywer beskou die erediens as die plek waar visie in aksie oorgaan omdat dit die plek is waar lidmate God loof én voor Hom stil word (vgl. Van der merwe, 1995:50-62); die plek (geleentheid) waar die toerusting van die gelowiges vir hulle roeping in die huidige Suid-Afrikaanse konteks by uitstek geskied (Smit en de Klerk, 2000:121) en omdat die erediens, mede as gevolg van die groeiende belangstelling in die liturgie, gedefinieer word as die kragbron en rigtinggewende beginsel van die mens se totale godsdiensbelewenis (Vorster, 1996a:204).

### 5.5.1 Erediens: 'n Definisie

Met inagneming van definisies vir die erediens deur onder andere Müller, (1990:3); Van der Merwe, (1995:50); Vos, (1995:486); Vorster, (1996a:205-

209); Smit **en** De Klerk , (2000:121) definieer die skrywer op voetspoor van Van der Walt (1982:7) die erediens as:

> 'n **Samekoms** van die gelowiges om **saam** die Verbondsgod te ontmoet en te eer terwyl Hy Hom met genade in hulle midde stel en hulle ontmoet. Die erediens is 'n tweerigting geestelike verkeer tussen God en Sy volk.

In bogenoemde definisie kom die **saam-** karakter van die erediens duidelik navore wat direk by die fokus **(saam-opdragte)** van die studie aansluit. Vos (1995:486) beklemtoon ook die **"mekaar"** of **"saam"** karakter van die erediens deur op te merk:

- Dit is die plek waar ons ons geloof in God voor Hom en **mekaar** kan bely.

- Die erediens is verder veral ook 'n diensplek. Hier dien ons God en **mekaar**.

- Ons word hier tot diens aan God en **mekaar** opgeroep en geïnspireer.

- In die erediens kan ons ook gemeenskap met God en **mekaar** ervaar.

- Die gemeenskap met God en **mekaar** is 'n bron van vreugde.

In samehang met bogenoemde pleit die skrywer in navolging van König (1998:65) vir *erediensspiritualiteit.* (Kursivering deur P.H.H.)

Alhoewel König dié term nie omskryf nie, kan met redelike sekerheid aanvaar word dat met *erediensspiritualiteit* bedoel word *die wyse waarop lidmate hulle*

*verhouding met die Here en met mekaar verstaan en in die erediens uitleef.* Elke handeling in die erediens moet onder beheer van die Heilige Gees wees en die gevolg daarvan is dat alle **"bywoners"** van eredienste **"erediensdeelnemers"** word (De Klerk, 1987:42). Dan word die erediens:

**Van der Walt (1982:15)**

Aanbidding

**De Klerk (1987:44)**

Deurdat die Gees in die kerk kom woon, word die erediens daarmee 'n verbondsaak, 'n lewe in 'n huisgesin waar lede van die gesin in die eerste plek met die Gesinshoof intiem meeleef en waar die lede onderling 'n openheid teenoor **mekaar** ontwikkel. **Die erediens is nie 'n formaliteit wat buite-om die deelnemer gebeur nie, maar elkeen is intens by die ontmoeting en saamleef met mekaar betrokke.**

**Müller (1990:9)**

Fees van die Gees en fees van die gemeente.

**Vos (1995:484)**

Samekoms, die samekoms in God se Naam, ontmoeting, diens, aanbidding, gemeenskap, viering en verwagting.

**Mack en Swavely (1996:95)**

Corporate worship.

| **Vorster (1996a:205-208)** |
|---|
| Ontmoeting tussen God en Sy volk; verbondsgemeenskap; fees; gesamentlike aanbidding. |

### 5.5.2 Die erediens en *koinoniale* moontlikhede

Die erediens is tradisioneel die hartklop van die gemeente (König, 1998:65) en die *koinoniale* moontlikhede van die erediens is haas onuitputlik (Burger, 1999:244). Tereg wys Burger (1999:244) daarop dat om **saam** te sing, **saam** te bid, **saam** die sakramente te gebruik, **saam** die genade en die vergiffenis van die Here aan te hoor en te ontvang - dit alles kan 'n ongelooflike samebindende effek op die gemeente hê. Daarom dat Burger (1999:244) oortuig is dat dit belangrik is om aan minstens drie aspekte van die erediens aandag te skenk:

- Die ***atmosfeer*** of gees wat die gemeente se erediens uitstraal. Kerke behoort gevul te word met 'n egte, warm, positiewe, mensvriendelike atmosfeer.

- Die belangrike taak van veral ***die liturg*** om hierdie gevoel van warmte en toegeneëntheid te vergestalt in wát jy sê en doen in die erediens en veral in hóé hy dit sê en doen.

- Die ***verloop*** van die erediens. **Daar kan moontlik meer gemaak word van gemeentelike deelname en geleenthede waar die gemeente kans gegee word om mekaar raak te sien en van mekaar bewus te raak. Die erediens wil lidmate immers nie net aan God bind nie, maar ook aan mekaar.**

### 5.5.3 Liturgie

Vir die kerk is sy liturgiese handelinge die mees sigbare en openlike gebeure om met die God van die Bybel om te gaan en om duidelik te maak wat dit beteken om Christen in die wêreld te wees (De Klerk, 2000c:13).

Alhoewel die liturgie nie die primêre fokus van dié studie is nie, maar tog belangrike perspektiewe bied met betrekking tot die *koinoniale* aktiwiteite en belewing van lidmate, het die skrywer onder andere van die volgende publikasies rakende die liturgie 'n studie gemaak:

**Van der Walt** (1982:17-64)
**Brienen** (1987:144-177)
**Müller** (1988:52-104)
**Van der Merwe** (1995:50-62)
**Vos** (1995:485-497)
**Mack en Swavely** (1996:99-115)
**Vorster** (1996:209-219)
**Handelinge Nasionale Sinode** (1997:731-768)
**König** (1998:67-82)
**Burger** (1999:204-216)
**De Klerk** (2000c:1-22)

Alhoewel König (1998:67-82) miskien meer kritiese opmerkings maak deur na *hoogkerklike tradisie* te verwys en die liturgie primêr as *vernuwingsinstrument* wil gebruik (Kursivering deur P.H.H.), is kernuitsprake (waarmee die skrywer hom wil vereenselwig), die volgende:

**Handelinge Nasionale Sinode (1997:731)**

> Liturgie (van die Grieks *leitourgia*) dui persoonlik, huislik en gemeentelik (kerklik) op wat mense doen wanneer hulle God ontmoet, na Hom luister en Hom aanbid, godsdiens beoefen en Hom verheerlik.

**Müller (1988:52)**

> "Liturgie" mag nie so eng verstaan word as sou dit bloot na die orde van die erediens verwys nie. Dit sluit bepaald die orde waarin 'n erediens verloop in, maar dit is ook baie meer - dit is die **dienswerk wat die Godsvolk verrig tot eer van die Here.**

**Brienen (1987:144,150)**

> Omdat die vraag na die regte erediens vir Calvyn sentraal was, het hy die volgende standpunt gehuldig:
> **Zo is de kerk en haar eredienst vorm en instrument van Gods heilshandelen in zijn Woord tot aan het einde der tijden.** Alleen daardoor is gemeenschap met God voor ons mogelijk. **Daarom is de liturgie maar niet een manifestatie van de individuele innerlijkheid of van algemene vroomheid.**

Vir Calvyn was die volgende in die liturgie belangrik (vgl. Brienen, 1987:151-176):

- **Schriftmatigheid** van de liturgie

- Liturgische **vrijheid**

- De opbouw van de gemeente criterium van de liturgie

- De eenvoud van de liturgie

- De verstaanbaarheid van de liturgie

- De betamelijkheid van de liturgie

- Het pneumatologische moment van de liturgie

- De gerichtheid van de liturgie op het dagelijks leven van de christen

- **Het koinonische aspect van de liturgie.** Dit gemeenschappelijke, dit koinonische, moet naar Gods Woord in de liturgie zeker tot zijn recht gebracht worden. **Onze God wil niet alleen individueel gediend worden, maar Hij is bijzonder met zijn kracht, troost en ontferming waar zijn kinderen samenkomen om met *elkaar* verenigd, gezamenlijk te bidden, te zingen, te danken en Hem te erkennen.** (Kursivering deur P.H.H.)

Met bogenoemde inaggenome, word die aktualiteit van die debatte wat vandag oor die liturgie gevoer word, bevestig deur onder andere De Klerk (2000c:1) se vraag: *"Beleef ons 'n liturgiese identiteitskrisis?"* Die vraag as sulks én 'n aspek soos die invloed van die verbruikerskultuur op die liturgie laat De Klerk op 5 Junie 2000 in 'n voordrag voor die Gereformeerde Teologiese Vereniging van Potchefstroom, pleit vir wat hy *liturgiese itentiteitsvorming* noem. De Klerk

(2000c:14-17) noem elf riglyne vir die vorming van 'n liturgiese identiteit waarvan veral die negende aspek, spesifiek vir dié studie belangrik is:

- Die vertrekpunt behoort 'n vashou te wees aan die *liturgiese grondlyne* wat in die Ou en Nuwe Testament gegee word.

- Die nagaan van *die ontwikkeling van die liturgie,* met konsentrasie op die Tweede, Sestiende en Twintigste eeue.

- Vir ware liturgiese identiteitsvorming is *stilte* nodig.

- In liturgiese identiteitsvorming sal rekening gehou moet word met wat *mooi* in die Skrif en in die eietydse kultuur is.

- Die *Suid-Afrikaanse kultuur-toneel* moet indringend ontleed word.

- *Taal* is 'n belangrike faktor.

- *Multi-kulturaliteit* sal ernstig geneem moet word.

- Identiteitsvorming gaan gepaard met die *ontleding van wat eietyds is.*

- **Daar moet in die identiteitsvorming altyd 'n strewe na *liturgiese eenheid, koinonia en ekumenisiteit* wees. Daarom moet dit Trinitaries wees, Bybels gegrond, tegelyk die aksie van Christus as Dienskneg van Sy kerk en 'n doksologiese aksie van die kerk in die krag van die Heilige Gees. Die plaaslike gemeente moet bewus bly daarvan dat die één, heilige, algemene kerk in hulle teenwoordig is.**

- In die vorming van 'n liturgiese identiteit moet daar altyd 'n *missionêre klem* geplaas word.

- Identiteitsvorming moet 'n sterk *eskatologiese fokus* hê.

Die moontlike liturgiese identiteitskrisis word ook deur Burger (1999:205,206) geopper as hy vra: *hoe leer die gemeente liturgiese werk doen?* Burger stel die situasie soos volg:

> Dis een ding om te verstaan dat leitourgia 'n uiters belangrike bemiddeldende aktiwiteit van die gemeente behoort te wees; dit is iets anders om sulke aktiwiteite in die praktyk te beplan op so 'n wyse dat die gemeente al die seën ontvang wat sulke geleenthede beloof. **Ek glo dat ons eie tradisie op hierdie punt meer probleme het as wat ons meeste van die tyd besef. Dit gaan hier oor kreatiewe prakties-teologiese refleksie en oor bedieningswysheid - 'n kant van teologiese refleksie wat nie goed ontwikkel is by ons nie.**

### 5.5.4 Die bevordering van bedieningswysheid

Die skrywer beskou die erediens (vgl. 5.5.1) as die primêre plek om bedieningswysheid te bevorder. Want in en tydens die erediens kan meer aandag aan die liturgie as 'n vorm van **religieuse kommunikasie** gegee word (Vos, 1995:221).

#### 5.5.4.1 Die erediens as aanbidding

In die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gee Jooste (1957:5-10) aan die saak van aanbidding aandag as opmerklik, die eerste hoofstuk van sy boek *Kom in sy*

*voorhowe, "Aanbidding"* is. In die erediens is aanbidding vir Jooste (1957:8) "'n **daad waardeur die gelowiges bewus tot God nader om in algehele oorgegewenheid aan God eer te bewys"**. Vir Van der Walt (1982:15) is aanbidding **"die bring van godsdienstige eer aan God"**. Naas genoemde definisie van aanbidding stel Van der Walt (1982:15,16) twee basiese vereistes vir aanbidding, naamlik:

- Die *ware* God moet aanbid word.

- Die gelowige moet homself/haarself ken: hy/sy is 'n *begenadigde* en 'n *geroepene.*

Mack en Swavely (1996:93-99) plaas besonderse klem op aanbidding, waarby die skrywer graag aansluit. Genoemde skrywers beweer dat: "Worship is a lost art in contemporary Christianity. **Even worse, it is a forgotten duty."** Die volgende twee vrae som die probleem op wat 'n moontlike krisis verwoord wat moontlik in gemeentes mag bestaan:

- Many of us use the term "worship service' to describe the gathering of believers on a Sunday, but how many of us truly approach those gatherings with a singular focus on **participating** in worship?

- How many of us even understand the nature and elements of worship well enough that we could **accurately evaluate whether we are worshipping in a manner that pleases God?**

Mack en Swavely (1996:95) haal vir John MacArthur aan wat sê:

> **The source of most of the problems people have in their Christian lives relates to two things: either they are not worshiping six days a week with their life, or they are not worshiping one day a week with the assembly of saints. We need both.**

In aansluiting hierby bevestig Brienen (1987:175): "Calvijn ziet de liturgie niet als een geïsoleerd gebied, maar als open waar hele het verdere leven van Gods kinderen in deze wêreld." En as die sin van ons bestaan lê in ons verankerdheid aan God en in die feit dat ons voor sy aangesig mag leef, dan behoort aanbidding ("worship") die grondtoon van die erediensviering te wees (Burger, 1999b:11). Die *grondtoon* van die erediens trek vir Mack en Swavely (1996:95-99) saam in:

- **The focus of true worship is on God:**
  The primary purpose of worship is to bring Him glory and pleasure, and so the interest and needs of men are only of secondary importance.

- **The participant in true worship actively respond to God with their whole being:**
  **Worship is a way of gladly reflecting back to God the radiance of his worth.** This cannot be done by mere acts of duty. It can be done only when spontaneous affections arise in the heart.

Burger (1999:11) meen dat die aanbiddingskant van die erediens nie tot sy reg kom nie. Om die aanbiddingskarakter van die erediens te verbeter, sal tegelyk aan ten minste vier sake aandag gegee moet word:

- Die ingesteldheid en vaardigheid van die voorganger by die erediens. Die predikant moet tot die besef kom om nie net na die diens te gaan om die woord van die Here te bedien nie, maar die gemeente ook voor te gaan, te lei en te begelei in gebed en aanbidding.

- Gemeentesang behoort aandag te kry. Daar kan oorweeg word om meer aanbiddingsliedere in die erediens te sing.

- Daar sou met vrug gekyk kon word na die inrigting van die ingang en binneruim van die kerkgebou. Meer en beter gebruik van simbole, sagter kleure en materiale sou 'n groot rol kon speel om die atmosfeer van die gebou minder hard te maak en sterker op God te fokus.

- 'n Meer gereëlde viering van die Nagmaal - as dit sinvol gedoen kan word - sou waarskynlik ook die aanbiddingskarakter van die diens verhoog. (Burger, 1999:12)

### 5.5.4.2 Prediking

Tydens die erediens **(as aanbidding)** vind onder andere die wonder van die prediking plaas (Jordaan, 2000:5,6) behoort lidmate preke te hoor wat God aan die woord laat kom (Van der Walt, 1984:3-16) en behoort die preek nie 'n geïsoleerde gebeure te wees nie en dus nie die **hoofitem** van die erediens nie, maar deel van die liturgiese proses (Vos, 1995:487) alhoewel ons nie anders kan as om die prediking as die **hoogtepunt** van die liturgiese handeling te sien nie, in die sin dat die hoogste diens (liturgie) wat ons uiteindelik aan God kan lewer, is

om ons te onderwerp aan sy Woord (Müller, 1988:70). Maar belangrik, alhoewel die preek 'n hoogtepunt is, moet dit nie lei tot die verskraling van die res van die liturgie nie (Vorster, 1996a:216).

Prediking soos dit tradisioneel in kerke gefunksioneer het en steeds funksioneer, kom al hoe meer in gedrang (Vorster, 1995:443).

> Die preekmaker en sy preek is so breekbaar soos 'n spinnerak. Preke vertoon soms 'n gebrek aan struktuur, tekstuur, sinsritme, woordvernuf en kommunikasie-vaardighede. **Die gevolg is dat die hoorder slegs met moeite en inspanning aan die tekskommunikasie kan deelneem.**

As prediking slegs kommunikasie tussen mense was, sou vernuwing in die prediking nie problematies gewees het nie. Dan kon die kommunikasie slegs aangepas word volgens sosiale veranderinge en die eise van die tyd (Vorster, 1995:455). Maar tereg beklemtoon Vos (1995:15) dat die preek 'n religieuse handeling is waarin dit gaan om die kommunikasie van die evangelie. Die opmerking van Van der Walt (1984:8) is dus van primêre belang, naamlik:

> **Die besonderse en eiesoortige van die prediking lê nie in 'n anderse, uitsonderlike manier van kommunikeer, bv. retories deklamerend, nie maar in die inhoud wat gepraat word.**

Die unieke aard van die prediking word in aansluiting by bogenoemde soos volg deur De Klerk (1987:183) verwoord:

> Waar die Woord gelees word en in sy ware bedoeling uitgelê word, is dit God wat in Christus deur die Gees met ons praat. Christus as die brandpunt van die prediking word deur die gemeente in sy ontmoeting met God toegeëien en gehoorsaam. Hierdie waarheid bring die gemeente daartoe om **in die prediking mekaar met ander oë te sien, juis omdat Christus deur die toeëieningsaktiwiteit in hulle gestalte kry.** Die ontmoeting van die gemeente onderling in die prediking word in Christus moontlik omdat die prediking die vrug van Christus se werk aan elkeen meedeel en **'n liefdesband** daardeur vestig en versterk.

Die sukses van die prediking is dus geleë in die trefkrag van die evangelie. En die krag van die evangelie kom van Hom wat die evangelie stuur: van God (Jordaan, 2000:5). Ware prediking wat God aan die woord laat kom, stel Van der Walt (1984:11) in die volgende lyntekening voor:



Sonder dat Kruger en Venter (2000:174) spesifiek na bogenoemde lyntekening verwys, sluit genoemde skrywers se werksdefinisie van prediking, direk daarby aan, naamlik:

> Prediking is die proses van brugbou tussen die Bybel en die moderne wêreld waardeur God Drie-enig deur Sy geroepe dienskneg tot die gemeente spreek.

As Bingle en Van der Walt (1991:357-360) riglyne vir die prediking formuleer, is die volgende spesifiek vir die studie van belang, naamlik:

**Prediking: die *Viva Vox* van die *Deus loquens***

> In die prediking moet die lewende stem van die sprekende God gehoor word. **Prediking is daarom nie 'n historiesargeologiese in herinnering roep van 'n vasstaande metafisiese dokument nie, maar 'n dinamieslewende heilsaktiwiteit van God self.**

**Prediking van die finale eskaton dra 'n eksistensiële karakter**

> Prediking van die beloofde toekoms is prediking wat die mens in die diepste wese aanspreek en in sy volle bestaan raak en daar aandring en appelleer op beslissings in verband met en vanuit wat kom.

Bogenoemde is belangrik omdat, soos De Klerk (1987:199) dit stel prediking die *indra van die Woord in die gemeente is.* (Kursivering deur P.H.H.) Dit is dus belangrik om te onthou dat die prediking die Woord én die gemeente as opdrag het. Die prediking is dikwels Skrifgefundeerd en beantwoord aan tegniese

vereistes, maar die krag daarvan ontbreek, omdat die gemeente, die hoorders, nie in berekening gebring word nie. Dikwels handel die prediking oor temas wat vir die mens lewensvreemd is (De Klerk, 1987:198). Hierteenoor sou die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* as preektemas kon dien wat nie lewensvreemd is nie, en waarby lidmate tydgerig, aktueel én doelgerig ten opsigte van hulle lewensbestaan betrokke sou kon wees (vgl. 5.6 en 5.6.1)

Met inagneming van die feit (vgl. 3.3.4) dat die bedieningsmilieu en dus ook die preekmilieu in die teenswoordige kultuur van verandering en in werklikheid van vereensaming (vgl. 3.3.4) die hoorder moet aanspreek, kan die volgende belangrike riglyne volgens Vorster (1992:459-462) getrek word vir **effektiewe gereformeerde prediking** in 'n nuwe milieu:

- **Gesag**

  Ten opsigte van die prediking en die prediker is dit nie meer oortuigend om te preek met die rang van 'n predikant, of op gesag van die '*kerk*' nie. Die mens wil oortuig wees van die *hoekom* van 'n argument.

- **Kontekstualiteit**

  **Die prediking moet die mens in sy konteks betrek.** Met *konteks* word bedoel sy leefwêreld met die eise wat dit stel, sy vrese en onsekerheid, sy verwagtinge en ideale, sy drifte en emosies. **Die Woord van God moet hom in hierdie konteks motiveer, omkeer en hom in beheer bring van homself. As dit gebeur, sal die prediking nie net vir hom belangrik wees nie, maar onontbeerlik.**

- **Kommunikasie**

  Die moderne samelewing draai om bestuur en kommunikasie. Hiermee moet die kerk, die prediker en die prediking rekening hou. Eerstens moet *mense weer geleer word om beginsels te verstaan* en te waardeer. Prediking is nie 'n gepraat oor God nie, maar God wat praat. Tweedens moet *die lesse van die moderne kommunikasie genuanseerd na waarde geskat word.* **Preekkunde kan by die kommunikasiewetenskap baie leer (vgl. 3.3.3.1).**

Dat die herontdekking van die Woord en die prediking een van die belangrikste winspunte van die Reformasie was, kan nie ontken word nie. Daarom dat Vorster (1992:472) kan sê: "Die vraag is dus nie *óf* daar gepreek moet word nie, maar *hóé* daar gepreek moet word sodat die moderne mens God kan hoor. Burger (1999:228,229) wys daarop dat die tekens daar is dat (veral die ouer) Protestantse kerke voor groot uitdagings staan om die **winspunt** van die prediking nie te verloor nie. Burger, (1999) is oortuig dat daar aan die **vormgewing** van die prediking aandag geskenk moet word en meld die volgende sake vir oorweging:

- Daar is 'n sterk beweging dat die prediking en veral die voorbereiding daarvan minder van 'n eenpersoonpoging behoort te wees.

- Daar is 'n goeie gesprek aan die gang oor die eietydse styl en vorm vir die preek. Na tye waarin die preek in sommige geval as 'n **soort lesing** en in ander as 'n **emosionele rede** verstaan is, word nou opnuut gekyk na die *narratiewe aard van die evangelie* en die implikasies wat dit het vir die prediking.

- Ons sal mooi moet dink wat dit beteken as gepraat word van die preek as 'n *daad van getuienis.* So 'n verstaan van die preek stel buitengewone geestelike en morele eise aan die predikant. **Dit gaan van ons vra dat ons die geestelike en die teologiese lewenswysheid sal hê om telkens die Woord en die wêreld waarin ons leef op 'n sinvolle manier bymekaar uit te bring. Hierdie aspek behoort ons ook te inspireer om die gemeente by die preekvoorbereiding te betrek, want die soort integrasie wat hier gevra word, kan geen mens op sy of haar eie doen nie.**

Bogenoemde blyk belangrik te wees, inaggenome dat die skrywer op voetspoor van Vos (1995:220), opsommenderwys van die prediking wil opmerk:

| |
|---|
| Om te preek beteken om te glo dat die krag van die evangelie mense anders kan laat dink, praat en doen. 'n Preek geskied ook met die vaste oortuiging dat die evangelie die waardes van God se koninkryk in mense se lewens en in die samelewing kan vestig. |

In die konkretiserende perspektiewe met die oog op die praktyk (vgl. 5.6) sal die belang van die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* aangetoon word.

### 5.5.4.3 Gebed in die erediens

#### 5.5.4.3.1 Gebed

In die erediens moet daar iets 'gebeur'. Dit is die plek van ontmoeting. Die hele liturgie is gerig op handelinge (Vos, 1995:151). Gebed is nie net die belangrikste deel van die dankbaarheid wat God van ons eis nie, en omdat God Sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (HK, antwoord 116). 'n Mens sou ook kon sê dat die gebed die vernaamste **taak** is van 'n Christen wat werklik *Coram Deo* (voor die aangesig van God) wil lewe (Van der Walt, 1999:217). Calvyn (Brienen, 1987:185), vir wie die gebed een van die *hoofdbestanddelen* van die liturgie is, sê:

> Gebed is die belangrikste geloofsoefening waardeur ons daagliks God se seëninge ontvang. **Dit is daarom waar dat ons met ons gebede die skatte uitdelf wat die evangelie van die Here vir ons aangedui het en wat ons geloof al aanskou het.**
> (vgl. Calvyn, 1559/1988:1077,1078).

Verskeie skrywers o.a. Jooste, (1957:30-33); Van der Walt, (1982:49-58); De Klerk, (1987:233-284); Müller, (1989:94-101); Mack **en** Swavely, (1996:104); Vorster, (1996b:101-102); Van der Walt, (1999:217-220), spreek hulle uit oor die belangrikheid én noodsaaklikheid van gebed tydens die erediens. Vorster (1996b:101) wys daarop dat die diens van die gebede in die Ou Testamentiese, Nuwe Testamentiese én vroeg-Christelike tydperke uiters belangrik geag is in die liturgiese gebruike. Die tempel is genoem 'n "huis van gebede" (Jes. 56:7, Mat. 21:13). In Handelinge 2:42 word die gebede vermeld as een van die belangrike vier elemente in die byeenkomste van die gelowiges. In die lig van

Handelinge 2:42 tipeer Van der Walt (1979:13) die vroeë Christene as 'n *gebedsgemeenskap* (Kursivering deur P.H.H.), en vra Van der Walt: "Sou daar ooit iets van die wonderlike gemeenskapslewe by die vroeë Christene tereg gekom het as dit nie vir die gemeenskaplike beoefening van die gebed was nie? én **kan daar ooit weer nuwe lewe in ons kerke kom as ons nie weer leer om te bid nie?"** Twintig jaar later spreek Van der Walt (1999:217,218) hom nogeens sterk uit en praat van gebedsarmoede en vra wat die redes hiervoor sou kon wees. Hy noem die volgende moontlikhede:

- Blote beskoomdheid of gereserveerdheid

- 'n Gebrek aan geloof?

- Die gevolg van Gereformeerdes se intellektualistiese ingesteldheid met hulle voorkeur vir leer (ortodoksie) eerder as lewe (spiritualiteit)?

- Die sekularistiese lewensbeskouing en -gevoel waarvolgens ons onsself kan help, behalwe in ernstige krisisse?

De Klerk (1987:234) verwys na sowel persoonlike gebede as die gebed in die erediens, wat volgens hom beide in 'n krisis verkeer. De Klerk oordeel dat verskillende redes hiervoor verantwoordelik sou kon wees, naamlik:

- Die taalgebruik van die voorganger.

- Die worsteling van die erediensdeelnemer om saam te kan bid.

- Onbekendheid oor die aard van die verskillende gebede.

- Teologisering van gebede.

- **Die geestelike armoede van die bidders.**

- Die Geesloosheid in gebede.

- Die vergeet van die Vader en Sy mag en liefde in die erediensgebede.

Wat ookal die oorsake van gebedsarmoede mag wees, is drie dinge volgens Van der Walt (1999:218) baie duidelik:

- Dit is een van die belangrikste redes vir die kragteloosheid van ons lidmate en kerke.

- Ons sal moet besef dat ons gebedslewe nie iets opsioneels of addisioneels tot ons geloofslewe is nie, maar die heel belangrikste deel daarvan.

- Ons sal weer moet leer hoe om te bid. (Dit is opmerklik dat Christus sy dissipels nêrens geleer het hoe om te preek nie, maar wel hoe om te bid!).

#### 5.5.4.3.2 Gebed en die erediens

Die skrywer sluit hierby direk aan by veral De Klerk (1987:251-284) en Mack en Swavely (1996:104), wat naas Calvyn (Brienen, 1987:185), nadruk lê op die feit dat gebed tot die wese van die erediens behoort. In 'n volledige studie oor die Heilige Gees en die verhouding Skriflesing, prediking en gebed in die erediens, sê De Klerk (1987:251):

> Die gebed is een van die wesentlike en noodsaaklike elemente van die erediens, **want die gebed is**

> **afhanklik van die Woord, maar word ook deur die Gees en Woord in die hart van die gemeente wakker geroep.**

Sowel De Klerk (1987:251) as Mack **en** Swavely (1996:104) beklemtoon die feit dat gebed in die erediens 'n korporatiewe aktiwiteit is. Mack **en** Swavely (1996:104) verwys na die Bybel en merk op:

> **Corporate prayer** was an important element in Old Testament worship gatherings (cf. 1Kings 18:36; 2Chron. 7:15; Isa. 56:7), and the early church continued that tradition. We find them prayer together in Acts 1:14; 2:1,46; 4:24,32; 5:12; 6:4. **The unity and power present in the early church was evidenced by its emphasis on corporate prayer.**

Deputate van die ses en veertigste Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (Handelinge, 1997:759), verklaar daarom dat **die gebed in die samekoms is die gemeente se gebed wat inhou dat die gemeente in die samekoms 'n gemeenskap *van bidders is.*** (Kursivering deur P.H.H.) Die gemeente is, met ander woorde *saam-in-gebed* of *by-mekaar-in-gebed,* wat die aktualiteit van byvoorbeeld die volgende elemente van die erediensgebed, bevestig: (vgl. De Klerk, 1987:268-270).

- **Smeking**

> "Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend."
> (Fil. 4:6)

God wil nie hê dat Sy kinders besorg sal wees nie. Omdat Sy kinders vir God belangrik is, is dit wat hulle besorg maak en nodig het, ook vir Hom belangrik. **'n Gemeente wat hiervan oortuig is, word in sy erediensgebede van krampagtigheid en gespannenheid bevry.**

- **Voorbidding**

Alhoewel die skrywer in die verband nie na 'n uitspraak van Paulus verwys nie, is die verwysing na Jakobus 5:14-16 aktueel vir die studie.

> "As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy **die ouderlinge van die gemeente** laat kom, en hulle moet vir hom bid en hom met olie salf onder die aanroeping van die Naam van die Here. En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring . . . .
> **Bely julle sondes** eerlik teenoor **mekaar** en **bid vir mekaar**, sodat julle gesond kan word."
> (Jak. 5:14-16)

Voorbidding vir mense in nood sluit in die binne en buite die gemeente:

- siekes
- diegene vasgevang in verslawende sondes
- bejaardes
- jeug
- gesinne in die gemeente
- huwelike
- eensames en armes
- gevangenis
- diegene wat versoek word, geval én verval het, vervolg word
- sterwendes en hulle gesinne

Die gemeente moet dus leer om die nood raak te sien én om dit voor God te vertolk. Indien nie, kan die gemeente maklik aan 'n soort **gebedskortsigtigheid** ly, wat volgens die skrywer weerspieël kan word in voorbidding wat elke Sondag nét gefokus is op byvoorbeeld bejaardes en siekes (tuis en in hospitale). En in die meeste gevalle word die name van of die bejaardes en spesifiek die siekes nie vooraf bekend gemaak nie. Wat De Klerk (1987:276) *die kuns van saambid in die erediens* noem, kan só moeilik realiseer.

Mack en Swavely (1996:104) verwys selfs na aanleiding van Jakobus 5:16-18 na:

> Some churches have groups of people who retire to a room during the sermon and pray for God to work through it. They then listen to the tape later for their own edification.

Alhoewel bogenoemde skrywers op grond van dié reëling sê: "These and other ways of emphasizing prayer in the worship service would cause the power of God to descend more fully upon our churches" sou die skrywer hom verkieslik wil vereenselwig met die volgende (ter wille van die eenheid van die gemeente in samekoms), voorwaardes vir saambid:

- **Begrip vir die ontmoetingskarakter van die erediens.**

- **Liefde vir mekaar** (vgl. 2.7.4.2.3 van hierdie studie).
  Die erediensdeelnemers is **mekaar** se broeders en susters wat saam tot God se huisgesin (liggaam van Christus) behoort, en omdat hulle **mekaar** liefhet, is hulle een van hart en mond. Hierdie liefde en omsien na **mekaar** ontstaan en groei uit 'n wisselwerking van vrymoedigheid om tot God te nader en aansporing van mekaar tot liefde (Heb. 10:22-24).

- **Gesamentlike vrymoedigheid om tot God te nader.**

- **Die opregtheid van sowel die voorbidder as die saambidders.**
  Die gebed is om God te verheerlik, en daarom verset selfs die profete hulle alreeds teen formalisme in die uiterlike gebed sonder dat die hart daarin is (vgl. Jes. 1:15). Die gevaar van formalisme kan alleen deur innerlike verdieping van persoonlike gemeenskap met God self afgeweer word. (vgl. De Klerk, 1987:276,277).

Deur sensitief op genoemde voorwaardes vir saambid te let, kan die sogenaamde gebedsleur waarna Van de Walt (1999:218) verwys, voorkom word. Daarnaas is die praktiese wenke in verband met ons persoonlike en gemeenskaplike gebede wat Van der Walt (1999:218,219) noem, insiggewend en belangrik:

- Gebedsvernuwing vind plaas deur al die beloftes van God in die Bybel op te soek én te bestudeer en 'n mens in jou gebede daarop te beroep.

- Ons moet leer om volgens God se wil te bid wat beteken om deur die gelowige bestudering van Sy Woord, met die verligting van Sy Gees, God se wil agter te kom en daarvolgens met oorgawe en verwagting tot Hom te nader.

- Behalwe vra-gebede, moet daar ook baie meer plek in ons gebedslewe vir gee-gebede gemaak word, dit wil sê gebede waarin God gedank, geloof en werklik aanbid word.

- Wat ons bid, moet ons ook bereid wees om te doen.
  In aansluiting by bogenoemde opmerking word die aktualiteit van dié studie bevestig. *Tydens die erediens kan die volgende byvoorbeeld gebid word: Leer ons as gemeente om mekaar te aanvaar, te bemoedig, te vergewe, te vermaan. Wat help dit om bogenoemde vroom te bid dat die Here die lidmate van die gemeente moet lei om mekaar byvoorbeeld te vergewe, maar jy koester desondanks haatgedagtes teenoor sekere lidmate?*
  (Kursivering deur P.H.H.)

- Om roetine en formalisme te bekamp, moet ons in gedagte hou dat gebed bloot 'n middel is om 'n hoë doel te bereik: **ontmoeting en gemeenskap met God**. Daarom behoort dit elke keer anders, nuut te wees en is afwisseling belangrik (bv. smeking, danksegging, voorbidding).

- **Ons moet wegkom van algemene, vae gebede en vir spesifieke mense en sake bid. Selfs in die openbare gebede in die kerk behoort die mense vir wie gebid word, se name genoem te word. Hoe anders kan**

**gemeentelede sáámbid vir ongeïdentifiseerde "ernstige siekes"?** Die skrywer sou hiernaas wou opmerk dat dit ook oorweeg behoort te word om, (waar moontlik) met toestemming van die betrokke lidmate, nie net met die noem van name te volstaan nie maar ook (in kort) iets van die aard van dié lidmate se omstandighede, mee te deel. *Sáámbid (vir en met mekaar) impliseer dat ons (gemeente) weet vir wie ons bid maar ook hoekom ons vir hulle bid.* (Kursivering deur P.H.H.) 'n Kerkraad sou dit kon oorweeg om aan die liturg die vryheid te gun om alvorens hy bid **"gebedsinligting"** aan die gemeente te verskaf.

- Sodoende kan, wat Van Der Walt (1999:219) **"gebedsvoorbereiding"** noem, plaasvind.

- Ons moet ook rekord hou van gebedsverhoring en daarvoor - **saam met ander** - bly wees en God dank. Baie keer weet ons vyf minute nadat ons gebid het nie meer waarvoor ons gebid het nie.

- Ons behoort nie net individueel en "deur" die dominee van die kansel af te bid nie, maar ook in groepe gelowiges gedurende die week. Sodoende kan die vrugte van 'n lewende gebedslewe in sowel as buite die erediens deur lidmate ervaar word, naamlik:

    - Nuwe, ongekende krag.

    - Groei in jou geloofslewe.

    - Moed en dapperheid om die onmoontlike aan te pak en te verdra.

    - Verdieping in skuldbesef en -belydenis.

- Verlos te word van traagheid, lusteloosheid en selftevredenheid.

- Bevry te wees van onsself om **ander (mekaar P.H.H.)** te kan **liefhê.** (Van der Walt, 1999:220).

Opsommenderwys sou die skrywer, op voetspoor van De Klerk (1987:284), wou opmerk:

> **In die gebed bid die gemeente,** soos die gemeente ook in die Skriflesing en prediking as korporatiewe eenheid handel. Die **saambid** word deur **gesamentlike deelname** aan die Woorddiens moontlik gemaak: waar 'n gemeente geleer het om **saam** na die Woordverkondiging te luister, wek die Woord hulle tot 'n gebed **uit een mond** op.

**Vir afleidings ten opsigte van die betekenis van die *"mekaar"* opdragte in die *Corpus Paulinum* vir die gebede tydens die erediens, ter bevordering van kerklike geloofsgemeenskap, vergelyk 5.6.**

### 5.5.4.4 Gemeentesang in die erediens

Brienen (1987:195-198) wys in sy boek *De liturgie bij Johannes Calvijn* op belangrike gesigspunte ten opsigte van gemeentesang, wat vir Calvyn belangrik was en van toepassing is op dié studie, naamlik:

- Hy is heel diep doordrangen geweest van de ***bijzondere betekenis*** welke het zingen voor de gemeente heeft.

- Dat het zingen van de gemeente een ***zeer oud gebruik*** is.

- Het zingen moet komen uit een diepe en grondige ***beweging van het hart,*** wil het de Here God welbehagelijk zijn, zoals blijkt uit Jesaja 29:13 en Mattheus 15:8.

- Calvyn ziet de gemeenschappelijke zang als een ***eerste gave*** of één van de eerste gaven van de Here God in dienst van de redding en vorming van de mensen.

- Dit is Calvijns diepste overtuiging, dat God wil dat de ***gehele gemeente*** tot zijn eer zal zingen.

Alhoewel bogenoemde opmerkings ewe belangrik is, sou die skrywer wou beklemtoon dat gemeentesang 'n beweging van die hart moet wees, en dat die hele gemeente se deelname baie belangrik is. Want Efesiërs 5:18-19 leer:

> Nee, laat die Gees julle vervul, en sing onder **mekaar** psalms, lofgesange en ander geestelike liedere - **sing uit julle hele hart tot eer van die Here.**

Psalmsang is duidelik 'n uiting van Geesvervuldheid en staan teenoor die luidrugtigheid van dronkenskap. Paulus vat die algemene singwyses hier saam en stel vir die gelowiges die eis: **julle gesing moet onder mekaar in julle eredienste voortkom as vrug van die Gees** (Van der Walt, 1982:38).

En in Kolossense 3:16 staan:

> Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. **Met dankbaarheid in julle harte** moet julle psalms,

> lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing.

Die gemeente word opgeroep om aan die woord, wat van Christus uitgaan en wat Hom tot inhoud het, ruim plek te gee in die middelpunt van hulle belangstelling terwyl hulle onder heerskappy van die Woord staan (Van der Walt, 1982:38).

Van sowel Efesiërs 5:18,19 as Kolossense 3:16 maak Mack **en** Swavely (1996:105), die volgende veelseggende opmerking:

> "Those passages both present the twofold role music has always played in die corporate worship of God's people. **It has provided challenges and encouragements to the members of the body, and it has provided praises and petitions to God.**

As Jooste (1957:19) daarop wys dat kerksang een van die wonder-heerlike gawes is wat ons van God ontvang het, omdat die gemeente ***saam*** kan sing, (Kursivering deur P.H.H.), én maan dat dit gebiedend noodsaaklik is dat sang in die erediens ten volle tot sy reg moet kom, maak Mack **en** Swavely (1996:105) volgens die skrywer, 'n belangrike opmerking (met verwysing na die tweevoudige rol van kerksang ooreenkomstig Ef. 5:18 en 19 en Kol. 3:16):

> The first role (singing has provided challenges and encouragements to the members of the body), is largely overlooked, perhaps because it seems more natural to praise God through music than it does to speak to other people or allow ouselves to be

challenged through it. (vgl. 2.7.4.2.15 van hierdie studie).

Die belangrike beginsel wat Mack **en** Swavely (1996:105) stel is dat gemeentesang sowel **"singing to the Lord"** is. Daarom dat punt 9.2.3.1.3 van die rapport van die deputate liturgie (Handelinge, 1997:764) van uiterste belang is en in gemeentes gevestig behoort te word, naamlik:

> Die gemeente bou **mekaar** op deur die gemeentesang. Daarom het baie Psalms die inhoud van aansporing om God te loof of om voor God te verootmoedig of om saam skuld te bely. Die gemeente mag nie deurgaans buite rekening gelaat word in die bepaling van die liedere wat in die samekoms gesing sal word nie. (Vir die konkretiserende perspektiewe met die oog op die praktyk - vgl. 5.6).

In aansluiting by bogenoemde verdien dit wat Müller (1988:43) sê, vermeld te word: "Die geestelike lied is nie in die eerste plek 'n luisterlied nie, maar 'n *gemeentelied.* Daarom moet dit die vermoë hê om gelowiges **saam** te bind en so die *eenheid* tussen hulle te bevorder." As Barnard (1985:28) dit ook benadruk dat die kerklied, lied van die gemeente moet wees, voeg hy ter verduideliking by:

- Die gemeente en nie slegs enkele persone nie, moet dit kan verstaan en waardeer.

- Die gemeente moet dit inderdaad as gemeente sing en nie slegs 'n persoon ('n solo) of 'n groep namens die gemeente nie ('n koor).

- **Die lied is gebruikslied van die gemeente en dus nie 'n vermaaklikheids-lied waarna die gemeente luister nie.**

- **Deur sy lied word die gemeente na binne opgebou en leef en betuig hy geloof na buite, na die wêreld.**

Die belang van die kerklied word in 'n onlangse artikel deur Smit **en** De Klerk (2000:125) beklemtoon deurdat genoemde skrywers verwys na *die kerklied as transformerende krag,* waarmee bedoel word:

> Die kerklied bestaan oor die algemeen uit musiek (melodie) en poësie (bewoording). Sowel musiek as poësie het 'n besonder kragtige invloed op die mens. Wanneer hierdie twee elemente saamgevoeg word in 'n effektiewe eenheid, dien dit by uitstek as 'n instrument waardeur die Gees van God **innerlike transformasie** by sowel sanger as hoorder bewerk.

'n Viertal riglyne met betrekking tot die optimale benutting van die kerklied as transformerende krag in die erediens, word deur Smit **en** de Klerk (2000:132-135) voorgehou naamlik:

- Toerusting van lidmate.

- **Toerusting met betrekking tot die praktyk van sang in die erediens.** Genoemde skrywers verwys in die verband na 'n "sangoefening" voor die erediens.

- Opleiding van studente en predikante in die Himnologie.

- Opleiding van orreliste.

**Vir afleidings ten opsigte van die betekenis van die *"mekaar"* opdragte in die *Corpus Paulinum* vir die kerklied, ter bevordering van kerklike geloofsgemeenskap, vergelyk 5.6.**

### 5.5.4.5 Sakramente

In die erediens kom die **sienhandeling** keer op keer voor (Vos, 1995:488) en verteenwoordig die sakramente gelyktydig die mees *"primitiewe"* en die mees *moderne* kommunikasiemiddele in die erediens (Müller, 1988:75) aan die mens wat in en met die verwysingskrag van simbole lewe, omdat simbole identiteit en geborgenheid verskaf (De Klerk, 1999:325).

Alhoewel die skrywer nie 'n eksegetiese fundering of 'n dogmatiese motivering vir die sakramente bied nie (omdat dit nie die primêre fokus van die studie is nie) word in die afdeling op die liturgiese "waarde" van die sakramente (in die lig van die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* met die oog op kerklike geloofsgemeenskap) gelet.

Brienen (1987:211) bevestig dat die sakramente vir Calvyn as derde *"hoofbestanddeel"*, in opdrag van God, in die erediens bedien moet word. Mack **en** Swavely (1996:106) noem *"opserving the ordinances of the Church"* as 'n integrale deel van *"corporate worship"*. Tog maak Van der Walt (1982) in sy boek *Soek die Here in Sy tempel*, geen melding van die sakramente as liturgiese handelinge nie. In 'n insiggewende artikel *Die towertyd van liturgie* (Vos, 1999:99-121), verwys hy onder andere na:

***Liturgie is rituele en simbole tyd***

> Die woord "simbool" kom van die Griekse woord **sumballein** wat **versamel, uitwissel** (oorganklik) **en mekaar ontmoet** (onoorganklik) beteken. Simbole behoort dus in diens te staan van die kommunikasie met God en met mekaar.

Dit is veelseggend dat Müller (1988:76) opmerk dat die feit dat die sakramente alle sintuie van die mens betrek, en mense op 'n besondere manier by die saak en by mekaar betrek, voldoen aan die vereistes van die moderne kommunikasiewetenskap. Die betekenis van die sakramente as *"simbole"*, wat in die bediening daarvan aan die vereistes van die moderne kommunikasiewetenskap word verder beklemtoon deur De Klerk (1999:325) wat beweer, met verwysing na Vos **en** Pieterse:

> In Suid-Afrika het die Afrikaanssprekende kerklidmate talle van sy simbole in 'n kort tyd verloor: 'n republiekvlag, sekere volksfeeste, liedere, name van lughawens, ens. **Hierdie ervaring van pyn moet ook in die liturgie opgevang word.** (vgl. Hoofstuk 3 van hierdie studie - politieke wetenskap).

Die sakramente gee juis volle geleentheid omdat die doop en die nagmaal by uitnemendheid die geleentheid vir gesamentlike aanbidding bied (Vorster, 1996b:102). Die sakramente gee ook, sê Vorster (1996b:102), geleentheid vir die volle belewenis en spiritualiteit wat juis vir die post-moderne mens so belangrik is (vgl. 2.6).

Opsommenderwys vestig Müller (1988:76-79) die aandag daarop dat:

- **'n sakrament 'n *handeling van God*** is

  Die sakramente is nie iets abstrak waaroor bloot teoreties besin kan word nie. Dit is 'n gebeurtenis wat meegemaak moet word.

- **Sakramente *deelname aan God se beloftes*** is

  Die sakramente vereis 'n totale betrokkenheid soos geen ander godsdienstige handeling nie. Daarom dat die getroue en sinvolle bediening van die sakramente in die erediens 'n belangrike deel vna die antwoord is op die intellektualistiese verskraling van die geloof wat altyd die Gereformeerde kerke bedreig.

- **Sakramente is *gemeenskap met mekaar***

  Die sakramente is primêr kollektief en nie individualisties te verstaan nie. Die doop is byvoorbeeld nie net 'n teken aan 'n enkeling nie, maar aan die hele verbondsgemeenskap. Dit is nie soseer 'n ek-ervaring nie, maar 'n ons-ervaring.

  Sowel doop as nagmaal het 'n sterk kollektiewe karakter. **Daar vind 'n binding plaas, nie net met God nie, maar ook met *mekaar*.**

### 5.5.4.5.1 Doop

Ten opsigte van die doop verwys die skrywer (met betrekking tot die praktyk van kerklike geloofsgemeenskap), na die skrywe van **Noordbrug-lidmaat** in die *Gereformeerde Vroueblad* (Julie 2000):

**Kerk toe en koinonia**

**Noordbrug-lidmaat** skryf die volgende: Ek het nou die Sondag weer opnuut besef. **'n Mens gaan kerk toe, óók om die verbondenheid met jou gemeentelede te ervaar. 'n Mens sit in die kerkbanke óók om die gevoel van koinonia, geloofsgemeenskap, soms byna sigbaar te sien.** Want dié spesifieke oggend kon ons as lidmate getuies wees van die wyse waarop die Here tot ons spreek - ook buite die prediking om. Daardie oggend is die doop bedien aan 'n paartjie wat dertien jaar gewag het vir 'n baba. En hierdie verbondskindjie, die sigbare teken dat die Here voorsien en steeds nuwe lewe skenk, is binnegedra deur die ouma. Sy, reeds afgetakel deur 'n slopende siekte, met die ondersteunende hand van haar man onder haar elmboog, kon ondanks haar siektetoestand hierdie nuwe toegif aan die lewe na die doopvont dra. Hierdie tafelreel was 'n preek, 'n getuienis! En as ek daardie oggend nie in die kerk was nie, het ek mos nie deel gehad aan hierdie sigbare bewyse van God se genade nie!

### 5.5.4.5.2 Nagmaal

Liturgie is maaltyd en die wese van die nagmaal is **communio** tussen God en mens Vos (1999:111,113) 'n *gemeenskapsmaaltyd* Müller (1988:86). Jooste (1957:40,41) onderskei tussen 'n *persoonlike* en 'n *gesamentlike* betekenis van die nagmaal en sê ten opsigte van die gemeenskaplike:

> Die gemeente bestaan weliswaar uit afsonderlike persone maar nie in die sin van 'n klomp los klippe wat naas en teenoor mekaar lê nie. Nee, die gemeente is 'n eenheid in Christus, en juis wanneer die nagmaal bedien word, moet daardie hoër eenheid van die gemeente aan die lig tree.

Die nagmaal is 'n maaltyd van en vir gelowiges (1 Kor. 11). Op grond van hierdie identiteit het mense toegang tot die fees. Gelowiges is nie aan stand, status, geslag, ras of leeftyd gekoppel nie. Die nagmaal is 'n fees van en vir alle gelowiges, klein en groot, ryk en arm (Vos, 1999:114).

In 1 Korintiërs 11:33 staan die opdrag (wat bogenoemde uitgangspunt bevestig - vgl. ook 2.7.4.2.19):

> Daarom, my broers, as julle saamkom om die nagmaal te vier, **wag vir mekaar**.

Die beginsel in 1 Korintiërs 11:33 om mekaar in liefde te ag en vir mekaar tyd en ruimte te maak is huidiglik in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aktueel. Tydens die sewe-en-veertigste Nasionale Sinode (Handelinge, 2000:401) word die volgende (anders as wat in kerke die gebruik was), ten opsigte van die sakramentele handeling geneem:

> Indien kerke om gewigtige redes van gemeenskaplike drinkbekers afwyk, moet dit met verantwoording uit die Skrif gedoen word.

Die volgende aanbeveling word goedgekeur (Handelinge, 2000:401):

> Waar daar in 'n plaaslike kerk alternatiewe weë van Nagmaalsviering binne die gestelde raamwerk mag voorkom, **behoort daar met die liefde van Christus die nodige agting en begrip vir mekaar getoon te word**.

Die verkondiging van God se Woord met onder andere die volgende *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* kan lidmate toerus om mekaar nie oor die alternatiewe gebruik van die nagmaal te etiketteer as "beker" of "kelkie" lidmate nie, maar mekaar juis in liefde te verdra:

- **Wees lief vir mekaar:**
  Rom. 15:7

- **Betoon mekaar eerbied en respek:**
  Rom. 12:10; Gal. 5:15; Ef. 4:25

- **Geduldig met mekaar:**
  Gal. 5:26; Ef. 4:2; Kol. 3:13a

- **Wag vir mekaar:**
  1 Kor. 11:33

Preke met bogenoemde tekste as fokuspunt kan daartoe meewerk dat die gemeente as liggaam van Christus, op grond van *"rustige"* nagmaalsvieringe, in al haar verskillende koinonia-verbande bekend kan staan as:

- 'n Aanbiddende gemeenskap
- 'n Liefdesgemeenskap
- 'n Dienende gemeenskap
- 'n Groeiende gemeenskap
- 'n Feesvierende gemeenskap

Potgieter (1995:140-157).

**Vir verdere afleidings ten opsigte van die betekenis van die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* ten opsigte van die sakramente, vergelyk 5.6.**

## 5.6 'N MOONTLIKE STRATEGIE MET DIE *"MEKAAR"*-OPDRAGTE IN DIE *CORPUS PAULINUM* AS TEOLOGIESE VERTREKPUNT VIR KERKLIKE GELOOFSGEMEENSKAP

Die skrywer sluit in die ontwerp van 'n moontlik bedieningstrategie met die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* as vertrekpunt, direk aan by die praktyk van Grace Community Church te Sun Valley, California. Op 26 Maart 2000 het die skrywer as waarnemer die volgende opgemerk tydens die betrokke Sondag se verrigtinge by die kerkkompleks van Grace Community Church. Genoemde praktyk hierna beskryf, is tydens 'n onderhoud op 29 Maart 2000 met Dr. Wayne A. Mack (lidmaat van genoemde gemeente) bevestig. Die motivering om op voetspoor van Grace Community Church 'n bedieningstrategie voor te stel, is hoofsaaklik omdat genoemde gemeente grootliks daarin slaag om:

- **Sondae** "effektief " tot eer van die Here te "benut".
- Die bedieningstrategie primêr te fokus op **die gemeente as geheel** wat in die **erediens** saamkom.
- Die gemeente se fokus op Skrifgetroue en dus toepaslike **prediking**.

In hoofsaak kom die voorgestelde gemeente - en bedieningstrategie op die volgende neer:

- Die gemeente kom byeen vir die oggenderediens (09:00) waartydens aanbidding en prediking die primêre klem ontvang.

- Ná die oggenderediens verdaag die gemeente, maar gaan nie huistoe nie. Die gemeente is vooraf in verskeie *"fellowship"* groepe ingedeel (nie meer as honderd lidmate nie) afhangend van hoe groot die gemeente is. Dié groepe vergader direk na die oggenderediens onder leiding van 'n ouderling. Genoemde gemeenskapsgroepe *(fellowshipgroups)* fokus op:

❖ Lering vanuit die Woord met die spesifieke doel om mekaar te kan bedien.

❖ Lidmate toe te rus om byvoorbeeld die impak van die *"mekaar"*-opdragte te begryp en te kan toepas gedurende die week.

❖ Mekaar persoonlik (omdat die groep kleiner is) sensitief te maak vir die nood, vreugdes en behoeftes wat gedurende die week mag voorkom.

❖ Gebedsversoeke te formuleer maar ook 'n dokument beskikbaar te stel met name én omstandighede van lidmate. As voorbeeld, vergelyk onderstaande "*Prayer Requests"* wat op 26 Maart 2000 aan lidmate van die *"fellowshipgroup"* van Grace Community Church uitgedeel is:

## Prayer Requests

### SALVATION NEEDS

- Pray for Grandma's relationship with her daughter's walk with the Lord.
- Pray that Mhel Sizemore's loved ones would come to know the Lord.
- Pray for strength for Tony & Diana Howard and that God would work in their son's life.
- Pray for all those whose family members are unsaved. Ask the Lord to use each of us and that he would open the hearts and minds of our loved ones to His glorious salvation. Also pray that He would send Christians into their lives as witnesses.

### PRAISE

- Marilyn Foster, Clayton Erb's secretary, is recovering well from recent back surgery.
- Praise !! "God is our refuge and strength, a very present help in trouble" (Psalm 46:1)

### PERSONAL NEEDS

- Please continue to pray for Eric & Laura Spuur as Eric is still in need of employment.
- Please pray for Ray Mehringer as he heads up a committee to rewrite children's Sunday school curriculum, O.T. survey, grades 1-3.
- Pray for Chet & Jean Mastin, that Chet's remaining days will be a blessed time. They are faithful saints.

### HEALTH NEEDS

- Please continue to pray for Mhel Sizemore's brother, Expedito, who is in a coma in the Philippines.
- Pray for Ken Reeves, a faithful saint in the prayer ministry, who recently suffered a shattered elbow.
- Pray for Debra Rea as she recovers from injury to her ankle.
- Irvin Solt's mother, Claire, has been diagnosed with bone cancer. Please pray for her health and salvation.
- Please pray for Peter & Beverly Montgomery in Atlanta. Beverly has been diagnosed with lung cancer in both lungs. Praise the Lord for needed hospital assistance!
- For Jim Humason's health and that the family will draw nearer to the Lord and each other during this ongoing challenge of cancer.

**MINISTRY OPPORTUNITY**

HOSPITAL VISITATIONS

If any member of Joint Heirs desires a hospital visitation for someone, please contact Steve Watkins (818) 376-1634 or Postor Jim Pile (818) 909-5580.

**MINISTRY CONCERNS**

- Pray for Rick Battenfield as he has accepted the position of senior pastor of Hasland Baptist Church in England.
- **Pray for Mark & Debbie Christopher and for Andre & Antoinette Ferreira as they minister in South Africa.**
- Please keep the pastoral staff at Grace in your prayers, as they are involved in much work for the Lord
- Pray with Vladimir Ryaguzov for Christians in Russia and for the church to train men who can preach truth expositionally.
- For Mark & Barbara Mann and their many counseling and teaching responsibilities as Covenant Home in Tennessee.
- Pray for Rob Provost ministering in Albania, the Vogel family in Italy.

detach here

**PRAYER REQUEST * PRAISE NOTES**

Name ______________________

Address ______________________

Phone ______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

Contact Holly Drew (805) 520-7437 with prayer requests, changes or additions to bulletin.

Na afloop van die sogenaamde gemeenskapsgroepdiens, eet dié lidmate saam en verdaag ongeveer om 15:00.

- Lidmate woon die aanderediens by om 18:30.

- Gedurende die week vergader sogenaamde *"weekgroepe"* wat nog 'n verdere verdeling, van die groep is wat ná die oggenddiens vergader. In die konteks van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika kan die "weekgroep" die wyk wees wat vergader. **Dit is belangrik om daarop te let dat die wyk, op grond van deeglike toerusting (in die erediens maar spesifiek gefokus tydens die *"fellowship service"*) instaat is om werklik broeders en susters vir mekaar te wees.**

5.6.1 **Grafiese voorstelling van 'n moontlike bedieningstrategie met die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* as vertrekpunt vir kerklike geloofsgemeenskap:** (toegepas op lidmate se *koinoniale* aktiwiteite gedurende die week, vgl. die vyfde (v) aspek van genoemde voorstelling ten opsigte van 'n eietydse gemeente: Die Gereformeerde Kerk "Alpha").




(Saamgestel deur P.H.H.)

## 5.7 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKING BY HIERDIE HOOFSTUK

Die volgende voorlopige gevolgtrekkings kan gemaak word:

- Die formulering van 'n missie en visie vir die gemeente blyk belangrik te wees.
- Sowel die missie as die visie behoort met die gemeente gekommunikeer te word.
- Die erediens is vir die vestiging van kerklike geloofsgemeenskap onontbeerlik, dáar die erediens die hartklop van die gemeente is.
- Sinvolle liturgiese handelinge blyk *koinonia* te bevorder.
- Vir die bevordering van kerklike geloofsgemeenskap moet die prediking God aan die woord laat kom.
- Gebed blyk 'n uiters belangrike handeling ter bevordering van geloofsgemeenskap te wees.
- Die besondere betekenis van gemeentesang in die bevordering van *koinonia* dien vermeld te word.
- Sakramente as *"sienhandelinge"* blyk onontbeerlik te wees vir kerklike geloofsgemeenskap.

# HOOFSTUK 6

# BEVINDINGS

Die hoofdoel van hierdie studie is om 'n Prakties-Teologiese ondersoek van die ***"mekaar"***-opdragte in die ***Corpus Paulinum***, met die oog op kerklike geloofsgemeenskap te doen. Die prakties-teologiese model van Zerfass (1974) is bepalend vir die metode van hierdie navorsing (vgl. 1.6).

Om tot 'n finale gevolgtrekking te kom, word in hierdie hoofstuk:

- 'n Samevatting van die gevolgtrekkings soos by hoofstuk 2-5 weergegee;

- Finale gevolgtrekkings geformuleer, met die oog op kerklike geloofsgemeenskap, met die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* as uitgangspunt.

## 6.1 GEVOLGTREKKINGS BY HOOFSTUK 2-5

### 6.1.1 HOOFSTUK 2 (Basisteoretiese Perspektiewe)

6.1.1.1 'n Skrifgefundeerde kerkbegrip blyk belangrik te wees om in dié studie 'n basisteorie daar te stel, (vgl. 2.4) om uiteindelik tot die ontwerp van 'n meer geldige praktykteorie te kan kom.

6.1.1.2 Die kerk is kragtens haar skepping 'n werk van die Gees (vgl. o.a. Hand. 2; NGB Art. 27; vraag en antwoord 54 van die Heidelbergse Kategismus).

6.1.1.3 Die kerk bestaan uit mense wat volgelinge van Jesus Christus is, en die eiendomsvolk van God is. Die gemeente (nuutgemaakte mense) is dus die sigbare teken van die nuwe lewe.

6.1.1.4 'n Basisteorie vir die studie word in die Skrif gevind (vgl. 2.7.4.2), omdat die Skrif die prakties-teologiese vertrekpunt bied ten opsigte van die kerk.

6.1.1.5 Dit blyk dat die metafoor die *"kerk as liggaam van Christus"*, 'n sinvolle vertrekpunt bied vir die verstaan van die *"mekaar"*-opdragte (vgl. 2.5.2).

6.1.1.6 Die ***"groot"*** **indikatief** van die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum*, blyk **Romeine 3:24** te wees:

> **". . . Maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus."**

6.1.1.7 Die ***"groot-mekaar"*** **indikatief** blyk **Romeine 12:5** te wees:

> **"Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar."**

6.1.1.8 Die ***"groot-mekaar"*** **imperatief** blyk **Romeine 13:8** te wees, op grond waarvan twee en dertig tekste, met sewentien *"mekaar"*-opdragte voortvloei:

**"Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit."**

6.1.1.9 Die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* blyk noodsaaklik te wees vir die bevordering van kerklike geloofsgemeenskap (vgl. 2.7.4.2.4 - 2.7.4.2.19).

## 6.1.2 HOOFSTUK 3 (Metateoretiese Perspektiewe)

### 6.1.2.1 Met betrekking tot Psigologie

6.1.2.1.1 Dit blyk dat Psigologie die wetenskaplike bestudering van gedrag is.

6.1.2.1.2 Psigologie blyk 'n *"selfstandige brugwetenskap"* te wees, wat bv. die bevindinge van genoemde vakgebied, toepasbaar kan laat wees vir o.a. die Teologie.

6.1.2.1.3 **Dit wil voorkom as sou mense normaalweg nie sosiaal geïsoleerd lewe nie (vgl. 3.3.1.3).**

6.1.2.1.4 **Psigologies gesproke word beweer dat mense kontak soek met mekaar, en om verskillende redes groepeer (vgl. 3.3.1.3.2 en 3.3.1.3.3).**

6.1.2.1.5 Dit blyk dat 'n groep sekere kenmerke het wat dit van 'n blote versameling van mense onderskei (vgl. 3.3.1.3.3).

6.1.2.1.6 Daar blyk 'n verband te wees tussen menslike gedrag en groepvorming.

6.1.2.1.7 Die klassifikasie van groepe blyk **primêre** en **sekondêre** groepe te wees.

### 6.1.2.2 Met betrekking tot Maatskaplike Werk

6.1.2.2.1 Dit blyk dat op die unieke belewenisse en persepsies van mense gefokus word (vgl. 3.3.2).

6.1.2.2.2 Hulp aan die sogenaamde "Kliënt" in die probleemsituasies, blyk primêr te wees.

6.1.2.2.3 Dit blyk dat in maatskaplike werk 'n persoongesentreerde aanpak met die oog op probleemoplossing gevolg word, (vgl. 3.3.2.3).

6.1.2.2.4 Die belang van sosiologie blyk ook insiggewend te wees, daar op sosiale groepe gefokus word.

### 6.1.2.3 Met betrekking tot Kommunikasiekunde

6.1.2.3.1 Dit blyk dat kommunikasie in die geesteswetenskappe 'n belangrike rol speel (vgl. 3.3.3).

6.1.2.3.2 Die Kommunikasiewetenskappe toenemend invloed op die Teologie uitoefen.

6.1.2.3.3 Die volgende vlakke van kommunikasie kan onderskei word: (vgl. 3.3.3.2)

- interpersoonlike kommunikasie
- groep kommunikasie
- organisatoriese kommunikasie
- massa kommunikasie

6.1.2.3.4 Die moontlike redes vir interpersoonlike kommunikasie blyk te wees om: (vgl. 3.3.3.2.1.1)

- eensaamheid te voorkom
- selfkennis en -insig te bevorder
- selfbeeld te bevorder
- vreugde te bewerkstellig en pyn te minimaliseer

6.1.2.3.5 Die impak van groepkommunikasie blyk te wees: (vgl. 3.3.3.2.2)

- stabiliteit
- doelwitbereiking
- beïnvloeding van die individu se waarde- en normestelsel
- lewensruimte aan die individu te bied.

### 6.1.2.4 Met betrekking tot die Politieke Wetenskap

6.1.2.4.1 Dit wil voorkom as sou verandering die groot realiteit van die huidige tyd en lewe is (vgl. 3.3.4).

6.1.2.4.2 Dit blyk dat die Christen-Afrikaner onteenseglik individualisties is.

6.1.2.4.3 **Afrikanerskap én Afrikanersentiment blyk dikwels 'n groter rol te gespeel het as Christenskap en geloofsentimente** (vgl.3.3.4).

6.1.2.4.4 **Die kerk behoort baie dringender die *"mekaar"* as identiteit van 'n Christen te beklemtoon.**

6.1.3 HOOFSTUK 4 (Metateoretiese Perspektiewe)

6.1.3.1 98,3% van die respondente beskou hulleself as meelewende lidmate van 'n gemeente.

6.1.3.2 **Dit blyk dat respondente nie seker is van die betekenis van meelewendheid nie.**

6.1.3.3 Die begrip "geloofsgemeenskap" dui blykbaar vir respondente op geestelike interaksie tussen mede gelowiges.

6.1.3.4 Respondente voel blykbaar verplig om positief te antwoord met betrekking tot die volg van 'n spesifieke gemeenteprogram ter bevordering van geloofsgemeenskap.

6.1.3.5 **Respondente besef die waarde van kerklike geloofsgemeenskap.**

6.1.3.6 Alhoewel die Afrikaanssprekende respondente nie geloofsgemeenskap as basis vir kleingroepbediening beskou nie, bevestig Engelssprekende respondente (Willow Creek Community Church) dat geloofsgemeenskap juis die basis van kleingroepbediening is.

6.1.3.7 Respondente is hoofsaaklik van mening dat die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* verwys na betrokkenheid van gemeentelede by mekaar en dat dit daarom die basis van kleingroepbediening vorm.

6.1.3.8 **In vergeleke met die ander kerke is die getal "nie-response" van die Gereformeerde Kerke in S.A. ten opsigte van vraag 14, betekenisvol hoër, wat moontlik daarop mag dui dat hierdie respondente tot 'n groter mate onseker is oor die *"mekaar"* tekste as respondente van die ander kerkgroepe.**

6.1.3.9 Fisiese en geestelike ondersteuning van medegelowiges in die gemeente word hoofsaaklik beklemtoon in die betekenis van die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum.*

6.1.3.10 **Respondente van die Afrikaanse kerke plaas die klem op onderlinge geestelike versorging en geestelike betrokkenheid in hulle interpretasie van die *"mekaar"*-opdragte, terwyl die klem deur respondente van Willow Creek Community Church veral op die fisiese versorging van medegelowiges geplaas word.**

6.1.3.11 **Dit blyk dat respondente nie 'n diepgaande kennis van die *"mekaar"*-uitsprake het nie.**

6.1.3.12 Dit blyk dat die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* nie voldoende in die prediking hanteer word nie, sowel as dat lidmate behoefte het dat genoemde tekste groter aandag in die prediking sal ontvang.

6.1.3.13 **Dit blyk dat respondente van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika onseker is oor wat die effek van die prediking met die *"'mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* as uitgangspunt sou wees.**

## 6.1.4 HOOFSTUK 5 (Praktykteoretiese Perspektiewe)

6.1.4.1 Die formulering van 'n missie en 'n visie vir die gemeente blyk belangrik te wees (vgl. 5.4).

6.1.4.2 Sowel die missie as die visie behoort met die gemeente gekommunikeer te word (vgl. 5.4.3).

6.1.4.3 Die **erediens** blyk vir die vestiging van kerklike geloofsgemeenskap onontbeerlik te wees (vgl. 5.5.4.1).

6.1.4.4 **Sinvolle liturgiese handelinge** blyk *koinonia* te bevorder (vgl. 5.5.3).

6.1.4.5 Vir die bevordering van kerklike geloofsgemeenskap behoort die **prediking** God aan die woord te laat kom (vgl. 5.5.4.2).

6.1.4.6 **Gebed** blyk 'n uiters belangrike handeling ter bevordering van geloofsgemeenskap te wees (vgl. 5.5.4.3).

6.1.4.7 Die besondere betekenis van **gemeentesang** in die bevordering van *koinonia* dien vermeld te word (vgl. 5.5.4.4).

6.1.4.8 **Sakramente** as *"sienhandelinge"* blyk onontbeerlik te wees vir kerklike geloofsgemeenskap (vgl. 5.5.4.5).

## 6.2 FINALE GEVOLGTREKKINGS

In die lig van die probleemstelling (vgl. 1.3), en die sentrale teoretiese argument (vgl. 1.5) van hierdie studie, én die studie wat in hoofstuk 2 tot 5 gedoen is, is die finale gevolgtrekkings die volgende:

**6.2.1 *Koinonia* in die Nuwe Testament, (en dus in die *Corpus Paulinum*), is nooit 'n saak van blote sosialisering nie.**

**6.2.2 Daar kan nie van kerklike geloofsgemeenskap (tussen mense) sprake wees sonder in die eerste plek, gemeenskap met die lewende God nie.**

**6.2.3 Die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* is belangrike tekste in die definïering én vir die funksionering van die kerk.**

**6.2.4 Die *"mekaar"* gedagte is 'n basiese vertrekpunt in én vir die verstaan van die evangelie.**

**6.2.5 Die liefdesbeginsel is in die oorweging van die *"mekaar"*-opdragte van primêre belang.**

**6.2.6 Die uitgangspunt vir die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* is dat lidmate mekaar se broers en susters in die Here is, wat beteken dat lidmate opofferend teenoor mekaar moet lewe.**

**6.2.7 Die *"mekaar"*-opdragte is bevele. Om aan die *"mekaar"*-opdragte ongehoorsaam te wees is sonde.**

6.2.8 **Lidmate is onkundig oor die betekenis van die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum*, met betrekking tot die bevordering van kerklike geloofsgemeenskap.**

6.2.9 'n Gemeentestrategie ter bevordering van kerklike geloofsgemeenskap, fokus primêr op die erediens (omdat die *koinoniale* moontlikhede van die erediens haas onuitputlik is). In die erediens (tradisioneel die hartklop van die gemeente) word lidmate onder andere tot diens aan God en mekaar opgeroep en geïnspireer. Deur middel van liturgiese handelinge, as synde dienswerk wat die lidmate in aanbidding tot eer van die Here verrig, vind onder andere die wonder van die prediking plaas. Prediking, as die indra van die Woord in die gemeente, stel die liturg instaat om die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum*, ter bevordering van onderlinge (kerklike) geloofsgemeenskap, aan lidmate te bedien én hulle toe te rus om die praktiese betekenis van genoemde opdragte in hulle lewe toe te pas. Sodoende is die erediens die ruimte waar die teks van die Woord, die teks van die lewe ontmoet en **die gemeenskap met God en met mekaar in die leefwêreld voortgeleef word.** Deur die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* as preektemas te laat dien, kan lidmate tydgerig, aktueel én doelgerig ten opsigte van hulle lewensbestaan toegerus word (vgl. 2.7.4.2.7).

Die toerusting op grond van die prediking realiseer in die week omdat broeders en susters instaat is om mekaar te bedien (vgl. 5.6.1). Prakties kan oorweeg word om "Dienskoördineerders" te benoem (maksimum twee) vir elke spesifieke diens. Byvoorbeeld:

- Dienskoördineerder vir toerusting
- Dienskoördineerder vir gemeentebou
- Dienskoördineerder vir meelewing en ondersteuning
- Dienskoördineerder vir bejaardesorg

- Dienskoördineerder vir inskakeling van nuwe lidmate

Die taak van die Dienskoördineerder is om in geval van byvoorbeeld die ondersteuning van siek lidmate soos volg te werk te gaan:

- Sorg te dra dat hy/sy weet wie in die hospitaal is;

- 'n Lidmaat te identifiseer en dié te versoek om die siek lidmaat te besoek of 'n boodskap van bemoediging bywyse van o.a. 'n telefoonoproep onder die siek lidmaat se aandag te bring;

- Die geïdentifiseerde lidmaat te versoek om self ook nog twee of drie lidmate te vra om dieselfde te doen;

- Vir elke siek lidmaat verskillende lidmate te identifiseer om betrokke te wees.

Sodoende word individue versoek om die *"mekaar"* konkreet te beoefen en word voorkom dat lidmate oordeel dat daar 'n diensgroep is wat meelewing en ondersteuning behartig - dus hoef ek dit nie te doen nie. Op grond van die funksie van die Dienskoördineerder kan meer lidmate as bloot 'n spesifieke diensgroep, die vreugde beleef dat dit beter is om te gee as om te ontvang.

*"Mekaar"* dui op "die een teenoor die ander" (vgl. 2.3.1), as die vergestalting van die liefde van lidmate teenoor mekaar, en nie noodwendig net diensgroepe, sorggroepe, belangegroepe of selfs kleingroepe met aktiwiteite waarby net die lidmate van die spesifieke groep by betrokke is nie.

6.2.10 **Dit is moontlik om, ter bevordering van kerklike geloofsgemeenskap, die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* as uitgangspunt te neem, om kontoere van 'n gemeentestrategie daar te stel** (vgl. 5.6 en 5.6.1).

## 6.3 SLOT

Die finale slotsom oor die navorsingsresultate wat in die studie verkry is, is dat:

- Daar leemtes in die *koinoniale* aktiwiteite van gemeentes bestaan omdat die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* en die betekenis daarvan nie in die praktyk verdiskonteer word nie.

- Die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* op die passie dui wat elke lidmaat behoort te ervaar om die aksent op die daad van die liefde teenoor mekaar te plaas, én prakties toe te pas om sodoende kerklike geloofsgemeenskap *(koinonia)* te bevorder.

## 6.4 TERREIN VIR VERDERE NAVORSING

Enkele onontginde terreine vir verdere studie word aangedui:

- Die betekenis van die *"mekaar"*-opdragte in die *Corpus Paulinum* vir evangelisering.

- Die implikasie van die *"mekaar"*-opdragte met verwysing na die alternatiewe wyse van nagmaalviering in die GKSA.

- Die invloed van die *"mekaar"*-opdragte in die bediening van lidmate wat HIV-positief getoets is.

- Die praktiese implikasies van die *"mekaar"*-opdragte vir die bediening van die terminaalsiek lidmaat en hy/sy se naasbestaandes.

## ABSTRACT

## A PRACTICAL THEOLOGICAL RESEARCH OF THE "*FOR ONE ANOTHER*" COMMANDS IN THE *CORPUS PAULINUM* FOR PURPOSES OF FELLOWSHIP IN THE CHURCH

For many ages people, as members of the church of Jesus Christ on earth, have confessed:

> I believe in a holy, catholic and apostolic Christian church, the communion of saints.......
> (HC, question and answer 54,55)

The communion of saints is without doubt, an essential part of life in a community. Congregations are therefore, more than human institutions - they are divine realities. The author consequently will endeavour in this study to contribute to the practical theological discussion on fellowship in communities, by attempting to provide distinct theological perspectives. By focusing on the *"for one another"* commands in the *Corpus Paulinum*, it may become possible to draw closer to the Biblical vision of what fellowship, as an activity in the practice of members' life, ought to mean.

The aim of this study is to examine the meaning of the *"for one another"* commands in the *Corpus Paulinum,* in view of realising koinonial ministering work of members. When viewed in this light, the central theoretical argument of this study is based on the assumption that deficiencies exist in the *koinonial* activities of communities, because the *"for one another"* commands found in the *Corpus Paulinum,* as well as their meaning, are not being discounted in practice.

This study was conducted with the practical theoretical model of Zerfass as a point of reference in view of

- devising basic theories from the Holy Scripture and theological tradition;
- conducting a literature study and then reviewing and evaluating the subject-matter meta-theoretically;
- doing empirical research based on interviews and a relevant questionnaire;
